**Ons leer van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996)**

Die Grondwet van Suid-Afrika (1996) is die hoogste wet in die land. Hierdie wet is hoër as die President, hoër as die howe en hoër as die regering.

Die Grondwet beskryf hoe die mense van die land mekaar moet behandel, wat hulle regte is en wat hulle verantwoordelikhede teenoor mekaar is. Die Grondwet is daar om ons almal vandag te beskerm en om die kinders van die toekoms te beskerm.

| Onthou ons verlede. | Ons moenie die foute van die verlede herhaal nie. | Ons Grondwet help ons om 'n beter toekoms vir almal te beplan en te bou. |
|---|---|---|

Ons, die mense van Suid-Afrika,

Erken die ongeregtighede van ons verlede;

Huldig diegene wat vir geregtigheid en vryheid in ons land gely het;

Respekteer diegene wat hul beywer het om ons land op te bou en te ontwikkel; en

Glo dat Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons verskeidenheid.

Daarom neem ons, deur ons vryverkose verteenwoordigers, hierdie Grondwet aan as die hoogste reg van die Republiek ten einde—

Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;

Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrondves is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word;

Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit; en

'n Verenigde en demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.



| Maak aanspraak op jou regte as 'n Suid-Afrikaner en beskerm die regte van andere. | Maak seker dat jy die Handves van Regte en Verantwoordelikhede ken. |
|---|---|

*Mag God ons mense beskerm.*

*Nkosi Sikelel' iAfrika. Morena boloka setjhaba sa heso.*

*God seën Suid-Afrika. God bless South Africa.*

*Mudzimu fhatutshedza Afurika. Hosi katekisa Afrika.*

Rainbow WORKBOOKS

ISBN 978-1-4315-0115-1

AFRIKAANS HOME LANGUAGE
GRADE 6 – BOOK 2
TERMS 3 & 4
ISBN 978-1-4315-0115-1
14th Edition
THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.


*Werkboeke beskikbaar in hierdie reeks:*

- *Graad R (in al die 11 amptelike tale);*
- *Huistaal Graad 1 tot 6 (In al die 11 amptelike tale);*
- *Wiskunde Graad 1 tot 3 (In al die 11 amptelike tale);*
- *Wiskunde Graad 4 tot 9 (In Afrikaans en Engels);*
- *Lewensvaardigheid Graad 1 tot 3 (In al die 11 amptelike tale);*
- *Engels Eerste Addisionele Taal Graad 1 tot 6.*

AFRIKAANS HUISTAAL – Graad 6 Boek 2

ISBN 978-1-4315-0115-1

Hersien volgens die KABV



Graad 6

# AFRIKAANS HUISTAAL

Boek 2
Kwartaal 3 & 4


Naam:

Klas:

basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



Mev. Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys



Dr. Reginah Mhaule, Adjunkminister van Basiese Onderwys

*Hierdie Werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, dr. Reginah Mhaule.*

*Die Reënboog-Werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie en is moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie Werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.*

*Ons hoop dat u as onderwyser hierdie Werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die Werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.*

*Ons hoop van harte dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.*

*Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie Werkboeke toe.*

# Die skryfproses



## Beplan

**Kies jou onderwerp. Gesels met jou groep om idees te kry. Gebruik 'n geheuekaart om jou gedagtes oor die intrige, die karakters en die agtergrond te orden.**

## Eerste weergawe

**Skryf jou eerste weergawe. Dink oor wie jou lesers gaan wees, hoe jou struktuur moet lyk en wat jy in elke paragraaf wil sê.**

## Hersien

**Lees die eerste weergawe krities deur, en vra jou klasmaats en onderwyser om dit te korrigeer.**

## Redigeer

**Gaan die spelling en punktuasie van jou eerste weergawe na. Bring die laaste korreksies aan.**

## Publiseer

**Skryf jou finale weergawe netjies neer.**

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Fourteenth edition 2024

ISBN 978-1-4315-0115-1

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

**This book may not be sold.**

Graad 6

Rainbow WORKBOOKS

# Huistaal

## IN AFRIKAANS

Hierdie boek behoort aan:



AFRIKAANS

Boek 2

# RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK VAN HIERDIE WERKBOEK

Gebruik hierdie Werkboek saam met u ander hulpbronne. Raadpleeg die KABV vir die Intermediêre Fase.

Dit is vir ons aangenaam om hierdie Werkboek vir Huistaal in die Intermediêre fase aan u beskikbaar te stel.

In die Intermediêre Fase behoort leerders die basiese interpersoonlike kommunikasievaardighede wat hulle in sosiale situasies nodig het, asook die kognitiewe akademiese vaardighede wat hulle vir leer oor die hele kurrikulum heen nodig het, te ontwikkel.


Ons hoop dat hierdie Werkboek vir u van waarde sal wees terwyl u leerders help om hierdie vaardighede te ontwikkel.

Die Werkboek is volgens die tweeweeklikse siklusse van die KABV georganiseer. U sal 'n oorsig van wat in elke tweeweeklikse siklus gedek sal word, op bladsy 1, 35, 69 en 103 van hierdie Werkboek aantref. Elke tweeweeklikse siklus dek die volgende vier taalvaardighede:




**1 Luister en praat (mondeling) – 2 uur per siklus**

Leerders moet voldoende geleentheid kry om hulle luister- en praatvaardighede te ontwikkel ten einde hulle in staat te stel om inligting in te samel, probleme op te los en idees en menings uit te druk. Die Werkboek bevat 'n aantal praat- en luisteraktiwiteite wat u kan uitbrei om seker te maak dat leerders genoeg mondelinge oefening kry.




**2 Lees en kyk – 5 uur per tweeweeklikse siklus**

Die KABV vereis dat leerders tydens elke tweeweeklikse siklus spesifieke tekste en genres moet lees. Dit sluit die volgende in: kortverhale, volksverhale, persoonlike vertellings, briewe, e-posse, dagboekinskrywings, toneelstukke, koerantberigte, tydskrifartikels, radio-onderhoude, gedigte, oorredende tekste, advertensies, instruksies, aanwysings en prosedures. Daarbenewens skryf die KABV voor dat leerders inligtingstekste met visuele elemente moet lees: kaarte, tabelle, diagramme, breinkaarte, weerkaarte, plakkate, kennisgewings, prente en grafieke. U sal 'n goeie verskeidenheid van hierdie tekste in die Werkboek aantref.

Die KABV spesifiseer 'n leesproses bestaande uit pre-lees-, lees- en post-leesstadia. 'n Bruikbare grafiese uiteensetting van die leesproses verskyn op die omslag van hierdie boek.





**3 Skryf en aanbied – 4 uur per tweeweeklikse siklus**

Die KABV skryf voor dat leerders gereeld die geleentheid moet ontvang om te oefen hoe om tekste in verskillende kontekste te skryf. Die Werkboek voorsien 'n aantal verskillende skryfraamwerke en grafiese organiseerders waarbinne leerders geskrewe, visuele en multimediatekste kan aanbied. U sal 'n grafiese uiteensetting van die skryfproses op die omslag van hierdie boek aantref.




**4 Taalstrukture en -konvensies – 1 uur per tweeweeklikse siklus**

Die KABV voorsien 'n lys taalstrukture en -konvensies (-items) wat in elke graad gedek behoort te word. Die Werkboek sluit spesifieke oefeninge vir elk van die tweeweeklikse siklusse in. Hierdie aktiwiteite bevat meesal notas waarin die taalkonvensies verduidelik word.




Raadpleeg asseblief die Werkboekopleidingshandboek.

# Inhoud

## Tema 5: Feit en fiksie

Kwartaal 3: Week 1 - 4


### Week 1 – 2: Stories en berigte

65 Die seun wat sy talent gaan soek het 2

Voorspel aan die hand van die titel en prente wat in 'n storie gaan gebeur.
Lees 'n storie.
Beantwoord meerkeusevrae op grond van die teks.
Som die hoofidees op.
Beantwoord skriftelike vrae op grond van die teks.
Voorsien en motiveer sy of haar eie perspektief.

66 Charl soek verder 4

Lees die tweede deel van die storie.
Beantwoord meerkeusevrae op grond van die teks.
Identifiseer sinonieme in twee werkkaarte.
Beantwoord vrae in groepverband.
Voorsien en motiveer haar of sy eie perspektief.
Skryf 'n dagboekinskrywing op grond van die storie.

67 Ons skryf 'n verslag 6

Beplan 'n koerantberig aan die hand van 'n raamwerk.
Identifiseer die hoofgedagte en die probleem van die storie.
Plaas die gebeure in die korrekte volgorde
Skryf 'n verslag oor die Julievakansie.

68 Verskillende soorte werkwoorde 8

Identifiseer hoof- en hulpwerkwoorde.
Hersien sinsleer.
Identifiseer woordsoorte.
Gebruik die lydende en bedrywende vorm.
Vertel 'n storie in die korrekte volgorde.

69 'n Koerantberig 10

Voorspel aan die hand van die opskrif en illustrasies waaroor 'n berig handel.
Lees die koerantberig.
Beantwoord vrae op grond van die berig.
Som die berig op.
Identifiseer die hoofgedagte van elke paragraaf.
Maak 'n gevolgtrekking en gee dit weer.

70 Spelling en spelpatrone 12

Hersien meervoudvorming.
Speel die spelreëlspeletjie.

71 Nelson Mandela gaan hoërskool toe 14

Voorspel volgens die opskrif en illustrasies waaroor die teks handel.
Lees 'n uittreksel uit 'n outobiografie deur Nelson Mandela.
Identifiseer woorddele, afleidings en samestellings.
Identifiseer afkortings, akronieme en verkortings.
Hervertel die outobiografie.
Stel 'n tydlyn van die gebeure op.

72 Kom ons skryf 'n storie 16

Stel 'n geheuekaart oor hoogtepunte uit eie lewe op.
Skryf 'n dagboekinskrywing daaroor.

### Week 3 – 4: Volksverhale

73 Jabu en die leeu 18

Voorspel volgens die titel en illustrasies waaroor die storie handel.
Lees 'n Zulu-volksverhaal.
Bespreek vrae op grond van die fiktiewe teks.
Spreek 'n mening uit.
Beplan in groepverband 'n einde vir die storie.
Rolspeel die storie.

74 Jabu hoor die leeu se gebrul 20

Soeklees die teks om meerkeusevrae te beantwoord.
Nommer die prentjies in die korrekte volgorde.
Skryf 'n beskrywende sin oor elke prent.
Soek in die teks sinonieme en antonieme vir bepaalde woorde.
Identifiseer die korrekte homofone.

75 Wat het met die leeu gebeur? 22

Lees die tweede deel van die volksverhaal.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Identifiseer die sedeles van die storie.
Spreek sy of haar eie perspektief uit.
Motiveer sy of haar antwoorde.

76 Kom ons dink na oor die storie 24

Skryf 'n opsomming van die volksverhaal.
Beskryf die karakters.
Skryf beskrywende sinne oor prente.
Identifiseer sinne wat nie inpas nie.
Nommer die oorblywende sinne in die korrekte volgorde.

77 Dink na oor die karakters 26

Voorsien byvoeglike naamwoorde om die leeu en Jabu te beskryf.
Skryf paragrawe oor die leeu en oor Jabu.
Beskryf die karakter van iemand wat hy of sy ken.

78 Werk met sinne 28

Hersien sinsvorming.
Identifiseer sinsdele.
Vul die korrekte vorme van werkwoorde in.


79 'n Vriendskaplike brief 30

Luister na die voorlesing van 'n vriendskaplike brief.
Skryf 'n vriendskaplike brief volgens die korrekte formaat.

80 Voeg hulle saam 32

Hersien voegwoorde.
Gebruik voegwoorde om saamgestelde sinne te vorm.
Gebruik die bedrywende en die lydende vorm.
Identifiseer afkortings, akronieme en verkortings.
Identifiseer woorddele, afleidings en samestellings.

Kontrolelys 34

# 65 Die seun wat sy talent gaan soek het




Voorspel wat gaan gebeur deur na die titel en prente van die storie te kyk.

**Voordat jy lees**

- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**

- Vergelyk jou voorspellings met die teks.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.




Hierdie storie strek oor twee werkkaarte.



Dit is Julie 2015 en die begin van die skoolvakansie. Charl, wat in Limpopo woon, is besig om groente in die gemeenskapstuin oorkant sy huis te plant. Toe hy opkyk, sien hy sy maat Dingani verbydraf.

“Haai, Dingani. Wat gaan jy gedurende die skoolvakansie doen?” vra Charl.

“Ek is die kaptein van die skool se sokkerspan, en ons gaan elke dag oefen vir die groot toernooi,” antwoord Dingani. “Ek dink ons kan hierdie jaar wen!”

“Sjoe, dis koel!” antwoord Charl.

Toe Dingani verder draf, **mompel** Charl vir homself: “Ek wens ek was deel van 'n sokkerspan. Ek gaan nou begin oefen.”

Die volgende week sluit Charl by Dingani aan om sokker te gaan oefen. Hy speel saam met die span, maar dit gaan nie baie goed met hom nie. Hy struikel oor sy eie voete, en hy kry dit selfs reg om 'n doel vir die ander span aan te teken.

Aan die einde van die wedstryd besef Charl dat sokker nie sy spel is nie. Hy stap **sleepvoetend** huis toe en gaan soek troos in die tuin.

Net toe sien hy Jan verbystap. “Haai, Jan!” roep hy. “Wat gaan jy die vakansie doen?”

“Ek is in die kerkkoor,” antwoord Jan. “Ek gaan elke dag ons sangoefening bywoon. Ons is besig om vir 'n groot konsert te oefen.”

Charl sug. “Ai, ek wens ek kon sing,” dink hy. Al sy maats is met sulke lekker dinge besig, terwyl hy sy vakansie in die tuin deurbring.

(Bron: *Sample prePIRLS questions and scoring guides*, verwerk)

Datum:




Beantwoord hierdie vrae deur die korrekte letters te omkring.




Nuwe woorde

Die storie sê dat Charl na die sokkeroefening "sleepvoetend" huis toe gestap het.

**Wat sê dit vir jou oor hoe Charl gevoel het?**

| | |
|---|---|
| A | Hy wou dans. |
| B | Hy was 'n bietjie moedeloos. |
| C | Hy was senuweeagtig. |
| D | Hy wou in die tuin werk. |



**Waar was Charl aan die begin van die storie?**

| | |
|---|---|
| A | In die gemeenskapstuin |
| B | By die skool |
| C | Op die sokkerveld |
| D | Op straat |



Skryf twee sinne wat vir ons sê dat Charl gewens het hy het dieselfde talente as sy maats.

Skryf twee lawwe goed neer wat Charl gedoen het toe hy sokker probeer speel het.

Wat is Jan se planne vir die skoolvakansie?

Hoe het Charl oor tuinmaak gevoel nadat hy met Jan gesels het?


Som die hoofgedagte van die storie in jou eie woorde op.



ONDERWYSER: Teken Datum

# Charl soek verder





Ons lees

'n Paar weke later sien Charl 'n pamflet wat jongmense nooi om by 'n nuwe sanggroep aan te sluit. Dadelik besluit hy om te gaan uitvind of hy goed genoeg is. Maar terwyl hy sing, begin sy stem te kraak en te piep. Een van die beoordelaars trek 'n skewe gesig, en toe weet Charl hy sal nie gekies word nie.

Charl stap met **hangskouers** terug huis toe en gaan reguit na die tuin toe. "Al my maats het spesiale talente," dink hy. "Ek wens daar was iets wat ek regtig goed kon doen." Die res van die skoolvakansie hou Charl aan om te soek na sy **talent**, en elke keer stap hy moedeloos terug huis toe om tyd in die tuin deur te bring.

Teen die einde van die vakansie sien Charl weer sy maats Dingani en Jan. "Hoe het dit met die groot sokkertoernooi gegaan?" vra hy vir Dingani.

"Ons het gewen!" antwoord Dingani.


"En hoe was die konsert?" vra Charl vir Jan.

Dit vind môre plaas," antwoord Jan. "Maar ons koor het regtig hard werk, en ek gaan 'n **solo** sing!"

"Veels geluk," sê Charl vir hulle. "Ek wens ek het iets gehad waarop ek trots kon wees."

"Jy maak seker 'n grap?" vra Jan. "Kyk hoe groot is die groente in jou tuin! Dit lyk so smaaklik en gesond! Elke keer wanneer ek iets probeer kweek, word dit bruin en gaan dood. Ek wens ek het jou hand met 'n plant gehad."

"Regtig?" antwoord Charl. "Ek het nooit aan tuinmaak as iets besonders gedink nie." Hy glimlag. "Waarom kom julle nie albei môre saam met my Dingani se sokkeroorwinning vier nie? Kom sommer vir aandete. Ons sal vars groente uit my tuin eet, en dan kan ons Jan se konsert bywoon!"



Ons skryf

Hoe weet jy dat Dingani se span goed sokker speel?


Beantwoord hierdie vrae deur die korrekte letter te omkring.

**Wat het Jan vir Charl aan die einde van die storie help besef?**

| | |
|---|---|
| A | Dat daar reeds iets is wat hy goed doen. |
| B | Dat hy goed sokker speel. |
| C | Dat tuinmaak harde werk is. |
| D | Dat sy maats meer talentvol is as hy. |

**Waarom het Charl sy vriende oorgenoooi vir aandete?**

| | |
|---|---|
| A | Om die einde van die somer te vier. |
| B | Om sy talent asook hulle s'n te vier. |
| C | Om sokker te speel. |
| D | Om hulle te leer hoe om tuin te maak. |



Datum:


Ons skryf

Kyk na die storie "Die Seun wat sy Talent gaan Soek het", en soek **sinonieme** (woorde met dieselfde betekenis) vir die volgende:

| | |
|---|---|
| met trae treë (in werkkaart 65) | |
| prewel (in werkkaart 65) | |
| wanneer iemand alleen sing (in werkkaart 66) | |
| 'n buitengewone vermoë (werkkaart 66) | |
| 'n baie spesiale vermoë (werkkaart 66) | |
| | |



Aan watter aktiwiteite het Charl probeer deelneem?



Ons praat

- Hoe het Charl gevoel toe hy nie een van die aktiwiteite kon regkry nie?
- Het jy al ooit so gevoel?
- Hoe het Charl gevoel toe hy besef dat hy 'n talentvolle tuinier is?

Ons skryf

Maak asof jy Charl is en skryf 'n dagboekinskrywing waarin jy opsom hoe jy gevoel het toe jy ontdek het dat jy tog 'n talent het.

Die dagboekinskrywing moet die volgende bevat:

- die datum
- jou eerstepersoonvertelling
- die korrekte volgorde van die gebeure
- saamgestelde sinne

Volg die **skryfproses**: • **Beplan** jou skryfwerk in jou klaswerkboek deur 'n breinkaart te gebruik. • Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. • Laat 'n maat jou werk **hersien.** • **Korrigeer** spelfoute en punktuasie. • Skryf jou **finale weergawe** hier vir publikasie.

Liewe dagboek Datum

ONDERWYSER: Teken Datum

# Ons skryf 'n verslag







Kyk weer na die storie van "Die Seun wat sy Talent gaan Soek het" en bespreek hierdie vrae. Beplan en skryf dan 'n verslag (koerantberig) oor die gebeure van die storie.

- ❖ Wat is die titel van die storie?
- ❖ Wie is die hoofkarakters?
- ❖ Waar speel die storie hom af?
- ❖ Wanneer speel die storie af?
- ❖ Wat is die probleem in die storie?
- ❖ Word die gebeure in chronologiese volgorde beskryf?

Volg die **skryfproses:** • **Beplan** jou verslag (koerantberig) deur die vrae te beantwoord. • Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. • Laat 'n maat jou werk **hersien.** • **Korrigeer** spelfoute en punktuasie. • Skryf jou **finale weergawe** op bl. 7.

Wat noem ons 'n persoon wat koerantberigte skryf? Gee ook 'n sinoniem vir die woord.

Antwoord: verslaggewer/joernalis




Beplan jou verslag (koerantberig) deur hierdie vrae te beantwoord.

Wat gaan die opskrif van jou verslag (koerantberig) wees?

______________________________

______________________________

Wie is die hoofkarakters?

______________________________

______________________________

______________________________

Waar en wanneer speel die gebeure hulle af?

______________________________

______________________________

Wat is die **hoofgedagte** en die **probleem** van die storie?

______________________________

______________________________

______________________________

Plaas die gebeure in die korrekte **volgorde** deur die sinne van 1 tot 6 te nommer.

| | |
|---|---|
| | Charl voel moedeloos omdat hy geen spesiale talent het nie. |
| | Gedurende die Julievakansie werk Charl in die gemeenskapstuin. |
| | Later praat hy met Jan en word hy gemotiveer om aan oudisies vir 'n sanggroep deel te neem. Hy slaag egter ook nie daarin nie. |
| | Jan wys Charl daarop dat hy wel 'n spesiale talent het – die vermoë om buitengewone groente en vrugte te kweek. |
| | Hy gesels met Dingani en probeer sokker speel, maar hy vaar nie goed nie. |
| | Die drie seuns vier hulle talente en suksesse tydens 'n aandete. |

Skryf nou jou **verslag (koerantberig)** oor die gebeure van die Julievakansie.


Naam van koerant

Opskrif van verslag

Verslaggewer (jou naam) Datum

Gebeure in chronologiese volgorde


# 68 Verskillende soorte werkwoorde



Ons skryf

Onderstreep die hoofwerkwoorde met rooi en omkring die hulpwerkwoorde met blou.

| |
|---|
| Charl gaan die hele vakansie in die gemeenskapstuin werk. |
| Dingani kan baie goed sokker speel. |
| Charl wou baie graag sy spesiale talent ontdek. |
| Charl het moedeloos gevoel. |
| Jan moes 'n solo sing. |
| Jan oortuig Charl dat hy sy talent moet beoefen. |
| Die drie seuns gaan hulle talente en suksesse môre vier. |



**Kyk uit na werkwoorde:**

1. Hoofwerkwoorde is die aksie- of doenwoorde wat in sinne voorkom.
2. Hulpwerkwoorde vertel ons meer aangaande die hoofwerkwoorde, bv. sal, moet, kan, mag, sou, moes, wou en kon. Daar is drie soorte:
   - Hulpwerkwoorde van **tyd**: het.
   - Hulpwerkwoorde van **wyse**/**modaliteit**: sal/sou en wil/wou.
   - Hulpwerkwoorde van **vorm** word gebruik om die lydende/passiewe vorm uit te druk: Die appel word geëet; Die appel is geëet.

**Ons hersien sinsleer:**

Sin = onderwerp (wie) + gesegde (werkwoord/-stuk) + voorwerp (wie/wat), bv.

- Die seuntjie (onderwerp) gooi (werkwoord) die bal (voorwerp).
- Die seuntjie (onderwerp) het die bal (voorwerp) gegooi (werkwoordstuk).

**Ons ontleed sinne:**

'n **Enkelvoudige sin** het 'n net **een** gesegde.
'n **Saamgestelde sin** het altyd **twee of meer** gesegdes (werkwoorde/-stukke).

Onderstreep die onderwerp in elke sin met rooi en die voorwerp met blou. Omkring die gesegde (werkwoord/e of -stukke). Dui dan aan (✓)of dit 'n enkelvoudige of saamgestelde sin is.

| Sin | Enkelvoudig | Saamgestel |
|---|---|---|
| Charl werk in die groentetuin. | | |
| Dingani het sokker gaan speel en hulle het gewen. | | |
| Jan sing in die koor en is gekies om 'n solo te sing. | | |
| Charl het mismoedig gevoel. | | |
| Jan wys Charl daarop dat hy unieke talente het. | | |

Datum:

# Lydende en bedrywende vorm

❖ In die **bedrywende vorm** is die sin in sy basiese vorm soos dit in die gewone skryf- en spreektaal voorkom: **onderwerp** + **gesegde** + **voorwerp**, bv. **Die seun gooi die bal**.

❖ In die **lydende vorm** vorm ruil die onderwerp en die voorwerp om.
- Die bal word deur die seun gegooi. (teenwoordige tyd)
- Die bal is deur die seun gegooi. (verlede tyd)
- Die bal sal deur die seun gegooi word. (toekomende tyd)

Onderstreep die onderwerp in elke sin met rooi en die voorwerp met blou. Skryf die sinne in die bedrywende vorm dan in die lydende vorm oor.

Hy kweek groente.

Dingani het 'n doel aangeteken.

Jan gaan 'n solo sing.

Charl maak kos.

Hy sing 'n liedjie.

Ons skryf

Vertel die storie van Charl in die korrekte volgorde oor. Gebruik die woorde **eers**, **toe**, **daarna**, **later** en **uiteindelik**.

# 'n Koerantberig



Ons praat

Kyk na die opskrif en illustrasies van die koerantberig, en voorspel waaroor die koerantberig handel.

Ons lees

# KINDERNUUS

## Skoolseun (9) ontdek per toeval die eerste mens

Deur Tobie du Preez 15 Augustus 2015

WIEG VAN DIE MENSDOM, Suid-Afrika - Die negejarige Matthew Berger het een sonnige oggend hier by Maropeng saam met sy hond, Tau, deur die hoë gras gehardloop. Hy het oor 'n stomp geval en toevallig 'n belangrike argeologiese vonds gedoen. "Pa, ek het 'n fossiel gekry!" het Matthew vir sy pa, dr Lee Berger, geskree. Dr Berger was al 20 jaar lank besig om geraamtes van ons antieke menslike voorsate te soek.

In sy hand het die jonge Matthew die oorblyfsel gehou van 'n seun wat 1,27 meter lank was en net 'n paar jaar ouer as Matthew toe hy dood is. Toe dr Berger nader kom om te kyk waarom Matthew hom roep, was hy verstom om te sien sy seun staan met die sleutelbeen van 'n hominied in sy hand. "Ek kon dit nie glo nie! Ek was skoon duiselig," het Dr Berger later gesê. "Ek was byna dood (van verbasing)."

Ons gebruik blokhakies [soos dié] wanneer ons iets byvoeg by iemand se woorde om die sin te voltooi.


Dr Berger en sy medenavorsers van die Universiteit van die Witwatersrand in Johannesburg het sedertdien nog dele van die seun se skelet gekry, insluitende sy skedel. Hulle dink dit is moontlik dat hy en sy gesin water gesoek het en dat diere wat op jag was hulle tot op 'n nou lysie gedwing het, van waar hulle hulle in 'n skag van tussen 30 en 45 meter diep dood geval het.

Dr Berger en 'n span wetenskaplikes sê die fossiel wys dat die seun aan 'n hominiede spesie



behoort het. Hominiede is die voorsate van menslike wesens en ander nabye verwante van die menslike ras.

Die wetenskaplikes het die spesie Sediba gedoop (dit is 'n Sotho-woord wat fontein of fonteinwater beteken). Die spesie het regop op hulle lang bene geloop, maar nog in bome gelewe. Hulle het dieselfde kleinerige tande en gesigsvorm as die moderne mens gehad, maar die voete was primitief en die brein baie klein. Wetenskaplike studies het getoon die Sediba-spesie het tussen 1,78 miljoen en 1,95 miljoen jaar gelede gelewe.




Datum:



Ons skryf

Voltooi die onderstaande tabel na aanleiding van die koerantberig.




| | |
|---|---|
| Wat is die naam van die koerant? | |
| Wat is die opskrif van die koerantberig? | |
| Wie is die verslaggewer? | |
| Wat is die datum van publikasie? | |
| Som die berig in een sin op. | |
| Nommer die 5 paragrawe van die berig. Skryf die hoofidee (kerngedagte) van elke paragraaf neer. | |
| Paragraaf 1 | |
| Paragraaf 2 | |
| Paragraaf 3 | |
| Paragraaf 4 | |
| Paragraaf 5 | |
| In watter opsigte was die Sediba-spesie soos mense? | |
| Hoe het die spesie van mense verskil? | |
| Gee jou eie mening (perspektief) rakende die berig. Dink jy daar was 'n Sediba-spesie? Motiveer jou antwoord. | |



ONDERWYSER: Teken Datum

# Spelling en spelpatrone





Ons hersien

Kom ons kyk weer na hoe meervoude gevorm word.

| Kort klanke | Lang klanke | Tweeklanke |
|---|---|---|
| Die medeklinker aan die einde van die woord verdubbel en die woord kry 'n "-**e**" by, bv. kat – kat**te**. | Een van die klinkers in die middel val weg en die woord kry 'n "-**e**" by, bv. boom – bo**me**. | Ons voeg 'n -e of 'n -s by, bv. boek – boek**e**, seun – seun**s**. **Onthou**: Daar is altyd uitsonderings op elke reël. |

## Die spelreëlspeletjie

**Reëls**

1. Plaas jou merker aan die begin.
2. Gooi die dobbelsteen en skuif jou merker die aantal plekke aan wat op die dobbelstaan aangedui word.
3. Omkring die korrekte spelling van die **meervoud**.
4. Gaan jou antwoord onder aan bladsy 13 na.
5. Indien jy verkeerd is, slaan jy 'n beurt in die volgende rondte oor, d.w.s jou maat kan twee keer gooi indien sy of haar antwoord reg was.
6. Indien jy op 'n blok land wat reeds beantwoord is, skuif jou merker agteruit totdat jy 'n blok bereik wat nog nie beantwoord is nie, en beantwoord dan daardie blok.
7. Die leerder wat nommer 35 die eerste bereik, is die wenner.

**BEGIN**

1 Matthew het saam met sy **hondde**/**honde** gaan stap.

2 Hy het oor **stompe**/**stomps** geval.

3 Ek het **fossiele**/**fossiels** gekry.

4 Matthew het oorblyfsels in sy **handde**/**hande** gehad.

5 Verbeur 'n beurt.

6 Die **seune**/**seuns** hou daarvan om in die veld te stap.

7 Hy het twee **sleutelbene**/**sleutelbenne** vasgehou.

8 Hulle het nog dele van die **skelete**/**skelette** gekry.

9 Daar word vermoed **diere**/**dierre** het hulle gejaag.

10 Skuif 2 plekke terug en verbeur 'n beurt.

11 Die wetenskaplike **spane**/**spanne** sê die fossiel behoort tot die hominiede spesie.

12







Datum:

Hulle het kleinerige **tande**/**tandde** gehad.

13 Die **wetenskaplikes**/**wetenskaplikkes** het die spesie Sediba gedoop.

14 Die spesie het nog in **bomme**/**bome** gelewe.

15 Gooi weer.

16 Die Sediba-spesie se **voette**/**voete** was primitief.

17 Hulle het regop op hulle lang **beene**/**bene** geloop.

18 Hulle het nie **hemde**/**hempte** gedra nie.

19 Daar was nie **padde**/**paaie** nie.

20 Verbeur 'n beurt.

21 Hulle het baie **kindere**/**kinders** gehad.

22 Die Sediba-spesie was **boere**/**boerre**.

23 Hulle het **skaape**/**skape** aangehou.

24 Die Sediba-spesie het nie in **huisse**/**huise** gewoon nie.

25 Neem 3 beurte na mekaar.

26 Saans het hulle om **vuure**/**vure** gekuier.

27 Die Sediba-spesie het 2 **ooge**/**oë** gehad.

28 Hulle het daarvan gehou om in die **skadus**/**skadu's** te sit.

29 Hulle was bang vir **wolfe**/**wolwe**.

30 Verbeur 'n beurt.

31 Hulle het nie geweet van **skepe**/**skippe** nie.

32 Hulle het uit groot **families**/**familieë** bestaan.

33 Hulle het **bokke**/**boks** gejag vir voedsel.

34 **Koerantberigte**/**koerantberigtte** is op die weklikheid gebaseer.

35 **Jy is die wenner!**









1.honde, 2.stompe, 3.fossiele, 4. hande, 6. seuns, 7. sleutelbene, 8. skelette, 9. diere, 11. spanne, 12. tande, 13. wetenskaplikes, 14. bome, 16. voete 17. bene, 18. hemde, 19. paaie, 21. kinders, 22. boere, 23. skape, 24. huise, 26. vure, 27. oë, 28. skadu's, 29. wolwe, 31. skepe, 32. families, 33. bokke, 34. koerantberigte

ONDERWYSER: Teken Datum

# Nelson Mandela gaan hoërskool toe





Ons praat


Voorspel volgens die opskrif en illustrasies waaroor hierdie teks handel.




Hierdie storie is gebaseer op die <u>outobiografie</u> deur Nelson Mandela. 'n Outobiografie is 'n storie wat iemand oor sy of haar eie lewe skryf. Ons het dit verkort en makliker gemaak om te lees.



Ons lees




Een nag toe ek <u>nege</u> jaar oud was het ek 'n **beroering** in ons huishouding gehoor. Ek het my pa in my ma se hut aangetref waar hy besig was om onophoudelike te hoes. Later het ek uitgevind dat hy aan 'n ernstige **longsiekte** gely het. Kort hierna is my pa oorlede, en het my lewe radikaal verander. Ek moes by my oom gaan bly. Hy sou vir my sorg en toesien dat ek skoolgaan. Ek het my paar besittings ingepak, en saam met my ma na my nuwe huis toe geloop.



Dit was vir my swaar om Qunu te verlaat. Ek het **omgedraai** en vir oulaas gekyk na die huis waar ek so gelukkig was. Ek het na die hutte gekyk, en na die mense wat met hulle dagtake voortgegaan het. Ek het die stroompie gesien, waar ek saam met die ander seuns geplas en gespeel het. My oë het tot rus gekom op die drie hutte waaruit ons tuiste bestaan het. Ek kon myself glad nie voorstel hoe my nuwe toekoms gaan wees nie.

Ek het by my oom Jongi in Mqhekezweni, 'n dorpie daar naby, gaan woon. Hy was ook my pa se beste vriend. Ek het Qunu en my familie gemis, maar ek het 'n goeie lewe by oom Jongi gelei. Ek het met sy seun, Justice, gespeel, en ons het baie pret saam gehad. My oom het my soos sy eie kind behandel. Ek het 'n eenvertrekskooltjie daar naby bygewoon en Engels, Xhosa, Wiskunde, Geskiedenis en Aardrykskunde geleer. Ek het goed gevaar op skool, omdat ek baie hard gewerk het en my tante saans my **huiswerk** nagegaan het.




Toe ek <u>sestien</u> geword het, het Oom Jongi my na die Clarkebury-skool toe gestuur. Net soos my pa het my oom geglo dat opvoeding baie belangrik is.

Clarkebury was 'n baie groter en beter skool as Mqhekezweni. Die skool het bestaan uit 'n groep van ongeveer twee dosyn geboue in die koloniale styl.

Op my eerste skooldag het ek my nuwe stewels aangetrek. Terwyl ek oor die blink houtvloer van die klaskamer ingekletter het, het ek opgemerk dat twee meisies in die voorste ry my flou vertoning geamuseerd dophou. Later het ek een van daardie meisies goed leer ken, en het sy my beste vriendin by Clarkebury geword.

Ek het gou by my nuwe lewe by Clarkebury aangepas. Ek het so dikwels as moontlik aan sport deelgeneem, alhoewel ek gemiddelde prestasies behaal het. Die meeste van my klasmaats kon vinniger as ek hardloop en het beter as ek in die klas presteer. Ek het baie gehad om in te haal.



Ná my wankelrige begin het ek agtergekom hoe dinge werk en kon ek vinniger begin vorder. Ek het die junior sertifikaat (graad agt tot tien) binne twee jaar, in plaas van die gebruiklike drie jaar, voltooi. Ek het die reputasie gekry dat ek ’n uitstekende geheue het, maar eintlik was ek net ’n harde werker.

Op die ouderdom van <u>een-en-twintig</u> het ek by die Fort Hare-universiteitskollege gaan studeer. Dit is egter stories vir ’n ander keer.






Onthou jy nog hoe woorde gevorm word? Ons kry:
- **Basiswoorde**
- **Afleidings** (basis + voorvoegsel en/of agtervoegsel, en/of verbindingsklank)
- **Samestellings** (basis + basis)

Die woorde hieronder kom uit die outobiografie, “Nelson Mandela gaan Hoërskool Toe”, op bladsy 14.

1. Onderstreep die basisvorm van elke woord, en dan omkring jy voorvoegsels met rooi, agtervoegsels met blou en verbindingsklanke met groen.
2. Verdeel elke woord woord in lettergrepe.
3. Dui aan (□) of die woord ’n afleiding of ’n samestelling is.

’n **Lettergreep** is ’n deeltjie van ’n woord. Indien woorde aan die einde van ’n reël afgebreek moet word, moet dit tussen twee lettergrepe gedoen word.

| Woord | Lettergrepe | Afleiding □ | Samestelling □ |
|---|---|---|---|
| beroering | | | |
| longsiekte | | | |
| omgedraai | | | |
| huiswerk | | | |


Gebruik jou woordeboek om die volgende afkortings, akronieme en verkortings op te soek. Voltooi die tabel.

| | |
|---|---|
| a.g.v. | |
| d.m.v | |
| e-pos | |
| i.v.m | |
| ESKOM | |

´n **Afkorting** is ´n verkorte skryfwyse vir ´n woord, woordgroep of naam.
Daar is drie soorte:
1. Gewone **afkortings**. As ons dit lees, spreek ons die oorspronklike woord volledig uit (“bl.” word “bladsy” uitgespreek).
2. **Akronieme** (of letterwoorde). Die <u>letters</u> van verskeie woorde word as ´n woord uitgespreek, bv. Sasol (Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gas-korporasie).
3. **Verkortings**, waar ons oorspronklike <u>lettergrepe of dele</u> van verskeie woorde as een woord uitspreek (bv. “Australasië” vir **Australi**ë en **Asië**).





❖ Hervertel die outobiografie vir jou maat.
❖ Beskryf Nelson Mandela se kinderdae na die dood van sy vader.
❖ Hoe het sy lewe verander?




Lees weer die outobiografie van Nelson Mandela. Teken ’n tydlyn in jou **klaswerkboek** waarop jy aandui watter gebeure plaasgevind het toe hy 9, 16 en 21 jaar oud was.

# Kom ons skryf 'n storie





Ons skryf

Beplan nou om 'n dagboekinskrywing te skryf waarin jy die hoogtepunte van jou lewe opsom. Voltooi hierdie geheuekaart om jou te help om jou dagboekinskrywing te **beplan**.

Volg die **skryfproses**: • **Beplan** jou dagboekinskrywing deur die breinkaart in te vul. • Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. • Laat 'n maat jou werk **hersien**. • **Korrigeer** spelfoute en punktuasie. • Skryf jou **finale weergawe** op bl. 17 vir publikasie.

**Aanhef**

*Liewe Dagboek*

*Vandag dink ek terug oor my lewenspad en besef ek hoe geseënd ek is, al was daar ook swaar tye.*

**Middeljare**

Spesiale gebeurtenisse in Graad 1 tot 3

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

My dagboekinskrywing

**Beginjare**

Wanneer en waar gebore

Spesiale gebeurtenisse van kleuterjare

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

**Huidige jare**

Spesiale gebeurtenisse in Graad 4 tot 6

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________



Gebruik die geheuekaart om die **eerste weergawe** van jou dagboekinskrywing in jou klaswerkboek te skryf. Laat 'n maat jou werk **hersien** en **korrigeer** die foute.



Datum:

Skryf die **finale weergawe** van jou dagboekinskrywing hier neer.


Dagboekinskrywings – let op die volgende:

- Dui die datum aan.
- Vertel in die eerste persoon ("ek").
- Begin elke paragraaf met 'n tydwoord.
- Vertel die gebeure in die korrekte volgorde.


**BEGIN**


*Liewe Dagboek*

*Vandag dink ek terug oor my lewenspad en besef ek hoe geseënd ek is, al was daar ook swaar tye....*









**EINDE**

ONDERWYSER: Teken Datum

# 73 Jabu en die leeu




Kyk na die titel en illustrasies van die storie, en voorspel waaroor die storie handel.




Vandag gaan jy ’n Zulu-volksverhaal lees. Volksverhale word mondeling van een geslag na die volgende oorgedra.

Mense vertel hierdie verhale vir hulle kinders en kleinkinders – hulle skryf dit nie neer nie. Volksverhale bevat gewoonlik ’n moraal of sedeles en dien as vermaak. Dit verenig ook mense. Die kinders van ’n bepaalde kultuurgroep hoor almal dieselfde volksverhale, en dit laat hulle voel dat hulle saamhoort.

In die meeste volksverhale kom ons diere teë wat kan praat. Volksverhale is meestal **fiksie**, aangesien diere nie werklik kan praat nie.

Jabu was ’n 14-jarige veewagter. Hy was baie trots op hoe hy sy **pa** se groot veekudde versorg. Een warm herfsdag, terwyl Jabu die diere op die koppie sit en dophou, kom sy maat Sipho daar aangedraf.

“Het jy die nuus gehoor, Jabu?” vra Sipho uitasem. “Bhubesi, die leeu, is verlede **nag** hier in die omgewing gesien. Hy het ’n koei doodgemaak. Die mans is besig om vir hom valstrikke te stel. Gaan sit jou vee terug in die kraal en dan gaan kyk ons hoe hulle die valstrikke stel.”



Jabu is geskok. “Ek kan die vee nie nou al kraal toe neem nie, Sipho. Dis te **vroeg** in die dag. Hulle moet eers klaar wei, en dan moet ek hulle rivier toe neem om water te drink voordat ek hulle terugneem huis toe.”

Sipho is teleurgesteld, maar hy weet dit help nie om met Jabu te redeneer nie.


“Oukei,” sê hy. “Ek sien jou later, miskien vanaand by die vuur. Ek gaan kyk wat die mans doen.” Hy vertrek weer op ’n drafstap.

Jabu begin toe die koeie bymekaar jaag en lei hulle na die rivier toe. Terwyl hulle drink, sit hy met sy voete in die water.

Toe hoor Jabu ’n geluid wat hom **yskoud** laat word van die skrik. Die koeie versteen ook in hulle spore. Dit is Bhubesi, en hy is baie naby! Jabu kyk versigtig rond. Met bewende knieë jaag hy die koeie bymekaar. Maar daardie brul het nie geklink soos ’n leeu wat sê “Ek gaan jou opvreet” nie, dink hy. Bhubesi klink asof hy in die moeilikheid is. Ek dink daardie brul was ’n noodkreet. Jabu stap dapper in die rigting van waar hy die geluid gehoor het.

Hy kry Bhubesi vasgevang in een van die valstrikke wat die mans gestel het. Sy kop sit in die valstrik vas, en hoe meer hy stoei, hoe stywer trek die strik. Jabu staan eers ’n hele rukkie na hom en staar. Nog nooit het hy die koning van die diere van so **naby** gesien nie.

Datum:



Hy is waarlik 'n indrukwekkende dier. Terwyl Jabu kyk hoe Bhubesi om sy lewe worstel, begin hy vir hom jammer te voel. Op daardie oomblik sien die leeu die seun, en hy praat direk met hom.

**Leeu:** Ai! Oemfaan (seun)! Help my asseblief. Ek kan nie loskom nie. Sal jy nie asseblief hierdie balk wat my kop afdruk, kom oplig nie? Asseblief!

Jabu kyk in Bhubesi se oë, en hy kan sien hoe desperaat hy is.

**Leeu:** Asseblief, oemfaan! Asseblief! Voordat daardie jagters my kom doodmaak. Bevry my asseblief!

**Jabu:** Ek sou jou graag wil bevry, Bhubesi. Maar ek is bang dat jy my sal opvreet sodra ek dit doen.

**Leeu:** O, nee, oemfaan, ek sal nooit iemand kan opvreet wat my lewe gered het nie! Ek belowe dat ek nie 'n haar op jou kop sal seermaak nie. Ek belowe!




Bespreek hierdie vrae met jou maat.

- ❖ Wie is die hoofkarakters in hierdie storie?
- ❖ Waarom was Sipho opgewonde toe hy by Jabu aangehardloop gekom het?
- ❖ Waar was Jabu toe Sipho hom gekry het?
- ❖ Kyk na die prentjies en beskryf die plek waar die storie hom afgespeel het. Lyk die plek anders as die plek waar jy woon? Hoe verskil dit?
- ❖ Dink jy Jabu was 'n verantwoordelike mens? Waarom sê jy so?




Hoe dink jy gaan die storie eindig?

Dink jy Jabu gaan die leeu bevry?

- ❖ Beplan in groepverband 'n einde vir hierdie storie. Stel 'n rolspel saam en bied dit vir die klas aan. Een van julle sal Jabu moet wees, iemand sal Sipho moet wees en iemand sal Bhubesi, die leeu, moet wees. Julle sal ook 'n paar koeie nodig hê.
- ❖ Besluit watter groep die beste einde het.

# Jabu hoor die leeu se gebrul



Onthou jy nog dat 'n mens 'n teks **vluglees** om 'n algemene indruk te kry van waaroor die teks handel, en **soeklees** om spesifieke inligting te verkry?




Pas soekleesvaardighede toe om die volgende vrae te beantwoord. Omkring die letter by die regte antwoord.

**1 Jabu wou nie na die valstrikke gaan kyk nie want:**

| | |
|---|---|
| A | Dit was te ver om te loop. |
| B | Hy was te moeg. |
| C | Hy moes die vee rivier toe neem. |
| D | Hy het geweet hoe die valstrikke lyk. |

**2 Wat bedoel die storieverteller met "die koeie versteen in hulle spore"?**

| | |
|---|---|
| A | Hulle het koud gekry. |
| B | Hulle was te bang om te beweeg. |
| C | Hulle wou nie na die rivier toe gaan nie. |
| D | Hulle het in klip verander. |

**3 Waarom het Jabu se knieë gebewe?**

| | |
|---|---|
| A | Hy het koud gekry. |
| B | Hy was bang vir die leeu. |
| C | Hy kon nie die vee bymekaar kry nie. |
| D | Hy het sy knieë seergemaak. |


**4 Hoe weet ons dat Jabu 'n verantwoordelike mens was?**

| | |
|---|---|
| A | Hy het die koeie versorg. |
| B | Hy het die koeie alleen gelaat. |
| C | Hy het op die koppie gesit. |
| D | Hy het met die leeu gepraat. |




Nommer die prente in die regte volgorde volgens die storie.












Datum:

Ons skryf Skryf 'n beskrywende sin vir elke prent op die vorige bladsy.

| | |
|---|---|
| **1** | |
| **2** | |
| **3** | |
| **4** | |

Soek **sinonieme** (woorde met dieselfde betekenis) in die storie vir hierdie woorde/frases en skryf dit neer. Gee dan jou eie **antonieme** (woorde met die teenoorgestelde betekenis) vir elke woord.

| Betekenis | Sinoniem | Antoniem |
|---|---|---|
| intensiewe vorm vir koud | | |
| aand | | |
| maklik om by te kom | | |
| vader | | |
| aan die begin van die dag | | |

Kyk na die onderstaande werkwoorde.

pleit, verlang, praat, verwyder, ontdek, wandel, agternaloop, losmaak

Voltooi die tabel deur 'n **sinoniem** vir elkeen van die bostaande werkwoorde te kies.

| bevry | smeek | loop | begeer |
|---|---|---|---|
| | | | |
| **gesels** | **wegneem** | **kry** | **volg** |
| praat | | | |

Omkring die regte **homofoon** in die onderstaande sinne.

| |
|---|
| Jabu **reis**/**rys** na Indië. |
| Jabu eet **reis**/**rys** saam met ander groente. |
| Hy gaan die beeste by die rivier **haal**/**hael**. |
| Dit het gereën en **gehaal**/**gehael**. |
| Alhoewel Sipho baie eet, is hy **maar**/**maer**. |
| Jabu is bang vir die leeu **maar**/**maer** hy stap dapper nader. |

Homofone klink dieselfde, maar word verskillend gespel en het verskillende betekenisse. Homonieme is woorde wat dieselfde lyk en klink, maar wat verskillende betekenisse het.

ONDERWYSER: Teken Datum


# 75 Wat het met die leeu gebeur?



Ons lees

Kom ons vind uit wat Jabu besluit het om omtrent die leeu te doen.

Bhubesi smeek en pleit so jammerlik dat Jabu uiteindelik besluit om hom te vertrou en hom vry te laat. Hy lig die balk wat die leeu se kop vashou. Die leeu spring los en skud sy maanhare.



**Leeu:** O dankie, oemfaan! Ek skuld jou regtig iets. My nek was besig om so styf te word in daardie valstrik, en ek was bang die jagters sou my doodmaak. Maar nou is ek so dors, asseblief oemfaan – kan jy my wys waar die rivier is?

**Jabu:** Dis net hier anderkant. Kom saam met my.

**Leeu:** Ek moet egter sê, dit sal darem baie jammer wees om so 'n sappige maaltyd te vermors!

**Jabu:** O nee! Ek het jou van die jagters gered, en jy het belowe om my nie op te vreet nie.

**Leeu:** Ja, jy is reg. Ek het wel belowe. Maar noudat ek vry is, is dit nie meer vir my so belangrik om daardie belofte na te kom nie.

**Jabu:** Jy maak 'n groot fout. Jy behoort nooit 'n belofte te verbreek nie.

**Leeu:** Ag, watse onsin! Ek gaan jou nou opvreet, seun. Al hierdie gepraat maak my net hongerder.

**Jabu:** Maar jy het belowe, en as jy 'n belofte verbreek, sal jy gestraf word.

Op daardie oomblik kom 'n slim ou jakkals wat hulle afgeluister het, nader om meer te wete te kom.

**Jakkals:** Watter belofte het jy gemaak, Nkosi (groot Kaptein)? En waarom het jy dit gemaak?

**Jabu:** Ek het die leeu uit die valstrik bevry, en hy het belowe om my nie op te vreet nie, maar nou wil hy sy belofte verbreek.



**Jakkals:** Ag, wat 'n lawwe storie. Wil jy vir my sê jy, die groot koning van die diere, is gevang in 'n valstrik wat mense gemaak het? Onmoontlik! Ek glo dit nie!

**Leeu:** Dit is waar! Dit was 'n sterk en verskriklike valstrik!

**Jakkals:** Ai, ek kan nie glo enigiets is sterker as my koning nie. Ek moet daardie valstrik sien. Voordat jy jou aandete eet, wys my asseblief die strik waarvan jy praat. Dan kan jy jou maaltyd geniet.



Datum:

Die leeu, die jakkals en Jabu gaan toe terug na die valstrik toe.

**Jakkals:** Ek laat my nie vertel dat hierdie ou dingetjie regtig jou kop kon vashou nie! Nooit! Ek kan my dit regtig nie voorstel nie. Nkosi, as jy nie omgee nie, steek jou kop hier in sodat ek kan sien hoe jy gelyk het toe die seun op jou afgekom het?

**Leeu:** Ai tog. Jy maak my moeg met jou vrae. Ek sal hierdie laaste ding vir jou doen, en dan moet jy my met rus laat sodat ek my ete kan geniet.

Toe steek Bhubesi sy kop tussen die klampe in, net soos dit was toe Jabu hom gekry het. Vinniger as ’n weerligstraal klap die jakkals die valstrik toe. Bhubesi sit weer vasgevang!



**Jakkals:** Nou sien ek hoe jy gevang is. Dis jammer dat jy weer op dieselfde manier verstrik is. Maar die seun is reg, Nkosi. Verbreekte beloftes haal jou altyd in!

Bhubesi brul van woede, maar die sterk valstrik hou hom goed vas. Jabu bedank die jakkals. Hy hardloop terug na sy koeie en jaag hulle aan huis toe en in die kraal in. Wat ’n dag het hy nie beleef nie!


Sipho sien hom en roep uit: “Jabu, Jabu! Die leeu is in ’n valstrik naby die rivier gevang! Jy het die hele avontuur misgeloop!” Jabu glimlag net en sê vir homself: “Ek het genoeg avontuur vir een dag gehad.” Sipho gaan toe weer terug na die jagters toe om die storie te hoor van die magtige leeu wat in die valstrik gevang is, en Jabu gaan huis toe.

Hy groet sy ma, gaan sit en gee ’n groot sug.

Daardie aand luister Jabu by die vuur na die mans terwyl hulle gesels en die storie vertel van die leeu se vangs, van die stryd wat dit gekos het, en van hoe vernuftig hulle was om hom te vang.




Jy weet nou hoe die storie geëindig het. Dink na oor die volgende vrae:



- Het die storie geëindig soos jy verwag het?
- Hoe het jy daaroor gevoel dat die leeu sy belofte verbreek het?
- Wat is die moraal of sedeles van die storie?
- Dink jy die jakkals was slim? Waarom sê jy so?
- Sipho het vir Jabu gesê hy het die hele avontuur misgeloop. Stem jy saam met Sipho? Motiveer jou antwoord.

# Kom ons dink na oor die storie






Dink na oor die storie en skryf dan 'n opsomming van die gebeure. Verduidelik hoe die intrige of storielyn ontwikkel het. Jy sal moet nadink oor die gebeure in elke stadium van die verhaal. Volg die skryfproses: **Beplan** jou opsomming deur dit met jou maat te bespreek. Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. Laat 'n maat jou werk hersien. **Korrigeer** spelfoute en punktuasie. Skryf jou **finale weergawe** hier neer.

**Agtergrond** – wanneer en waar die gebeure plaasvind
**Karakters** – mense of diere in die storie
**Intrige** – wat in die storie gebeur
**Tema** – boodskap wat oorgedra word

| | |
|---|---|
| Skryf hoe die storie begin het. | |
| Wat het in die middel van die storie gebeur? | |
| Beskryf hoe die storie geëindig het. | |




Praat oor elkeen van die karakters. Besluit watter van die byvoeglike naamwoorde hieronder elke karakter die beste beskryf. Vul hulle in die korrekte spasies in.

slu verantwoordelik oneerlik slim vreesloos jonk
naar betroubaar wys sterk gulsig goed

| Jabu | Die leeu | Die jakkals |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |


Datum:


My woordeboek

Nuwe woorde

Ons skryf

Kyk mooi na elke prent.





Skryf nou 'n beskrywende sin oor die gebeure in elke prent.

| | |
|---|---|
| 1 | |
| | |
| 2 | |
| | |

Ons skryf

Kyk na die sinne hieronder en trek dié dood wat nie oor die onderwerp handel nie. Nommer die oorblywende sinne om die korrekte volgorde van die gebeure aan te dui.


| | |
|---|---|
| | Jabu was 'n baie verantwoordelike mens. |
| | Hy het sy pa se koeie opgepas toe Sipho hom van die leeuaanval vertel het. |
| | Die bome het lang takke gehad. |
| | Jabu het nie saam met Sipho gegaan nie want hy moes die vee rivier toe neem. |
| | Die vee was moeg. |
| | Jabu het geweet hy moet sy vee baie goed oppas. |

ONDERWYSER: Teken Datum


# Dink na oor die karakters

Ons leer die karakters in 'n storie ken uit wat hulle sê of doen of wat ander ons van hulle vertel.





Ons skryf Vul ses **byvoeglike naamwoorde** in wat die leeu beskryf.



Gebruik die **byvoeglike naamwoorde** om 'n paragraaf te skryf waarin jy die leeu beskryf. Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. Vra 'n maat om dit te **hersien. Korrigeer** die foute en skryf die **finale weergawe** in die spasie wat voorsien word.

Dink na oor Jabu se karakter. Hou 'n dinkskrum saam met jou maats om soveel beskrywende woorde moontlik te kry wat Jabu se karakter beskryf. Vul die woorde wat sy karakter beskryf in die raampies hieronder in.


Volg die **skryfproses:** • **Beplan** jou karaktersketse deur byvoeglike naamwoorde in die raampies in te vul. • Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. • Laat 'n maat jou werk **hersien.** • **Korrigeer** spelfoute en punktuasie. • Skryf jou **finale weergawe** hier vir publikasie.

Gebruik jou byvoeglike naamwoorde om 'n **karaktersketS** van Jabu te skryf.

Naam: Ouderdom:

Karaktertrekke:

Datum:




Beskryf nou die karakter van ’n persoon wat jy ken. Kies iemand oor wie jy wil skryf. Die persoon kan ’n held of heldin wees, hy of sy kan vandag lewe of kan reeds oorlede wees.

| | |
|---|---|
| Karakter se volle naam en van | |
| Vroulik of manlik? | |
| Ouderdom | |
| Beroep | |
| Fisiese voorkoms | |
| | |
| Talente of vaardighede | |
| Waarom het jy hom of haar gekies? | |
| | |

Vul nou byvoeglike naamwoorde in wat jou karakter beskryf.

Naam van karakter

**Beplan** jou karaktersketse deur byvoeglike naamwoorde wat jou karakter beskryf, op die breinkaart in te vul. Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. Laat ’n maat jou werk **hersien**. **Korrigeer** spel- en punktuasiefoute. Skryf jou **finale weergawe** hier neer.

ONDERWYSER: Teken Datum

# Werk met sinne




'n **Enkelvoudige** sin het net een gesegde (werkwoord/-stuk).
Enkelvoudige sinne kan ook **bepalings** hê. Indien die selfstandige naamwoord of die werkwoord beskryf word, word die beskrywende woord die **bepaling** genoem.
'n **Saamgestelde sin** het altyd twee of meer gesegdes (werkwoorde/-stukke) en bestaan uit meer as een hoofsin.
'n **Veelvoudige sin** het 'n hoofsin en 'n bysin.




Omkring die gesegde in elk van hierdie **enkelvoudige sinne** met oranje. Dan onderstreep jy die onderwerp met rooi, die voorwerp met groen en die bepaling met blou.


bv. Jabu (bevry) die groot leeu.



1. Die leeu pleit jammerlik by Jabu.
2. Die slim jakkals het hulle afgeluister.
3. Jakkals klap die valstrik vinnig toe.
4. Jabu bedank die slim jakkals.
5. Sipho luister aandagtig na die jagters.

Onderstreep twee of meer gesegdes in hierdie **saamgestelde sinne**.


bv. Red my van die valstrik en ek belowe ek sal jou nie opvreet nie.



1. Hy lig die balk wat die leeu se kop vashou.
2. Die leeu spring los en skud sy maanhare.
3. Jabu bedank die jakkals en hardloop terug na sy beeste toe.
4. Sipho sien vir Jabu en roep hom nader.
5. Die leeu brul van woede toe die valstrik hom vastrek.

Onderstreep die hoofsin in elk van hierdie **veelvoudige sinne** met rooi en die bysin met blou.

bv. Die leeu, wat die koning van die diere is, was vasgevang in die valstrik.



1. Jabu, die getroue veewagter, het die leeu vertrou.
2. Sipho, Jabu se maat, wou hê dat Jabu saam met hom na die valstrikke moes gaan kyk.
3. Jakkals, wat hul afgeluister het, kom nader gestap.
4. Jakkals, die slinkse dier van die oerwoud, het Leeu uitoorlê.
5. Leeu, wat nie sy belofte nagekom het nie, moes leer dat verbreekte beloftes jou altyd inhaal.

Datum:

# Kom ons speel met werkwoorde




Vul die korrekte vorm van die werkwoord in. Gebruik die teenwoordige tyd, die verlede tyd (het + ge+werkwoord) en die toekomende tyd (sal/gaan + werkwoord). Onthou dat jy ook soms die infinitief (te + werkwoord) sal moet gebruik.

| | |
|---|---|
| help | 1. Gee jy om om my te **help**? |
| help | 2. Ek belowe dat ek jou môre **sal help**. |
| bring | 3. Moenie vergeet om vanaand my boek saam ____________________ nie. |
| kom | 4. _______________ hy saam met ons? |
| eet | 5. Hy hou daarvan om sy toebroodjies saam met sy maats _______________. |
| reis | 6. Volgende week _______________ ons per bus see toe _______________. |
| wag | 7. Ek _______________ gister baie lank vir hulle _______________. |
| gaan | 8. Ek _______________ nie vanaand kan _______________ nie. |
| praat | 9. Ek leer hoe om Xitsonga _______________. |
| vertrek | 10. Ek _______________ nie nou al nie. |
| kook | 11. Ek het die ete klaar _______________. |
| onthou | 12. Ek ____________ moet ____________ om my boek môre saam te neem. |
| speel | 13. Ek _______________ probeer om sokker _______________. |
| werk | 14. _______________ sy vandag saam met julle? |
| swem | 15. As die weer volgende vakansie lekker is, _________ ons baie _________. |
| wys | 16. Ons juffrou _______________ ons altyd mooi hoe om alles te doen. |
| sit | 17. Hulle _______________ vanaand baie stil moet _______________ om nie die ander mense te steur nie. |
| spring | 18. Die tier _______________ verlede week op die jakkals _______________. |
| skryf | 19. Ons is almal baie lief daarvoor om _______________. |
| hardloop | 20. Die vleuel _______________ verlede Saterdag tydens die wedstryd soos die wind ______________________________________. |

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________


# 'n Vriendskaplike brief





Ons lees

Luister na hierdie brief terwyl jou onderwyser dit vir jou voorlees.



Olifantstraat 7
Middelburg
Mpumalanga
1050
1 Augustus 2015


Liewe Bianca

Eerstens wil ek dankie sê omdat jy die afgelope vakansie by my kom kuier het. Ek vertrou dit gaan baie goed met jou en jou familie.

Ons het die afgelope week by die skool 'n fiksieverhaal behandel. Die karakters was Jabu, Sipho, Leeu, Jakkals en jagters.

Jabu het beeste opgepas toe Sipho hom nooi om saam met hom te gaan kyk hoe die jagters valstrikke vir die leeu stel. Jabu het die uitnodiging egter van die hand gewys aangesien hy die beeste rivier toe moes neem. Terwyl hy die beeste opgepas het, het hy die leeu hoor brul, maar dit was 'n benoude brul. Hy het ondersoek gaan instel en gesien dat die leeu in een van die jagters se valstrikke vasgevang was.

Die leeu het Jabu gesmeek om hom te bevry. Hy het hom belowe dat hy hom nie sou opvreet nie. Jabu het die leeu bevry, maar toe wou die leeu Jabu bespring. Net toe het die slinkse jakkals sy verskyning maak.



Die jakkals oortuig die leeu toe om hom te gaan wys hoe hy in die valstrik vasgesit het. Net toe die leeu sy kop onder die valstrik se balk indruk, klap die jakkals die valstrik toe en daar sit die leeu toe weer in die valstrik vas.

Die sedeles wat ons uit hierdie Zulu-fabel geleer het, was: Verbreekte beloftes haal jou altyd in!

Mag jy 'n suksesvolle en voorspoedige kwartaal beleef by die skool en by die huis.


Groete

Chantelle

Datum: ____________________




Skryf 'n brief aan jou maat waarin jy hom/haar vertel van 'n fiksieverhaal wat jy gehoor of gelees het.



Volg die **skryfproses**: • **Beplan** jou brief deur 'n geheuekaart in jou klaswerkboek op te stel. • Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. • Laat 'n maat jou werk **hersien**. • **Korrigeer** spelfoute en punktuasie. • Skryf jou **finale weergawe** hier vir publikasie.



Straatnaam en -nommer ____________________

Dorp ____________________

Provinsie ____________________

Poskode ____________________

Datum ____________________

Beste ____________________

Beste wense

____________________

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 80 Voeg hulle saam

Ons gebruik **voegwoorde** om sinne te verbind. Hulle speel 'n belangrike rol, want sonder voegwoorde sou ons spraak en skryfwerk rukkerig gewees het.
*Kyk na hierdie voorbeeld.*
Gerrie het skielik omgedraai. Gerrie het hom teen die tafel gestamp.
Gerrie het skielik omgedraai **en** hom teen die tafel gestamp.
Soms moet die woordorde aangepas word wanneer sinne saamgestel word.

Gerrie is die onderwerp van albei sinne, daarom hoef jy sy naam net een keer te sê, en kan jy die twee sinne saamvoeg.

Ons gebruik ook "egter" om sinne saam te voeg.
**Egter** beteken dieselfde as **maar**.
Albei sê vir ons dat daar 'n kontras tussen die twee dele van die sin is.
Onthou: 'n **Enkelvoudige sin** het een onderwerp en een werkwoord. 'n **Saamgestelde** sin het meer as een werkwoord en mag meer as een onderwerp hê.




Verbind hierdie twee **enkelvoudige sinne** deur een van hierdie voegwoorde te gebruik. Die nuwe sinne word **saamgestelde sinne** genoem. Onderstreep die **werkwoorde** in elk van die saamgestelde sinne.

en | daarom | maar | omdat | terwyl | alhoewel

| |
|---|
| Sipho nooi Jabu saam. Jabu moet die beeste oppas. |
| |
| Leeu het 'n koei gevang. Die jagters het valstrikke gestel. |
| |
| Jabu hoor 'n leeu brul. Jabu pas beeste op. |
| |
| Jabu gaan stel ondersoek in. Hy sien Leeu sit vas in 'n valstrik. |
| |
| Leeu het nie sy belofte nagekom nie. Jabu het leeu bevry. |
| |
| Jakkals klap die valstrik toe. Leeu het nie sy belofte nagekom nie. |
| |

Datum:

- In die **bedrywende vorm** is die sin in sy basiese vorm soos dit in die gewone skryf- en spreektaal voorkom: **onderwerp** + **gesegde** + **voorwerp**, bv. Die seun gooi die bal.
- In die **lydende vorm** vorm ruil die onderwerp en die voorwerp om.
  - Die bal **word** deur die seun gegooi. (teenwoordige tyd)
  - Die bal **is** deur die seun gegooi. (verlede tyd)
  - Die bal **sal** deur die seun gegooi word. (toekomende tyd)

Die volgende sinne is in die bedrywende vorm. Onderstreep die onderwerp in elke sin met rooi en die voorwerp met blou. Skryf die sinne dan in die lydende vorm oor.

| |
|---|
| Die jagters stel valstrikke. |
| |
| Jabu pas beeste op. |
| |
| Sipho hou die jagters dop. |
| |
| Leeu maak 'n belofte. |
| |
| Jabu bevry die leeu. |
| |
| Jakkals help vir Jabu. |
| |



Gebruik jou woordeboek om die volgende afkortings, akronieme en verkortings op te soek. Voltooi die tabel.

| | |
|---|---|
| alg. | |
| ens. | |
| cm | |
| NASA | |
| RSA | |

Onderstreep die basisvorm van elke woord. Omkring dan die voorvoegsels met rooi, die agtervoegsels met blou en die verbindingsklanke met groen.
Dui aan (✓) of die woord 'n **afleiding** of 'n **samestelling** is.

| Woord | Afleiding ✓ | Samestelling ✓ |
|---|---|---|
| jammerlik | | |
| vashou | | |
| vermors | | |
| verskriklike | | |

ONDERWYSER: Teken Datum

# Kontrolelys

| Ek kan | | |
|---|---|---|
| ’n verskeidenheid tekste lees. | | |
| voorspellings op grond van die titel en illustrasies van ’n teks doen. | | |
| vrae op grond van ’n teks beantwoord. | | |
| gebeure in die korrekte volgorde herroep. | | |
| hoof- en ondersteunende idees identifiseer. | | |
| ’n tydlyn ontwerp. | | |
| woorde met hul betekenisse verbind. | | |
| aan groepbesprekings deelneem. | | |
| afleidings uit teks maak. | | |
| ’n dagboekinskrywing skryf. | | |
| ’n verslag skryf. | | |
| ’n vriendskaplike brief skryf. | | |
| ’n brief van die nodige kenmerke voorsien. | | |
| woorde in lettergrepe verdeel. | | |
| samestellings en afleidings identifiseer. | | |
| tussen hoofwerkwoorde en hulpwerkwoorde onderskei. | | |
| tussen enkelvoudige, saamgestelde en veelvoudige sinne onderskei. | | |
| sinne in die bedrywende en lydende vorm skryf. | | |
| spelpatrone toepas. | | |
| afkortings, verkortings en akronieme gebruik. | | |
| vlug- en soekleesvaardighede toepas. | | |
| die skryfproses toepas. | | |
| voegwoorde gebruik om saamgestelde sinne te vorm. | | |
| voor- en agtervoegsels gebruik om nuwe woorde te vorm. | | |
| sinonieme, antonieme, homofone en homonieme gebruik. | | |



I n h o u d

# Tema 6: Aanbiedingswyses




## Week 5 – 6: Stories en briewe

**81 Hasie maak alarm** 36
Voorspel inhoud van storie op grond van titel en illustrasies.
Bespreek die kenmerke van 'n verhaal.
Lees 'n kort, fiktiewe storie.
Bespreek stereotipes en verhoudinge tussen kultuurgroepe.
Identifiseer oordrywing.

**82 Ons dink na oor die storie** 38
Identifiseer idiomatiese uitdrukkings in die storie.
Soeklees die teks en beantwoord meerkeusevrae.
Identifiseer 'n aanhaling uit die storie.
Identifiseer die agtergrond, intrige en karakters van die verhaal.
Spreek 'n mening uit.

**83 Kom ons skryf die storie** 40
Voltooi 'n geheuekaart om die storie van die haas oor te vertel.
Skryf die storie netjies neer.

**84 Ons hersien briewe** 42
Luister na 'n vriendskaplike brief.
Bespreek die eienskappe van 'n brief.
Identifiseer die teenwoordige, verlede en toekomende tyd.
Soeklees die brief en beantwoord spesifieke vrae daaroor.
Slaan woorde in 'n woordeboek na en gebruik hulle in sinne.
Beantwoord meerkeusevrae oor die brief.

**85 Kom ons skryf ook 'n brief** 44
Gebruik 'n geheuekaart om 'n brief te beplan.
Skryf 'n brief aan 'n maat oor gebeure en aktiwiteite.

**86 'n E-pos van 'n maat** 46
Lees 'n e-pos.
Soeklees die e-pos om bepaalde vrae te beantwoord.
Bekom inligting uit die brief om 'n inligtingskaart te voltooi.
Identifiseer homofone en homonieme.
Identifiseer samestellings en afleidings.
Vorm verkleinwoorde.

**87 Meer oor taal** 48
Identifiseer selfstandige naamwoorde en byvoeglike naamwoorde.
Identifiseer woordsoorte.
Verbind woorde met hul sinonieme.
Gebruik voegwoorde om saamgestelde sinne te vorm.

**88 Werk met sinne** 50
Skryf enkelvoudige, saamgestelde en veelvoudige sinne.
Skryf sinne in die verlede en toekomende tyd oor.
Herskryf sinne in die ontkennende vorm.
Verskaf afkortings en akronieme.

## Week 7 – 8: Strokiesprentverhale is pret

**89 Supa Strikas** 52
Vluglees 'n strokiesprentverhaal oor Supa Strikas.
Bespreek die uitleg en woordeskat van die strokiesprent.
Lees die teks.

**90 Ons skryf oor die Supa Strikas** 54
Bespreek besonderhede en uitleg van grafiese teks.
Som die strokiesprent in eie woorde op.
Bespreek televisie-advertensies en spreek 'n mening uit.
Lees 'n strokiesprentadvertensie.
Soeklees die teks om spesifieke vrae te beantwoord.

**91 Skryf jou eie advertensie** 56
Beplan om 'n televisie-advertensie te skryf.
Beskryf die agtergrond, die tema en die karakters.
Gebruik die plan om die teks te organiseer.
Skryf 'n TV-advertensie.
Rolspeel 'n TV-advertensie.

**92 Taalstrukture en -konvensies** 58
Identifiseer klank- en lettergrepe.
Vind sinonieme en antonieme.
Verbind vaste uitdrukkings met hul betekenisse.
Skryf 'n eie vergelyking.
Omkring woorde wat korrek gespel is.
Verskaf meervoude en verkleinwoorde.
Herskryf sinne met die nodige hoofletters asook lees- en skryftekens.


## Week 9 – 10: Speeltyd

**93 Hennie is 'n rugbyster!** 60
Lees 'n toneelstuk.
Voer die toneelstuk op.
Beantwoord vrae op grond van die toneelstuk.

**94 Sleutelkenmerke van 'n dramateks** 62
Bestudeer die kenmerke van 'n dramateks.
Identifiseer toneeltegnieke.

**95 Skryf jul eie drama** 64
Beplan in groepsverband om 'n toneelstuk te skryf.
Skryf die eerste weergawe, hersien en korrigeer dit.
Skryf die finale weergawe van die toneelstuk.

**96 Taalstrukture en -konvensies** 66
Verdeel woorde in klank- en lettergrepe.
Soek sinonieme en antonieme in die toneelstuk.
Verbind vaste uitdrukkings met hul betekenisse.
Identifiseer 'n vergelyking uit die toneelstuk.
Herskryf sinne in die direkte en indirekte rede.
Voltooi woorde deur -t of -d in te vul.
Voltooi woorde deur v- of f- in te vul.

# Hasie maak alarm





Ons lees

**Luister** aandagtig na die kortverhaal terwyl jou onderwyser dit vir jou voorlees.

Lees die verhaal self in groepverband.

Ons praat

**Pre-lees**

- Bespreek die kenmerke van die verhaal: die agtergrond, karakters, intrige en konflik, asook die tydvorm waarin die verhaal geskryf is.

**Post-lees**

- Die haas en die leeu behoort aan verskillende spesies, en tog is hulle maats. Wat leer jy uit jou vriendskap met kinders uit ander kultuurgroepe?
- Watter positiewe sosiale eienskap leer die leeu ons aan die einde van die storie?
- Bespreek of daar enige steriotipe gedrag in die storie voorkom, en hoe dit die luisteraar beïnvloed.
- Bespreek of daar oordrywing in die storie plaasvind.

Daar was eenmaal ’n hasie wat altyd bekommerd was. ˝Ag tog,˝ het hy heeldag gemompel, ˝Ag toggie, tog, tog˝.

Sy grootste bekommernis was dat daar ’n aardbewing sou kom. ˝Want as dit gebeur,˝ het hy vir homself gesê, ˝wat op aarde word dan van my?˝

Hy was een oggend juis besonder bekommerd hieroor toe ’n yslike vrug skielik van ’n boom naby hom afval– KABOEM – en die hele aarde laat skud.

˝Aardbewing!˝ skree hy.

En hy hardloop oor die veld om sy neefs en niggies te gaan waarsku.




˝Aardbewing! **Hardloop vir die vale**!˝

Al die hase peul uit die lande en hardloop verwoed agter hom aan. Hulle snel oor vlaktes, deur woude en riviere tot in die heuwels en waarsku nog neefs en niggies sover hulle gaan.




Net toe kom hasie ’n olifant teë. ˝Aardbewing!˝ roep hy. ˝Hardloop vir die vale!˝

Die olifant begin agter die hase aanhardloop, en die aarde bewe van sy swaar stampende pote.

Hulle hardloop by ’n groep kameelperde verby. ˝Aardbewing!˝ roep die hasie. ˝Hardloop vir die vale!˝

Die kameelperde begin aanhardloop agter die olifant, wat die hase volg.

Teen die tyd dat hulle die berg bereik, klink die tien duisend hase, die olifant en ’n hele klomp kameelperde soos donderweer teen die berghange. Die voorste haas kyk om of die aardbewing al nader kom, maar al wat hy kan sien, is ’n groot trop stormende diere.

Terwyl hy staan en hyg, kom daar ’n leeu aan.

˝Wat is aan die gang?˝ vra die leeu.

˝Aardbewing, aardbewing!˝ babbel die hasie.

˝’n Aardbewing?˝ vra die leeu. ˝Wie het dit gesien? Wie het dit gehoor?˝

˝Nie ek nie,˝ antwoord die olifant.



˝Vra hom, vra hom!˝ gil al die hasies, en hulle wys na die eerste hasie.

Die leeu kyk na die hasie.

˝Asseblief, Meneer,˝ sê die hasie skamerig, ˝ek het rustig by my huis gesit toe daar 'n vreeslike slag was. Die aarde het geskud, en ek het geweet dit moet 'n aardbewing wees, Meneer. Toe hardloop ek **so vining as wat my bene my kon dra** om die ander te waarsku om te **hardloop dat hulle klein word**.˝




˝My boetie, sal jy dapper genoeg kan wees om my te wys waar hierdie vreeslike ramp hom afgespeel het?˝ vra die leeu.

˝Oe, ek kan nooit weer soontoe teruggaan nie!˝ sê die hasie.

˝Spring op my rug dan neem ek jou soontoe. Ek sal jou oppas,˝ sê die leeu.

Baie skrikkerig spring die hasie toe op die leeu se rug en daar trek hulle, oor berge en dale, deur riviere en woude, oor grasvelde en vlaktes, totdat hulle by die hasie se huis kom.

˝Dit is waar ek dit gehoor het, Meneer. En ook gevoel het. Die grond het gebewe.˝

Die leeu kyk rond – en baie gou sien hy die enorme kokosneut wat met 'n slag van die boom afgeval het. Hy sien ook 'n apie in die boom sit. Die leeu tel die kokosneut op, klim op 'n rotsblok en laat die neut op die grond val.

KABOEM!

Die hasie wip 'n meter hoog. ˝Aardbewing! Daar gebeur dit weer! Gou-gou – ons moet maak dat ons wegkom!˝

Hasie sien die oopgebarste kokosneut voor sy voete en hoor hoe lekker die leeu uit sy maag lag. Hasie besef toe wat gebeur het.

˝O,˝ fluister hy. ˝Dit was toe nie regtig 'n aardbewing nie, of hoe?˝




˝Nee,˝ sê die leeu, ˝dit was nie, en jy hoef nie bang te gewees het nie.˝

˝Was ek nie 'n simpel hasie nie!˝

Die leeu glimlag vriendelik. ˝Toe maar, my ou boetie. Almal van ons – selfs ek ook – is partykeer bang vir die dinge wat ons nie verstaan nie.

En met daardie woorde loop hy terug na die tien duisend hase, die olifant en die kameelperde wat nog steeds bo-op die berg staan en wag, om vir hulle te vertel dat alles heeltemal veilig is om huis toe te kan gaan.

(Bron: Aangepas uit ˝Rabbit Heralds the Earth Quake˝ deur Rosalind Kerven in *PIRLS Reader*, The Natural World, Main Survey 2001. IEA.)

# Ons dink na oor die storie





Ons skryf

Pas soekleesvaardighede toe en beantwoord hierdie vrae oor die hasie en die aardbewing. As jy nie seker is wat die antwoorde is nie, gaan lees die storie weer.

**Idiomatiese uitdrukkings** is uitdrukkings wat eie aan die taal is.
Idiome sluit in: spreekwoorde, segswyses, gesegdes en spreuke.
Onderstreep drie idiomatiese uitdrukkings in die storie ˝Hasie maak alarm˝.

Wat was die hasie se grootste bekommernis?

| | |
|---|---|
| A | 'n Leeu |
| B | 'n Slag |
| C | 'n Aardbewing |
| D | 'n Vallende boom |

Wat het die hele aarde laat skud?

| | |
|---|---|
| A | 'n Aardbewing |
| B | 'n Enorme kokosneut |
| C | Die vlugtende hasies |
| D | 'n Vallende boom |

Waarheen het die leeu die hasie versoek om hom te neem?

______________________________

Waarom het die leeu die kokosneut op die grond laat val?

| | |
|---|---|
| A | Om die hasie te laat weghol |
| B | Om die hasie te help om die vrug te eet |
| C | Om die hasie te wys wat gebeur het |
| D | Om die hasie te laat lag |

Hoe het die hasie gevoel nadat die leeu die kokosneut op die grond laat val het?

| | |
|---|---|
| A | Kwaad |
| B | Teleurgesteld |
| C | Verleë |
| D | Bekommerd |

Wat is die verskuilde boodskap van die storie?

| | |
|---|---|
| A | Hardloop weg van moeilikheid. |
| B | Maak seker van die feite voordat jy paniekerig word. |
| C | Hase hardloop die vinnigste. |

Dinge het vinnig gebeur nadat die hasie "Aardbewing!" geskree het. Kopieer twee woorde uit die storie wat dit vir ons sê.

______________________________

______________________________

Aan die einde van die storie het die leeu iets gesê om hasie beter te laat voel. Skryf die aanhaling uit die teks neer om bogenoemde stelling te motiveer.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

Datum:



Hoe het die hasie se gevoelens tydens die storie verander?

Aan die begin van die storie het die hasie

gevoel

want

Aan die einde van die storie het die hasie

gevoel

want

Aan die einde van die storie was dit duidelik dat die leeu van die hasie hou want




Ons skryf

Voltooi hierdie tabel:


Die intrige van 'n verhaal is die verwikkelinge van gebeure wat 'n skrywer uitdink waarop die verhaal gebaseer is.

| | |
|---|---|
| Waar speel die storie hom af? | |
| Wie is die 2 hoofkarakters van die storie? | |
| Omskryf die intrige van die verhaal in jou eie woorde. | |



Dink jy dit is goed dat die hasie en die leeu vriende is, al behoort hulle aan verskillende spesies? Motiveer jou antwoord.

Dink jy dit is goed om maats te wees met iemand uit 'n ander kultuurgroep? Motiveer jou antwoord.



Watter sosiale waardes kan ons aan die einde van die storie by leeu leer?

ONDERWYSER: Teken Datum

83

# Kom ons skryf die storie



Ons skryf

Gebruik die geheuekaart om jou te help om die storie "Hasie maak alarm" in die korrekte volgorde oor te vertel. Hou 'n dinkskrum saam met jou maats oor wat in die storie gebeur, en skryf jou idees langs die verskillende prente neer.

Hasie maak alarm

1



2



3




4



5



6



Datum:

Ons skryf

Skryf jou finale weergawe van die storie netjies hier neer.

Volg die **skryfproses:** • **Beplan** jou storie deur die breinkaart te voltooi. • Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. • Laat 'n maat jou werk **hersien**. • **Korrigeer** spelfoute en punktuasie. • Skryf jou **finale weergawe** hier vir publikasie.

1



2



3




4



5



6



ONDERWYSER: Teken Datum

# 84 Ons hersien briewe






Luister aandag na hierdie vrienskaplike brief terwyl jou onderwyser dit vir jou voorlees.




Bespreek die eienskappe van 'n brief nadat jy na die brief geluister het.

Appelweg 27
Kaapstad
8001
17 Julie 2015

Liewe Danie



Sjoe, ek was baie gelukkig die vakansie: ek kon saam met my nefies Kaapstad toe gaan! Ons het 12 Julie met die trein vertrek en die volgende dag daar aangekom. Dit was pret om met die trein te ry. Ons het ons eie kompartement gehad, en ek het op die boonste slaapbank geslaap!

Die eerste ding wat ek gesien het toe ons in Kaapstad aangekom het, was Tafelberg met sy wit, watteagtige "tafeldoek". Die berg was indrukwekkender as wat ek ooit verwag het dit sou wees.



Kyk na die foto's wat ek aangeheg het, dan sal jy sien wat ek bedoel.

Die tweede dag het ons Robbeneiland besoek. Ons het per boot na die eiland gevaar. Ons het na die sel gaan kyk waarin Nelson Mandela 18 jaar lank aangehou is! Die eiland is baie rotsagtig, en ons het baie pikkewyne gesien.

Op die derde dag het ons weer die pikkewyne gesien. Hierdie keer was dit op 'n strandjie wat hulle Boulders noem. Ons het ook Kaapse pelsrobbe daar gesien. Kaapstad loods 'n projek om die robbe te beskerm, aangesien hulle aan die uitsterf is. Die projek beskerm ook die pikkewyne.

Op dag vier het ons Kaappunt besoek. Dit is die suidelikste punt van Afrika, waar twee oseane mekaar ontmoet. Dit is hier dat die koue water van die Atlantiese Oseaan en die warm seestrome van die Indiese Oseaan saamvloei.

Vandag – ons laaste dag – het ons na die seelewe in die Twee Oseane-akwarium gaan kyk. Dit was 'n fantastiese belewenis! Ek was nog nooit tevore so naby aan 'n haai nie! Daar was net 'n glaspaneel tussen ons, en die haaie was nie skaam om hulle rye tande vir ons te wys nie. Ons het ook allerhande soorte stervisse gesien – party met vyftig arms! As hulle 'n arm verloor, groei daar 'n nuwe een in sy plek.



Môre vertrek ons weer huis toe.

Ek kan nie wag om julle almal weer by die skool te sien nie.

Jou maat

Jan



Datum:






**Tydvorme**
Die teenwoordige tyd verwys na die hede.
Die verlede tyd verwys na gebeure wat reeds gebeur het.
Die toekomende tyd verwys na dinge wat nog moet gebeur.

**Ontkenning**
Dit word in die negatiewe vorm gestel, bv. Sy het nie gebel nie.



Lees die brief weer en onderstreep een voorbeeld van elk van die volgende:

- Onderstreep 'n sin in die verlede tyd met rooi.
- Onderstreep 'n sin in die teenwoordige tyd met blou.
- Onderstreep 'n sin in die toekomende tyd met groen.
- Onderstreep 'n sin in die ontkenningsvorm met oranje.





Pas soekleesvaardighede toe en beantwoord hierdie vrae.

| |
|---|
| Skryf 'n frase uit die brief neer wat wys dat Jan en Danie goeie maats is. |
| |
| Haal 'n sin uit die brief aan wat aandui dat Jan en Danie ewe oud is. |
| |
| |
| Haal 'n sin uit die brief aan wat aandui dat Jan nog nooit tevore in Kaapstad was nie. |
| |
| Slaan hierdie woorde in 'n woordeboek na en gebruik hulle dan in 'n sin om te wys wat hulle beteken. |
| indrukwekkend |
| uitsterf |











Waarom skryf Jan hierdie brief aan Danie?

| | |
|---|---|
| A | Om hom van die haaie te vertel. |
| B | Om hom van sy heerlike vakansie te vertel. |
| C | Om te sê dat hy binnekort terug sal wees. |
| D | Om hom van die treinrit te vertel. |

Wat bedoel Jan wanneer hy sê dat die haaie "nie skaam was" om hulle rye tande te wys nie?

| | |
|---|---|
| A | Die haaie was vriendelik. |
| B | Die haaie het hulle vermaak. |
| C | Die haaie het hulle bekke oopgemaak. |
| D | Die haaie het ander visse gevreet. |





ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Kom ons skryf ook 'n brief






Skryf 'n brief aan jou maat waarin jy hom/haar vertel van die dinge waarmee jy tuis en by die skool besig is, of van aktiwiteite wat in die toekoms gaan plaasvind.

Ons het vir jou idees vir elke paragraaf gegee. Gebruik die idees om jou brief te **beplan**. Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. Laat 'n maat jou werk **hersien**. **Korrigeer** spelfoute en punktuasie. Skryf jou **finale weergawe** op bl. 45 vir publikasie. Ons voorsien aan jou die korrekte uitleg vir jou brief.

Bedank jou maat vir haar/sy brief.

Skryf oor jou eerste gebeurtenis of aktiwiteit.



Brief aan

________________

________________

Skryf oor jou tweede gebeurtenis of aktiwiteit.

Sluit af deur te verwys na iets wat in die toekoms gaan gebeur.

Datum:



Vul jou adres in

Datum

Liewe ______________________

Begin met 'n aanhef.


Skryf oor jou eerste gebeurtenis of aktiwiteit.

Skryf oor jou tweede gebeurtenis of aktiwiteit.

Sluit jou brief af.

Jou maat

Vul jou naam in.



ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 'n E-pos van 'n maat





Ons lees

Ons kan ook met maats of ander mense kommunikeer deur vir hulle e-posse te skryf, wat deur middel van die internet gestuur word. Ons stuur dikwels e-posse in plaas van gewone briewe om nuus met vriende te deel. Om vir iemand 'n e-pos te stuur, het jy sy of haar e-posadres nodig, en moet jy toegang tot die internet hê.

Aan: anita@skool.com; danie@skool.com

Van: kin@biblioteek.com 13 Augustus 2015 11:56

Liewe Anita en Danie,

Ek veronderstel julle het die nuus gelees oor die geweldige aardbewing in Japan. Na die gebeure het ek by my neef in Suid-Japan kom woon, en ek sal hier bly totdat die situasie tuis in Tokio verbeter. Alhoewel ek dankbaar is dat ek nou ver van die episentrum af is, mis ek my gesin en my maats by ons Internasionale Laerskool baie.

Ek geniet dit om by my neef te kuier. Hy is ook 12 en ons is albei in graad 6. My nefie woon gelukkig naby die sentrale park, waar ons op die rondomtalie en swaaie kan speel.


As dit net nie so koud was nie! Tussen ons speeltye bestee ek tyd aan my gunstelingstokperdjies – lees en rekenaarspeletjies. Ek lees ook nou die *Oerwoudboek*, en ek wens ek kon in Afrika woon. Ek is amper halfpad deur die boek.


Ek hoop ek hoor gou van julle.

Julle maat

Kin Hosh

Stuur





Ons skryf

Soeklees hierdie e-pos weer en beantwoord dan hierdie vrae.

| | |
|---|---|
| By wie kuier Kin? | |
| Waarom het hy daarheen gegaan? | |
| Op watter datum het hy die e-pos geskryf? | |



Ons skryf

Vul Kin se besonderhede in die tabel in.

| | |
|---|---|
| Naam | |
| Ouderdom | |
| Graad | |
| Skool | |
| Stokperdjies | |



Datum:

Ons skryf

Onderstreep die **homonieme** en **homofone** in die onderstaande pare sinne en dui aan (☐) of hulle homonieme of homofone is.

**Homonieme** is woorde wat dieselfde lyk en klink, maar verskillende betekenisse het. **Homofone** klink dieselfde, maar word verskillend gespel en het verskillende betekenisse.

| Sin | Homoniem | Homofoon |
|---|---|---|
| Hy reis na Japan.<br>In Japan eet hulle rys. | | |
| Tafelberg is 'n hoë berg.<br>Hulle berg die voedsel in die koelkamers. | | |
| Ek bly baie lekker in Tokio.<br>Ek was baie bly toe ek jou e-pos ontvang het. | | |
| Kin lei dikwels die debat by sy skool.<br>Sy ma ly aan asma. | | |
| Die eend swem in die vlei.<br>Die meisie vly haar op die bank neer. | | |
| Ek kan nie hierdie brak water drink nie.<br>Die brak blaf omdat hy iets hoor. | | |



Onthou jy nog hoe woorde gevorm word? Ons kry:

- **Basis**woorde
- **Afleidings** (basis + voorvoegsel en/ of agtervoegsel of verbindingsklank)
- **Samestellings** (basis + basis)

Hierdie woorde kom uit Kin se e-pos op bl. 46.

Onderstreep die **basisvorm** van elke woord. Omkring **voorvoegsels** dan met rooi, **agtervoegsels** met blou en **verbindingsklanke** met groen. Dui aan (☐) of elke woord 'n **afleiding** of 'n **samestelling** is.

| Woord | Afleiding | Samestelling |
|---|---|---|
| gebeure | | |
| veronderstel | | |
| rekenaarspeletjie | | |
| halfpad | | |
| swaaie | | |

Gee die verkleiningsvorm van hierdie woorde wat in Kin se e-pos voorkom.

| Woord | Verkleiningsvorm | Woord | Verkleiningsvorm |
|---|---|---|---|
| aardbewing | | laerskool | |
| neef | | park | |
| gesin | | swaai | |
| maats | | boek | |

**Verkleinwoorde** kan gevorm word deur die volgende agtervoegsels te gebruik:

| | |
|---|---|
| -jie | Woorde wat op -t of -d eindig, bv. hond - hondjie |
| -tjie | Bv. venster - venstertjie |
| -kie | Meerlettergrepige woorde wat op -ng eindig: gooi die **g** weg en voeg -kie by, bv. doring - dorinkie |
| -etjie | Eenlettergrepige woorde wat op -ng eindig, bv. wang - wangetjie |
| -pie | Woorde wat op -m eindig, bv. arm - armpie |
| -ie | Bv. oog - ogie |

ONDERWYSER: Teken Datum

# Meer oor taal






Kyk mooi na die volgende pare sinne. Onderstreep die selfstandige naamwoorde en omkring die byvoeglike naamwoorde wat dit beskryf.

| | |
|---|---|
| Dit is interessante nuus. | Die nuus is interessant. |
| Dit was ´n geweldige aardbewing. | Die aardbewing was geweldig. |
| Dis ´n gawe neef. | Die neef is gaaf. |
| Hy is ´n vriendelike maat. | Die maat is vriendelik. |
| Dis ´n koue dag. | Die dag is koud. |
| Dit is ´n goeie boek. | Die boek is goed. |

**Meer oor byvoeglike naamwoorde**

Ons weet dat byvoeglike naamwoorde ons meer vertel oor selfstandige naamwoorde (persone, plekke of dinge). Gewoonlik kom byvoeglike naamwoorde voor selfstandige naamwoorde, maar soms kom hulle daarna. Hulle beskryf egter steeds die selfstandige naamwoorde. Die vorm van die byvoeglike naamwoord bly nie altyd dieselfde nie. Ons sê **Die meisie is jonk**, maar **Die jong meisie**. En wanneer die byvoeglike naamwoord voor aan staan, voeg ons dikwels ’n **-e** by.




Onderstreep die onderwerp in elke sin met rooi en die voorwerp met blou, en omkring die gesegde (werkwoord/-stuk) met groen. Skryf hierdie sinne, wat in die bedrywende vorm is, in die lydende vorm oor.



Kin lees die nuus oor die aardbewing.

Kin mis sy gesin en sy maats baie.

Ons speel sokker in die park.


Kin lees ’n boek.

Hy speel rekenaarspeletjies.

**Ons hersien:**

Die **bedrywende vorm** is die sin in sy basiese vorm soos dit in die gewone skryf- en spreektaal voorkom: **onderwerp + gesegde + voorwerp**.

In die **lydende vorm** word die onderwerp en die voorwerp omgeruil.



Datum:

**Ons skryf** Verbind hierdie woorde met hul **sinonieme** (woorde met dieselfde betekenis).

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| stokperdjie | enorm | halfpad | indrukwekkend | koel |
| massief | middel | buitengewoon | koud | tydverdryf |



Verbind hierdie woorde nou met hul **antonieme** (woorde met die teenoorgestelde betekenis).

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| hard | enorm | gejaagd | versleg | koel |
| piepklein | sag | verbeter | warm | rustig |





**Ons skryf** Gebruik die **voegwoorde** tussen hakies om hierdie sinne te verbind.

| |
|---|
| Ek sal hier bly. Dit gaan beter tuis. (**totdat**) |
| |
| Ek is gelukkig hier. Ek mis my eie skool. (**alhoewel**) |
| |
| Ek het haar gevra om vir ons te wag. Ons was laat. (**omdat**) |
| |
| Ek het toestemming gevra om die internet te gebruik. Ek het die e-pos geskryf. (**voordat**) |
| |
| Skryf asseblief terug. Dit is vir julle moontlik. (**indien**) |
| |
| Ek het hom gevra om nie weer laat te wees nie. Hy was weer laat. (**egter**) |
| |

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Werk met sinne



Ons skryf

## Sinsleer

Sin = onderwerp (wie) + gesegde (werkwoord/-stuk) + voorwerp (wie/wat).

**Werkwoordstuk:**
Die hoofwerkwoord en die hulpwerkwoord vorm saam die werkwoordstuk.

'n **Saamgestelde** sin het altyd twee of meer gesegdes (werkwoorde/werkwoordstukke) en bestaan uit meer as een hoofsin.

'n **Veelvoudige** sin het 'n hoofsin en 'n bysin.

Skryf 2 voorbeelde van elke tipe sin neer. Onthou, 'n sin begin met 'n hoofletter en eindig met 'n punt, 'n vraagteken of 'n uitroepteken.

Enkelvoudige sinne:

Saamgestelde sinne:

Veelvoudige sinne:

Skryf hierdie sinne in die verlede en toekomende tyd oor.

**Kin skryf 'n e-pos.**

Gister ____________________

Môre ____________________

**Hy lees 'n boek en speel rekenaarspeletjies.**

____________________


____________________

**Danie en Anita lees Kin se e-pos.**

____________________

____________________

Datum:



# Ontkennings

In die ontkennende vorm word sake in die negatiewe vorm gestel, bv. **Sy het nie gebel nie**.

Let daarop dat die woord **nie** twee keer in die sin verskyn.






Ons skryf

Herskryf hierdie sinne in die ontkennende vorm.

Tegnologiese vooruitgang is altyd voordelig.

Die aardbewing het groot verwoesting gesaai.



Kin verlang baie na sy ouers en sy maats.

'n **Afkorting** is 'n verkorte skryfwyse vir 'n woord, woordgroep of naam.

Daar is drie soorte:

1. Gewone **afkortings**. As ons dit lees, spreek ons die oorspronklike woord volledig uit ("bl." word "bladsy" uitgespreek).
2. **Akronieme** (of letterwoorde). Die letters van verskeie woorde word as 'n woord uitgespreek, bv. Sasol (Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gas-korporasie).
3. **Verkortings**, waar ons oorspronklike lettergrepe of dele van verskeie woorde as een woord uitspreek (bv. "Australasië" vir Australië en Asië).

Dui die afkortings en akronieme vir die volgende woorde/frases aan:

| | |
|---|---|
| afdeling | |
| algemeen | |
| biblioteek | |
| persoonlike identifikasienommer | |
| Dierebeskermingsvereniging | |

# Supa Strikas





Ons lees

Lees die volgende twee bladsye uit 'n Supa Strika-strokiesprent (nommer 100). Fokus op wat in elk van die raampies gebeur. Let op die verskillende soorte praatborrels wat in die strokiesprent gebruik is. Kyk na die praatborrels in raam 4, 5, 6, 7 en 8, wat wys wat die kommentators sê. Let ook op die klanknabootsende woorde en hoe hulle geskryf is.

Die **strokiesprentverhaal** is 'n genre. Tot dusver vanjaar het jy verskillende soorte tekste gelees: volksverhale, gedigte, advertensies, verslae, dialoë, inligtingtekste en instruksionele tekste. Die strokiesprentverhaal is nog 'n soort teks. Daar is minder woorde en baie prente, sodat jy kan sien hoe die karakters lyk en wat hulle doen. Die storie word in 'n reeks raampies vertel. Soms is daar woorde, soms nie.



Datum:



8
HÈ?
HALLO? UNITED VORM WAT LYK SOOS 'N ...
9
DUBBELMUUR! DIS SOWAAR MALLIGHEID!
♫
10
DIT LYK MY ONS AFRIGTER WIL JOU VANDAG DIE HELD MAAK, SHAKES!
HÈ? OUKEI ...
11
MMM ... LAAS TOE SHAKES 'N STELSKOP IN 'N FINALE WEDSTRYD TEEN UNITED GEHAD HET, HET HY MISGESKOP!
12
GEEN SKOP SAL OOIT ONS DUBBELMUUR DEURDRING NIE!
13
DIS WAT JY DINK, BOETIE!
JOU PLAN GAAN VIR DIE TWEEDE KEER VANDAG MISLUK!
WANT OM 'N DUBBELMUUR TE TROEF ...
14
... HET JY 'N DUBBELKURWE NODIG!
DWOOSJ

# Ons skryf oor die Supa Strikas






Bespreek wat in elke raam van die strokiesprentverhaal gebeur.
Bespreek die volgende punte in klasverband:

- hoe die toneel beskryf word
- die karakters se taalgebruik (die praatborrels)
- die klanknabootsende woorde (onomatopeë) en hoe hulle geskryf is
- die toepaslikheid en effektiwiteit van die grafiese voorstellings
- nuwe woorde
- hoe woordkeuse lyftaal beïnvloed
- die gebruik van die direkte rede en die indirekte rede




Som die strokiesprent in jou eie woorde in paragraafvorm op.

Lees die strokiesprent weer en beantwoord dan die volgende vrae:

1. Wat doen die Supa Strikas-verdediging net so graag as wat hulle sokker speel?
2. Teen watter span speel die Supa Strikas-span?
3. Watter klank maak die skeidsregter se fluitjie? Waarom blaas hy sy fluitjie in raam 4?
4. Wat is die telling? (Wenk: Kyk na raam 5 en 7.)
5. Maak 'n lys van al die klanknabootsende woorde in die strokiesprent.
6. Watter advertensies sien jy in die strokiesprent?
7. Op wie is die advertensies gerig?

Datum:

# Strokiesprente vir reklame

Ons praat

- Wat is jou gunstelingadvertensie op die radio of TV?
- Wat word daardeur geadverteer?
- Waarom hou jy daarvan?
- Sou jy die produk wat geadverteer word, koop?
- Identifiseer die teikengroep wat die produk sou koop.
- Gebruik die advertensie 'n slagspreuk vir die produk?
- Is die grafiese voorstellings toepaslik en effektief?

Ons lees




Ons skryf

Pas **soekleesvaardighede** toe en beantwoord dan hierdie vrae.

| Wat probeer die advertensie jou oorreed om te doen? |
| --- |
| |
| Oordryf of belowe die advertensie enigiets? Verduidelik jou antwoord. |
| |
| Watter klanknabootsende woorde word in die advertensie gebruik? |
| |
| Op wie is die advertensie gemik? Is die teikengehoor jongmense of bejaardes, seuns of meisies? |
| |

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Skryf jou eie advertensie





Ons skryf

Jy gaan nou die teks vir jou eie TV-advertensie skryf!

- Besluit wat jy gaan adverteer, wat jy met jou advertensie wil bereik en wie jou teikengroep is.
- Besluit teen watter agtergrond jou advertensie hom gaan afspeel, en wie die karakter(s) gaan wees.
- Besluit ook hoe jy aksie by jou advertensie sal voeg.
- Verdeel jou advertensie in vier tonele.
- Teken 'n prentjie of plak prente in om elke toneel te illustreer.
- Skryf 'n teks om presies aan te dui wat elke persoon sal sê.

Onthou om klanknabootsende woorde te gebruik. Jy kan ook jou eie nuwe woorde skep.

Gebruik 'n geheuekaart om jou skryfwerk te **beplan**. • Voltooi jou **eerste weergawe** in blok 1 - 4. • **Hersien** en **korrigeer** jou teks. • Skryf jou **finale weergawe** op bl. 57.

| Wat gaan jy adverteer? | Wie is die teikengroep? | Wie is die karakters in die advertensie? |
| --- | --- | --- |
| | | |
| | | |
| Wat is die doel van die advertensie? | Waar speel die advertensie hom af? | |
| | | |
| | | |

1

2

3


4

Datum:

Gebruik jou advertensiebeplanner om jou TV-advertensie te skryf.

1

2



3

4




Wanneer jy die hele teks vir jou TV-advertensie geskryf het, kies lede van jou groep om dit te dramatiseer en te wys hoe dit op TV sal lyk.

# Taalstrukture en -konvensies






Verdeel hierdie woorde in klank- en lettergrepe.

| Woord | Klankgreep | Lettergreep |
|---|---|---|
| debatteer | | |
| botter | | |
| bakkie | | |
| bejammer | | |
| spinnekop | | |

Daar is 'n verskil tussen 'n klank en 'n letter. Klanke is dit wat mense hoor, terwyl letters geskryf word. In die spreektaal verdeel ons 'n woord in klankgrepe (asemstote), maar as ons skryf, gebruik ons lettergrepe.

**TAAL**

| GESPROKE TAAL | GESKREWE TAAL |
|---|---|
| spraak | skrif |
| klank | letters |
| uitspraak | spelling |

plakkers pla-kkers (klankgreep)
plakkers plak-kers (lettergreep)

Soek **sinonieme** (woorde met dieselfde betekenis) vir hierdie woorde of frases in die strokiesprent op bl. 52-53 en die advertensie op bl. 55. Gee dan jou eie **antonieme** (woorde met die teenoorgestelde betekenis) vir elke woord of frase.

| Betekenis | Sinoniem | Antoniem |
|---|---|---|
| iets wat uit die lug op die aarde arriveer | | |
| hoe jy voel wanneer jy lank laas geëet het | | |
| gewild | | |
| die "onderste" helfte van die aarde | | |

Verbind hierdie uitdrukkings met hul betekenisse.

| Uitdrukking |
|---|
| aan bewind kom |
| baanbrekerswerk doen |
| op jouself aangewese wees |
| blad skud |
| standvastig bly |

| Betekenis |
|---|
| as pionier optree |
| op jouself moet staatmaak |
| beheer oorneem |
| onbeweeglik bly |
| met die hand groet |

- **Beeldspraak** beteken om iets figuurliks oor te dra d.m.v 'n vergelyking, 'n metafoor, personifikasie, idiomatiese uitdrukkings, ens.
- **Idiomatiese en vaste uitdrukkings** is uitdrukkings wat eie aan die taal is.



Dikwels beskryf ons iets deur te sê dat dit soos iets anders is. Dit word 'n **vergelyking** genoem. Ons gebruik dikwels dierebeelde in vergelykings.

Skryf jou eie vergelyking waarin jy die spoed of krag van die Woematjor met dié van 'n dier vergelyk.

Datum:




Omkring die woorde met die korrekte spelling in hierdie sinne.

Die **hont/hond** blaf **ferskriklik/ verskriklik** vir die **freemde/ vreemde** mense.

Die **brief/briev** word deur 'n man op 'n **pert/perd** afgelewer.

Voltooi die tabel deur die meervoude en verkleinwoorde in te vul.

| Woord | Meervoud | Verkleining |
|---|---|---|
| laan | | |
| span | | |
| skip | | |
| enjin | | |
| metaal | | |

## Ons hersien spelreëls en spelpatrone

As jy nie seker is of 'n woord met 'n **-d** of 'n **-t** eindig nie, sê die meervoud of vorm 'n ander woord, bv. hond – honde, goed – goedere.

**V** staan nooit aan die einde van 'n woord of lettergreep nie.

**Meervoudspelreëls**:

**Kort klanke:** Die medeklinker aan die einde van die woord verdubbel en die woord kry 'n **-e** by, bv. kat – kat**te.**

**Lang klanke:** Een van die klinkers in die middel val weg en die woord kry 'n **-e** by, bv. boom – bom**e**.

**Tweeklanke:** Voeg 'n -e of -s agter aan die woord by, bv. dier – dier**e**.

**Verkleinwoorde** kan gevorm word deur die volgende agtervoegsels te gebruik:

| | |
|---|---|
| -jie | woorde wat op t of d eindig, bv. hond – hondjie |
| -tjie | bv. venster – venstertjie |
| -kie | meerlettergrepige woorde wat op -ng eindig: gooi die -g weg en voeg -kie by, bv. doring – dorinkie |
| -etjie | eenlettergrepige woorde wat op -ng eindig, bv. wang – wangetjie |
| -pie | woorde wat op -m eindig, bv. arm – armpie |
| -ie | bv. oog - ogie |

**Onthou:** Daar is altyd uitsonderings op elke reël.

## Ons hersien lees- en skryftekens

- Die ^ kom net op klinkers/vokale. 'n **Kappie** dui aan dat die klank as 'n lang klank uitgespreek moet word, bv. lê.
- Die **deelteken** word op aangrensende klinkers van verskillende lettergrepe geplaas indien hulle verkeerdelik as 'n tweeklank uitgespreek sou kan word, bv. leë.
- Die **afkappingsteken** word soms gebruik by die meervoud of verkleining van woorde wat eindig op 'n beklemtoonde **a** of op 'n **i**, **o** of **u**, of op letters wat nie uitgespreek word nie, bv. pa – pa's; impi – impi's; balju – balju's; hobo- hobo's, Roux – Roux's.
- **Aanhalingstekens** word gebruik om direkte spraak aan te dui, bv. Piet sê: "Ek hou van jou." Onthou aanhalingsteken sluit na die laaste leesteken.
- Die **aksentteken** word op klinkers geplaas. Dit word gebruik om iets te beklemtoon, bv. ongelóóflik.

Herskryf hierdie sinne en vul die nodige hoofletters asook lees- en skryftekens in.



danie vra anna sal jy asseblief die sker gaan bere

ons gesin het 'n tradisie om videos te kyk en springmielies te eet as dit reen

# Hennie is 'n rugbyster!





Ons lees

Voer hierdie toneelstuk op. Julle sal 'n moeder, 'n vader, 'n seun en 'n verteller nodig hê. Die verteller moet die dele tussen die dialoog (die woorde wat die karakters vir mekaar sê) lees.

**Toneel**: In Hennie se sitkamer. Hy lê op die rusbank en kyk na 'n rugbywedstryd op TV. Sy ma en pa kyk besorg na hom omdat hy nie sy huiswerk doen nie.

Die toneel- en verhoogaanwysings verskyn tussen vierkantige hakies.

MOEDER: Hennie, het jy jou huiswerk gedoen?

HENNIE: Hm … aa .. wel, **min of meer**. Hm … ek het nie regtig baie huiswerk nie, Ma. Al wat ek moet doen, is om 'n storie van 300 woorde oor iets te skryf. Ek sal dit doen, maar ek wil net gou eers die res van die wedstryd kyk.



MOEDER: Hennie Havenga, gaan doen nou dadelik jou huiswerk! [Tel boeketas van die vloer af op en sit dit bo-op die tafel neer.]

Ons skryf die name van die karakters in hoofletters. Ons gebruik 'n dubbelpunt (:) na hulle name. Ons gebruik geen aanhalingstekens nie.

HENNIE: Ai Ma! Hoe kan ons onderwyser ons vra om 'n storie van 300 woorde te skryf? Ek is nie Shakespeare nie! Driehonderd woorde! Dit sal 'n ewigheid duur! Waaroor sal ek skryf? Kan ek nie net gou eers na hierdie wedstryd tussen die Bulle en die Leeus kyk nie? Ek sal direk ná die wedstryd my huiswerk begin doen, ek belowe!

VADER: [Haal 'n boek uit die skoolsak en maak dit oop.] Dalk sal dit jou help. Kyk na hierdie breinkaart in jou werkboek. Dit sê jy moet jou onderwerp in die middel skryf, en dan jou vier hoofgedagtes in elk van hierdie vier raampies. Dis baie maklik! Komaan, seun.

HENNIE: Maar Pa, waaroor kan ek skryf? Ek sal begin met my naam en van. Dan het ek reeds twee woorde. Nog het 298 woorde! Ek wens ek kan net die wedstryd klaar kyk. Okei, okei, ek sal begin dink. Waaroor sal ek skryf? [Hennie raak aan die slaap met sy kop op sy boeketas.]

VERTELLER: Hoe meer Hennie aan 'n onderwerp probeer dink, hoe vaker word hy. Hy gaap luidrugtig en sit sy kop op sy boeketas neer. Gou is hy vas aan die slaap. Hy droom van die wedstryd waarna hy besig was om te kyk. Hy sit by Loftus in die voorste ry, net agter die doelpale. Hy hou die bal senuweeagtig dop. Sy span verloor en daar bly nog net vyf minute oor. Die flank loop mank, en die beseerde losskakel is pas van die veld af gedra. Uit desperaatheid spring Hennie self op die veld en onderskep die bal by

Die verteller vertel die deel van die storie wat nie deur die karakters voorgestel word nie.

Datum:

die opponente. Hy is vinniger en ratser as enige van die ander span se spelers. Dan span Hennie elke spier in sy liggaam in, en konsentreer hy soos nog nooit tevore nie. Drie sekondes voordat die eindfluitjie blaas, mik hy 'n skepskop pale toe. Die bal trek soos 'n **pyl uit 'n boog** en seil perfek tussen die pale deur! Hennie se glimlaggende gesig verskyn op miljoene TV's oor die hele land. Die kommentator skree opgewonde: Hennie Havenga het pas die wenpunte aangeteken! Ons het 'n nuwe rugbyster, Hennie Havenga! Suid-Afrika, hier is julle nuwe ster!

MOEDER: [Maak vir Hennie wakker.] Hennie, word wakker! Jy het huiswerk om te doen!


HENNIE: Wat? Wat is aan die gang?

VADER: Hennie! Wat dink jy doen jy? Jy moet jou huiswerk klaarmaak!

MOEDER: Dalk het die slapie jou die energie gegee wat jy nodig het om jou storie te skryf. Wil jy hê ek moet jou help dink aan 'n onderwerp vir jou storie?

HENNIE: [Met 'n breë glimlag.] Nee dankie, Ma. Ek weet presies waaroor ek gaan skryf!





Ons skryf

| Waaroor dink jy gaan Hennie skryf? |
| --- |
| |
| Wat bedoel Hennie wanneer hy sê: "Ek is nie Shakespeare nie"? |
| |
| |
| Beskryf die agtergrond waarteen die toneelstuk hom afspeel. (Waar vind die gebeure plaas?) |
| |
| Som die toneelstuk in drie gebeure op. |
| 1 |
| 2 |
| 3 |

ONDERWYSER: Teken ____ Datum ____

# Sleutelkenmerke van 'n dramateks



**Drama/ toneelstuk**

Teks wat geskryf word met die doel om opgevoer te word.

Stereotiepe stellings is veralgemenings, bv. Alle seuns moet rugby speel.

Tegnieke om die gehoor se aandag gevange te hou:
- Tydspronge
- Konflik tussen mense
- Onverwagte gebeure
- Beeldspraak en klankeffekte

Ons maak ook seker dat die teikengroep hulle met die gebeure in die drama kan vereenselwig.

**Uitleg:**

**Karakters se woorde** word in dialoogformaat uiteengesit. Die naam word in hoofletters gegee, gevolg deur 'n dubbelpunt en dan die karakter se woorde.

**Toneelaanwysings** word tussen hakies aangedui. Dit beskryf waar die toneel hom afspeel en hoe karakters moet aantrek of optree. Dit beskryf ook klankeffekte.






Lees die toneelstuk op bl. 60 en 61 weer. Dui aan watter tegnieke in die toneelstuk gebruik is en hoe hulle toegepas is.

| Tegniek | ✓ | Beskrywing |
|---|---|---|
| Tydsprong | | |
| Konflik | | |
| Onverwagse gebeure | | |
| Beeldspraak | | |
| Klankeffekte | | |

Datum:

# Skryf jou eie toneelstuk

Ons skryf

Werk in groepverband en skryf 'n toneelstuk. Vul die tabel in om met die beplanning te help.

| **Karakters** Vul die name in van die maats wat die verskillende rolle sal speel. | **Beskryf elke karakter.** | **Sê wat die karakter moet aantrek.** | **Wat sal die karakters sê?** |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

Hou saam met jou groep 'n dinkskrum om idees vir die teks te kry, en gebruik die geheuekaart om jou idees te organiseer.

Wie is die karakters?

Wat is die agtergrond? Beskryf die toneel.

Titel

Wat is die storielyn of intrige?

Eers

Toe

Later

Uiteindelik

Ontwerp ´n plakkaat om julle toneelstuk te adverteer.

ONDERWYSER: Teken Datum

# 95 Skryf jul eie drama




Skryf die **eerste weergawe** van julle toneelstuk in jou klaswerkboek. **Hersien** en **korrigeer** waar nodig en skryf die **finale weergawe** hier.

Titel

| | |
|---|---|
| Agtergrond | |
| Karakters | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

Datum:

Voltooi julle drama hier.

Ontwerp 'n plakkaat om julle toneelstuk te adverteer.

ONDERWYSER: Teken Datum

# Taalstukture en -konvensies








Ons skryf

Verdeel hierdie woorde in klank- en lettergrepe.

| Woord | Klankgreep | Lettergreep |
|---|---|---|
| opponente | | |
| hulle | | |
| plekke | | |
| kommunikeer | | |
| boeksakke | | |



Soek in die toneelstuk op bl. 60 tot 61 **sinonieme** (woorde met dieselfde betekenis) vir hierdie woorde of frases en skryf dit neer.

| Betekenis | Sinoniem |
|---|---|
| 'n vertrek in 'n huis waar daar gekuier word | |
| 'n kind se vroulike ouer | |
| die werk wat jy na skool doen | |
| 'n baie lang tydperk | |
| teenstanders | |


Soek in die toneelstuk op bl. 60 tot 61 **antonieme** (woorde met die teenoorgestelde betekenis) en voltooi hierdie tabel.

| Woord | Antoniem |
|---|---|
| dogter | |
| wen | |
| ontspanne | |
| saggies | |



Datum:

# Meer oor taalstrukture en -konvensies



Ons skryf

Verbind hierdie uitdrukkings met hul betekenisse.

| Uitdrukking |
|---|
| op die planke bring |
| min of meer |
| onder die masker van |
| in die kollig wees |

| Betekenis |
|---|
| onder die dekmantel van |
| 'n nuwe toneelstuk opvoer |
| die middelpunt van die aandag wees |
| naastenby |

Skryf 'n vergelyking uit die toneelstuk op bl. 60 tot 61 hier neer.

Herskryf hierdie sin in die **indirekte rede**:

MOEDER: Hennie Havenga, gaan doen nou dadelik jou huiswerk!

**Die vereistes vir die indirekte rede:**
1. Aanhalingstekens val weg.
2. Hooflettergebruik verander.
3. Voornaamwoorde verander.
4. 'n Vraagsin in die direkte rede vra nie meer 'n vraag in die indirekte rede nie; die vraag word nou 'n stelsin. Die vraagteken val ook weg.

Herskryf hierdie sin in die **direkte rede** en vul die nodige hoofletters asook lees- en skryftekens in.
hennie maar pa  waaroor kan ek skryf

**Voltooi hierdie woorde deur -t of -d in te vul:**

Hennie dra 'n groo__, swar__ hoe__ by die rugbywe__stry__ wan__ hy is bang die son bran__ hom.

**Voltooi hierdie woorde deur v- of f- in te vul:**

Die __rou ry __innig met haar __iets winkel toe om 'n __is te gaan koop.



ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Kontrolelys



| Ek kan | 🙂 | 🙁 |
| --- | --- | --- |
| die kenmerke van ’n verhaal bespreek. | | |
| oordrywing en stereotipes identifiseer. | | |
| ’n verhalende teks lees. | | |
| idiomatiese uitdrukkings identifiseer. | | |
| die teks soeklees en spesifieke vrae beantwoord. | | |
| ’n gedeelte in die teks opspoor. | | |
| beskryf hoe ’n karakter se gevoelens verander het. | | |
| die agtergrond, intrige en karakters in die storie identifiseer. | | |
| ’n mening oor verhoudinge tussen kultuurgroepe lug. | | |
| ’n geheuekaart oor ’n storie opstel. | | |
| die storie aan die hand van die geheuekaart oorskryf. | | |
| die eienskappe van ’n brief bespreek. | | |
| ’n vriendskaplike brief lees. | | |
| die teenwoordige, verlede en toekomende tyd onderskei. | | |
| die brief soeklees om bepaalde frases en sinne te vind. | | |
| meerkeusevrae oor die brief beantwoord. | | |
| ’n geheuekaart gebruik om ’n brief te beplan. | | |
| ’n vriendskaplike brief skryf. | | |
| ’n e-pos lees. | | |
| die e-pos soeklees om bepaalde vrae te beantwoord. | | |
| homofone en homonieme identifiseer. | | |
| woordtipes identifiseer. | | |
| verkleinings voorsien. | | |
| woordsoorte identifiseer. | | |
| die bedrywende en die lydende vorm gebruik. | | |
| woorde met hul sinonieme en antonieme verbind. | | |
| voegwoorde gebruik om sinne te verbind. | | |
| enkelvoudige, saamgestelde en veelvoudige sinne skryf. | | |
| sinne in die verlede en toekomende tyd oorskryf. | | |
| die ontkennende vorm gebruik. | | |
| afkortings en akronieme voorsien. | | |
| ’n strokiesprentverhaal vluglees. | | |
| aspekte van die strokiesprentverhaal bespreek. | | |
| elke raam van die verhaal beskryf. | | |
| sinne in die direkte rede oorskryf. | | |
| ’n mening oor advertensies uitspreek. | | |
| ’n strokiesprent-advertensie lees. | | |
| die advertensie soeklees om bepaalde vrae te beantwoord. | | |
| ’n eie advertensie beplan. | | |
| ’n advertensie skryf. | | |
| ’n advertensie rolspeel. | | |
| klank- en lettergrepe identifiseer. | | |
| sinonieme en antonieme voorsien. | | |
| vaste uitdrukkings met hul betekenisse verbind. | | |
| ’n eie vergelyking skryf. | | |
| die korrekte spelling identifiseer. | | |
| meervoude en verkleinwoorde vorm. | | |
| hoofletters asook lees- en skryftekens in sinne invul. | | |
| ’n toneelstuk lees. | | |
| die toneelstuk opvoer. | | |
| vrae oor die toneelstuk beantwoord. | | |
| die toneelstuk opsom. | | |
| tegnieke in die toneelstuk identifiseer. | | |
| ’n toneelstuk in groepverband skryf. | | |

I n h o u d

# Tema 7: Hoe dit gedoen word

Kwartaal 4: Week 1 - 4

## Week 1 – 2: Onderhoude en taaldinge


97 Onderhoud met 'n musiekster 70

Luister na 'n radio-onderhoud.
Bespreek die onderhoud in groepverband.
Rolspeel die onderhoud.
Beoordeel mekaar se onderhoude.

98 Ons dink na oor die onderhoud 72

Soeklees die onderhoud en beantwoord vrae op grond daarvan.
Spreek 'n eie mening uit.
Identifiseer stereotipering.
Voltooi sinne deur antonieme te voorsien.
Verbind sinonieme met mekaar.
Gebruik homofone en homonieme in sinne.

99 Voer jou eie onderhoud 74

Voltooi 'n geheuekaart deur vrae vir 'n onderhoud in te vul.
Voer 'n onderhoud met die gekose persoon of met 'n klasmaat.
Vul antwoorde op vrae in.
Rolspeel die onderhoud voor die klas.

100 Ons hersien bywoorde 76

Identifiseer bywoorde en dui die tipe aan.
Identifiseer die woorde wat beskryf word.

101 Onthou jy nog? 77

Gebruik selfstandige en byvoeglike naamwoorde in sinne.
Voorsien meervoudsvorme en verkleiningsvorme.

102 Gebruik 'n onderhoudvraelys 78

Gebruik 'n vraelys om 'n onderhoud te voer.
Teken die bevindinge van die onderhoud aan.
Skryf 'n verslag oor die bevindinge.

103 Taalstrukture en -konvensies 80

Identifiseer woorddele en woordsoorte.
Skryf sinne in die ontkennende vorm oor.
Verbind woorde met hul betekenisse.
Identifiseer taalverskynsels.
Verbind idiome met hul betekenisse.

104 Ontwerp 'n onderhoudvraelys 82

Voer 'n onderhoud aan die hand van 'n vraelys.
Stel 'n tabel van die bevindinge op.
Skryf 'n verslag oor die bevindinge.


## Week 3 - 4: Lees om inligting te bekom


105 Taalstrukture en -konvensies 84

Hersien spelreëls en spelpatrone.
Identifiseer woorde wat korrek gespel is.
Voorsien meervoud- en verkleiningsvorme.
Skryf 'n sin in die direkte rede oor.
Hersien lees- en skryftekens.
Herskryf 'n gesprek in dialoogformaat.

106 Die sewe kontinente 86

Vul die name van die sewe kontinente en die groot oseane in.
Voorsien die kaart van byskrifte.

107 Vasvra oor die wêreldkaart 88

Speel 'n vasvra-speletjie oor die wêreldkaart.

108 Soveel kulture 90

Voer 'n onderhoud en teken die bevindinge aan.
Vind antwoorde op vrae oor 'n ander land.
Voltooi trappe van vergelyking in sinne.

109 Ons behoort aan een familie 92

Lees 'n inligtingsteks.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Identifiseer meervoude en verkleinwoorde.
Gebruik die verkleinwoorde in beskrywende sinne.
Lees 'n inligtingsteks oor kinders in ander lande.
Voltooi 'n tabel met inligting uit die teks.

110 Mevrou Ples en Little Foot 94

Lees 'n teks uit 'n webtuiste oor erfenisterreine.
Identifiseer afkortings, akronieme, samestellings en afleidings.

111 Ons erfenis 96

Beantwoord vrae op grond van die inligting uit die webtuiste.
Ontwerp 'n plakkaat om die Wieg van die Mensdom te adverteer.
Maak sinne met bywoorde van tyd.
Identifiseer werkwoorde en hulpwerkwoorde.
Teken prente om dubbelsinnigheid uit te lig.

112 Beplan 'n pamflet 98

Beplan 'n brosjure om die Wieg van die Mensdom of 'n ander Wêrelderfenisterrein te adverteer.
Doen navorsing om inligting vir die brosjure op te spoor.
Ontwerp die brosjure.




# Onderhoud met 'n musiekster






Luister aandagtig terwyl jou onderwyser hierdie onderhoud voorlees.

## Welkom by ons program, Tienertyd!



Dit is Danie Swanepoel van Tienertyd, en vandag voer ons 'n onderhoud met die beroemde sanger, Bobby van Jaarsveld. Welkom by ons program, Bobby!

Baie dankie, dit is 'n voorreg om vandag met die luisteraars te kan gesels.

Daar is baie jong bewonderaars wat meer oor jou te wete wil kom. Vertel vir ons waar en wanneer jy gebore is?

Ek is op die 6de Maart 1987 in Paarl in die Wes-Kaap gebore.

Vertel vir ons meer van jou familie en jou lewe voordat jy 'n musiekster geword het.

My doopnaam is Pieter. Ek het my bynaam Bobby by my pa gekry. Ek is die middelste van 3 kinders, en ek het twee sussies: Karlien en Cara. Ons moes baie verhuis a.g.v. my pa se werksomstandighede – ek was in 7 verskillende laerskole! Ek het egter net een hoërskool bygewoon, naamlik die Hoërskool Brits, waar ek ook gematrikuleer het. Op 7 Januarie 2011 is ek met Anna Rheeders getroud, en vandag het ons twee seuns: Sion en Leben, wat ons groot vreugde verskaf.

Van watter sportsoorte en ander ontspanningsaktiwiteite hou jy?

Op skool het ek aan hokkie, rugby, krieket en atletiek deelgeneem. Ek hou daarvan om te gaan fliek en is baie lief vir springmielies. Ek is mal oor duik, en wanneer ek die kans kry om te gaan diepseeduik, doen ek dit. Andersins moet ek liedjies skryf en babas oppas. Op hierdie stadium is dit my stokperdjie: kinders grootmaak.

Het julle enige troeteldiere?

Ek is baie lief vir alle diere. Een van my troeteldiere op skool was 'n slang, alhoewel hy darem nie giftig was nie. Later het ek ook 'n iguana aangeskaf. My lieflinghond se naam was Baboo, wat 'n steekhaar-terriër was. As ek nie 'n sanger geword het nie, sou ek beslis 'n veearts geword het.

Hoe het jou loopbaan begin?

Ek het op hoërskool aan talentkompetisies begin deelneem, en daar het my liefde vir die musiekbedryf begin. Ek het my eerste CD-kontrak in Graad 11 gekry, en my eerste solo-CD is vroeg in my matriekjaar uitgereik. Daarna het ek professioneel begin optree.

Datum:



### Vertel vir ons meer van jou loopbaan.

Eerstens wil ek dankie sê aan elkeen wat my altyd ondersteun. Ek waardeer julle uit my hart uit. Ek sê dit altyd en sal dit weer en weer sê – ons kan net doen wat ons doen solank julle ons CD's en DVD's koop en ons konserte bywoon. Deur genade kon ek al 3 albums vrystel, nl. *Duisende Ure*, *Net Vir Jou* en *Wat Geld Nie Kan Koop Nie*. Ek het ook reeds verskeie musiekvideo's vrygestel, o.a. "Spieëltjie", 'n Vrou wil dit Hoor", "Net vir Jou" en "Kyk waar is ons Nou". Ek het ook opgetree in die rolprente *Liefling* en *As Jy Sing*. Afgesien van my alleenoptredes sedert 2001 het ek ook van 2007 tot 2011 aan die Skouspeloptredes deelgeneem, en sedert 2012 neem ek aan die "Afrikaans is Groot"-opvoerings deel.

### Wat is jou boodskap aan ander jongmense?

Ek wil jongmense aanmoedig om hulle droom uit te lewe en altyd te weet waar hulle krag en sukses vandaan kom. Die feit dat ek my droom kan uitleef is pure genade. Ek dank my hemelse Vader vir sy liefde en genade, want dit is waar my krag vandaan kom.




Bespreek hierdie vrae in groepverband.







- ❖ Wie dink jy sou na hierdie radioprogram luister? Dink jy die luisteraars sou hoofsaaklik ouer mense of jongmense wees?
- ❖ Dink jy hulle sou in stede of in landelike gebiede woon?
- ❖ Is daar nog sulke programme op Suid-Afrikaanse radiostasies of op TV?
- ❖ Wat is die name van die programme?
- ❖ Hou jy van Bobby van Jaarsveld? Sê waarom. Is daar ander sterre met wie jy graag 'n onderhoud sou wil voer?




Werk in pare.

Rolspeel hierdie onderhoud met Bobby van Jaarsveld. Jy en jou maat kan beurte maak om die radio-ommroeper en Bobby te wees.



Beoordeel julle onderhoud volgens die volgende kriteria:

| **Kriteria** | □/□ |
|---|---|
| Duidelike uitspraak | |
| Voldoende volume | |
| Wisseling van stemtoon | |
| Tempo (nie te vining of te stadig nie) | |

Gee jou maat indien nodig raad voordat julle die onderhoud weer rolspeel, bv. praat stadiger, harder, ens.

ONDERWYSER: Teken Datum

# Ons dink na oor die onderhoud





Ons skryf

Soeklees die onderhoud en beantwoord dan hierdie vrae:



Wie het die onderhoud met Bobby van Jaarsveld gevoer?

Tydens watter program is die onderhoud uitgesaai?

Hoe het hy sy sangloopbaan begin?

Dink jy sy loopbaan is suksesvol? Motiveer jou antwoord.

Dink jy Bobby waardeer sy ondersteuners? Gebruik 'n aanhaling uit die teks om jou antwoord te motiveer.

Voel jy dat Bobby vir jongmense 'n voorbeeld van positiewe sosiale waardes is? Jy kan jou antwoord motiveer uit die onderhoud of uit ander bronne soos koerantberigte oor hom.

Dink jy die onderhoudvoerder se keuse van vrae was doeltreffend? Motiveer jou antwoord.

Watter ander vraag sou jy nog gestel het?

Stereotiepe stelling: Alle suksesvolle mense het ryk grootgeword. Dui aan of hierdie stelling waar of onwaar is. Motiveer jou antwoord.

Datum: 



Ons skryf

Voltooi hierdie sinne deur die woorde tussen hakies deur antonieme (woorde met die teenoorgestelde betekenis) te vervang.



______ (Vanaand) voer ons 'n onderhoud met die ______ (onbekende) sanger, Bobby van Jaarsveld.

Daar is baie ______ (bejaarde) bewonderaars wat ______ (minder) oor jou te wete wil kom.

Ek het ______ (laat) in my lewe besef dat besittings nie die ______ (onbelangrikste) ding is nie.

Verbind hierdie **sinonieme** met mekaar.

| | |
|---|---|
| deelnemer | oorreed |
| positief | imponeer |
| loopbaan | mededinger |
| beïndruk | beroep |
| oortuig | optimisties |



**Homofone** klink dieselfde, maar word verskillend gespel en het verskillende betekenisse.
**Homonieme** is woorde wat dieselfde lyk en klink, maar wat verskillende betekenisse het.
Gebruik die volgende homofone in sinne sodat hulle betekenis duidelik word.

ryk ______

reik ______

peil ______

pyl ______

Gebruik die volgende homonieme in sinne sodat hulle betekenis duidelik word.

bloei ______

bloei ______

berg ______

berg ______

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______


# Voer jou eie onderhoud






Vandag is jy 'n radio-omroeper. Dink met wie jy 'n onderhoud wil voer. Vul die persoon se naam in die raampie in die middel van die spinnekopdiagram in. Dink nou aan die vier belangrikste vrae wat jy oor sy of haar lewe en loopbaan wil vra. Vul hulle op hierdie geheuekaart in.

1 ______________________



2 ______________________

My vier belangrikste vrae vir ______________________

3 ______________________



4 ______________________




Voer nou indien moontlik 'n werklike onderhoud met die persoon wat jy gekies het, en vra hom of haar jou vier vrae. Indien dit nie moontlik is nie, vra 'n maat om voor te gee om daardie persoon te wees, en doen 'n rolspel van die onderhoud.



Datum: ____________






Vul die antwoorde op jou vier vrae in.

**'n Onderhoud met** ______________________________

**Antwoord op vraag 1**

______________________________
______________________________
______________________________
______________________________

**Antwoord op vraag 2**

______________________________
______________________________
______________________________
______________________________

**Antwoord op vraag 3**

______________________________
______________________________
______________________________
______________________________

**Antwoord op vraag 4**

______________________________
______________________________
______________________________
______________________________




Rolspel jou en jou maat se onderhoud voor die klas.



ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Ons hersien bywoorde



## Watter verskillende soorte bywoorde is daar?

Soos jy in vorige werkkaarte geleer het, sê **bywoorde** vir ons **wanneer** (**tyd**), **waar** (**plek**), **hoe** (**wyse**) en **hoeveel** of in **watter mate** (**graad**) iets gedoen word.

'n Kykie na bywoorde

Bywoorde gee meer inligting oor werkwoorde, byvoeglike naamwoorde, ander bywoorde, sinsdele ens.

- Ons sing **mooi**. (Dit beskryf die werkwoord.)
- Ons sing **baie** mooi. (Dit beskryf die bywoord.)
- Ons sing 'n **vrolike**, tradisionele liedjie. (Dit beskryf die byvoeglike naamwoord.)

Bywoorde beantwoord dus vrae oor wanneer, waar, hoe en in watter mate iets gedoen word.

| Werkwoorde | Tyd | Graad | Wyse | Plek |
|---|---|---|---|---|
| Nomsa swem | elke dag | baie | geesdriftig | in die swembad. |
| My oupa stap | smiddae | gereeld | stadig | winkel toe. |
| My ma ry | soggens | geweldig | vinnig | werk toe. |




Onderstreep die bywoord in elke sin en sê of dit die tyd (wanneer), plek (waar), wyse (hoe) of graad (hoeveel) van die aksie beskryf. Omkring die woord wat beskryf word.

| Sin | Bywoord van … | Woordsoort wat beskryf word |
|---|---|---|
| Hy praat saggies. | wyse | werkwoord |
| Bobby woon in Suid-Afrika. | | |
| Ons vertrek môre Sun City toe vir die Skouspelopvoering. | | |
| Sy voer 'n goeie onderhoud. | | |
| Hy sing mooi omdat hy hard oefen. | | |
| Die koor sing pragtig. | | |
| Hulle sal môreoggend 'n onderhoud voer. | | |
| Ek sal nooit 'n onderhoud kan voer nie. | | |
| Die kinders het aandagtig na die onderhoud geluister. | | |
| Hulle het per bus huis toe gekom. | | |
| Hulle sing nou. | | |
| Ek het gister radiostasie toe gegaan. | | |

# Onthou jy nog?




Gebruik hierdie selfstandige naamwoorde en byvoeglike naamwoorde om jou eie sinne te skryf. In die eerste sin moet jy die byvoeglike naamwoord voor die selfstandige naamwoord skryf. In die tweede sin moet jy die byvoeglike naamwoord ná die selfstandige naamwoord skryf.

Selfstandige naamwoorde is die name van mense, dinge en plekke.

| | |
|---|---|
| lank | seun |
| Hy is 'n lang seun. | Die seun is lank. |
| talentvol | meisie |
| | |
| bekwaam | omroeper |
| | |
| getrou | luisteraar |
| | |
| streng | bestuurder |
| | |
| pragtige | liedjie |
| | |

Voltooi hierdie tabel deur die meervoudsvorme en verkleiningsvorme in te vul.


| Woord | Meervoud | Verkleining |
|---|---|---|
| seun | | |
| lied | | |
| onderhoud | | |
| ma | | |
| radio | | |



ONDERWYSER: Teken ____ Datum ____

# Gebruik 'n onderhoudsvraelys







- Hoe vind ons uit of mense van iemand of iets hou of nie?
- Een manier om uit te vind, is om met hulle 'n onderhoud te voer en te vra wat hulle van die persoon of ding dink.
- So 'n onderhoud moet voorberei word, anders vergeet ons dalk watter vrae om te stel of vra ons die verkeerde vrae.
- Daarom stel ons 'n vraelys op wat ons tydens die onderhoud kan gebruik.
- Gebruik hierdie vraelys om uit te vind wat jou maats van die skoolstelsel dink en wat hulle graag sou wil verander.
- By die laaste vraag staan "Ander". Daar kan jy enige vraag van jou keuse invul, solank dit oor dieselfde onderwerp handel.
- Vra tien maats om **ja** of **nee** op hierdie vrae te antwoord

**Opname oor die verandering van die skoolstelsel**

Vul die totale getal regmerkies of kruisies in.

| Maak 'n regmerkie vir **ja** of 'n kruisie vir **nee** in die kolomme langs die vrae. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | Totaal ja's | Totaal nees |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Ons behoort toegelaat te word om enige klere skool toe te dra, nie net skooldrag nie. | | | | | | | | | | | | |
| 2. Ons behoort sport voor skool te beoefen, wanneer dit koeler is, eerder as in die middag. | | | | | | | | | | | | |
| 3. Die skooldag moet langer gemaak word om huiswerk onnodig te maak. | | | | | | | | | | | | |
| 4. Aparte skole vir seuns en meisies is beter as gemengde skole. | | | | | | | | | | | | |
| 5. Kinders behoort oor skoolreëls geraadpleeg te word. | | | | | | | | | | | | |
| 6. Ander | | | | | | | | | | | | |

Vul die resultate van jou onderhoude in hierdie tabel in:



***Tabel 1:* Bevindinge van opname oor verandering van die skoolstelsel**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Vul in hoeveel maats met hierdie stelling saamstem. | | | | | | |
| | Skaf skooldrag af | Oggendsport | Langer skooldae | Aparte skole | Raadpleging oor reëls | Ander |

Datum:




Ons skryf

Skryf nou 'n verslag oor jou bevindinge.
Skryf minstens twee sinne oor elke vraag.



**Vraag 1:** Het jou maats saamgestem dat hulle enige klere waarvan hulle hou, skool toe behoort te kan dra?



**Vraag 2:** Wat het jou maats gedink van sport voor skool?



**Vraag 3:** Het jou maats saamgestem dat die skooldag verleng behoort te word sodat hulle nie huiswerk hoef te doen nie?



**Vraag 4:** Verkies jou maats gemengde skole (seuns en meisies) of aparte skole?



**Vraag 5:** Het jou maats saamgestem dat leerders oor skoolreëls geraadpleeg behoort te word?

**Vraag 6:** Watter "ander" vraag het jy gestel?

Wat het jou maats daarop geantwoord?

Noudat jy uitgevind het hoe hulle oor hierdie sake voel, hoe dink jy behoort die skoolstelsel verander te word?



ONDERWYSER: Teken Datum

# 103 Taalstrukture en -konvensies



Hierdie woorde kom uit Bobby se onderhoud op bl. 70 – 71.

1. Onderstreep die **basisvorm** van elke woord. Omkring die **voorvoegsels** dan met rooi, die **agtervoegsels** met blou en die **verbindingsklanke** met groen.
2. Dui aan (□) of die woord 'n afleiding of 'n samestelling is.

**WOORDVORMING**

Onthou jy nog hoe woorde gevorm word? Ons kry:

- **Basiswoorde** (die kleinste sinvolle deel van 'n woord)
- **Afleidings** (basis + voorvoegsel en/of agtervoegsel of verbindingsklank)
  **Samestellings** (basis + basis)


| Woord | Afleiding □ | Samestelling □ |
|---|---|---|
| tienertyd | | |
| luisteraars | | |
| musiekster | | |
| laerskole | | |
| musiekbedryf | | |

**DIE ONTKENNENDE VORM**

In die ontkennende vorm word sake in die negatiewe vorm gestel, bv. **Sy het nie gebel nie.**

Let op die volgende:

- Ons gebruik die dubbele **nie** om die ontkennende vorm aan te dui, bv. Ek wil **nie** 'n onderhoud voer **nie.**
- As die sin net 'n onderwerp bevat, gebruik ons net een **nie**. bv. Ek sal **nie.**
- Gebruik woorde soos **moenie** saam met die woord **nie** in bevelsinne. bv. **Moenie** van my verwag om 'n onderhoud te voer **nie**!



Ons skryf

Skryf hierdie sinne in die ontkennende vorm.



Sy onderhoud het baie goed afgeloop.

______________________________

______________________________

Die kinders se opnames was suksesvol.

______________________________


______________________________

Jy moet jou opname voltooi!

______________________________

______________________________

Datum:



Ons skryf

Verbind elke woord links met sy betekenis regs.

Ons kan ons taal bewustelik verryk deur sommige van hierdie tegnieke toe te pas.

| | |
|---|---|
| versagting | met meer as een betekenis of vertolking |
| oordrywing | verbloeming |
| dubbelsinnig | vergroting; verergering |

Identifiseer die taalverskynsel in die volgende sinne deur die toepaslike blok te merk (□).

| Sin | Versagting | Oordrywing | Dubbelsinnig |
|---|---|---|---|
| Ek het geluister na die gesing van die voëls wat deur die venster gekom het. | | | |
| As iemand dood is kan ons sê hy of sy het ontslaap. | | | |
| Hy gil en skree altyd. | | | |
| Ek het my doodgelag. | | | |
| Jy moet jou boek op die stoel lees. | | | |

Verbind elke idioom met sy betekenis.

**Idiomatiese uitdrukkings** is uitdrukkings wat eie aan die taal is. Idiome sluit spreekwoorde, segswyses, gesegdes en spreuke in.

| Idioom | Betekenis |
|---|---|
| altyd op dieselfde aambeeld hamer | verward wees |
| kaatjie van die baan | altyd oor dieselfde dinge praat |
| in die war wees | die gevolge dra |
| die gelag betaal | onmoontlik om te glo |
| te dik vir 'n daalder | die voorste pretmaker |



Voltooi die onderstaande tabel deur 3 afkortings in die onderhoud met Bobby van Jaarsveld te soek. Skryf hulle in die linkerkantse kolom. Skryf hulle betekenisse in die volgende kolom. Raadpleeg 'n woordeboek indien jy vasbrand.

| Afkorting | Betekenis |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

ONDERWYSER: Teken Datum

# Ontwerp 'n onderhoudsvraelys






Vir werkkaart 101 het jy 'n onderhoudsvraelys voltooi. Jy gaan nou jou eie onderhoudsvraelys op die onderstaande templaat ontwerp.


1. Kies 'n onderwerp wat jy wil navors en skryf dit boaan die onderhoudsvraelys.
2. Stel 6 stellings/vrae saam en vul dit op die templaat in. Skryf dit in die eerste kolom by nommer 1 tot 6 in.
3. Vra tien maats om ja of nee op hierdie stellings/vrae te antwoord.

Vul die totale getal regmerkies of kruisies in.

**Onderwerp:** ______________________

| Vul 'n regmerkie vir **ja** en 'n kruisie vir **nee** in die kolomme langs die vrae in. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | Totaal ja's | Totaal nees |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | | | | | | | | | | | | |
| 2. | | | | | | | | | | | | |
| 3. | | | | | | | | | | | | |
| 4. | | | | | | | | | | | | |
| 5. | | | | | | | | | | | | |
| 6. | | | | | | | | | | | | |

Vul die resultate van jou onderhoude in hierdie tabel in:



***Onderwerp 1:*** ______________________

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Vul in hoeveel maats met hierdie stelling saamstem. | | | | | | |
| Vul die stellings/vrae in. | | | | | | |

Datum:

Ons skryf

Skryf nou 'n verslag oor jou bevindinge.
Skryf minstens twee sinne oor elke vraag.

**Vraag 1:**

**Vraag 2:**

**Vraag 3:**

**Vraag 4:**

**Vraag 5:**

**Vraag 6:**

Noudat jy uitgevind het hoe hulle oor hierdie sake voel, som op hoe jy self daaroor voel.

ONDERWYSER: Teken Datum

# 105 Taalstrukture en -konvensies



**Ons skryf**

Onderstreep die woorde met die korrekte spelling in hierdie sinne.

Ons **eet/eed** elke **Vrydagaand/Frydagaant** **brood/broot** en **konfyt/konvyt**.

Ons **familie/vamilie** hou van **finnige/vinnige** **veetjies/feetjies** en **kleurvolle/kleurfolle** **flaminke/vlaminke**.

Die **kaptein/kaptyn** **keik/kyk** **alteid/altyd** na die **dolfeine/dolfyne** wanneer hy op die see **vaar/faar**.



**Ons hersien spelreëls en spelpatrone**

- As jy nie seker is of ’n woord met ’n **-d** of ’n **-t** eindig nie, sê die meervoud of vorm ’n ander woord, bv. hond – honde, goed – goedere.
- **V** staan nooit aan die einde van ’n woord of lettergreep nie.
- **y/ei**: Alles wat met t**y**d te doen het, word met ’n “lang” **y** geskryf.

**Meervoudspelreëls:**

**Kort klanke:** Die medeklinker aan die einde van die woord verdubbel en die woord kry ’n **-e** by, bv. kat – kat**te**.

**Lang klanke:** Een van die klinkers in die middel val weg en die woord kry ’n **-e** by, bv. boom – bom**e**.

**Tweeklanke:** Voeg ’n **-e** of **-s** agter aan die woord by, bv. dier – dier**e**.

Verkleinwoorde kan gevorm word deur die volgende agtervoegsels te gebruik:

| | |
|---|---|
| -jie | woorde wat op **t** of **d** eindig, bv. hond – hond**jie**. |
| -tjie | bv. venster – venster**tjie** |
| -kie | Meerlettergrepige woorde wat op **-ng** eindig: gooi die **g** weg en voeg **-kie** by, bv. doring – dorinkie |
| -etjie | Eenlettergrepige woorde wat op **-ng** eindig, bv. wang – wang**etjie** |
| -pie | Woorde wat op **-m** eindig, bv. arm – arm**pie** |
| -ie | Bv. oog – og**ie** |

Onthou: Daar is altyd uitsonderings op elke reël.

Voltooi hierdie tabel deur die meervoude en verkleinwoorde in te vul.

| Woord | Meervoud | Verkleining |
|---|---|---|
| atleet | | |
| dogter | | |
| fee | | |
| hemp | | |
| orkes | | |
| plakkaat | | |
| stad | | |

Datum:

Herskryf hierdie sin in die direkte rede.

Danie sê dat hy ongelóóflik opgewonde is oor sy onderhoud wat hy met Bobby van Jaarsveld gaan voer.

Herskryf die gesprek tussen Danie en een van sy kollegas in **dialoogformaat**. Vul ook die nodige hoofletters en lees- en skryftekens in.

Ons hersien lees- en skryftekens

- Die ^ kom net op klinkers/vokale. 'n **Kappie** dui aan dat die klank as 'n lang klank uitgespreek moet word.
- Die **deelteken** word op aangrensende klinkers van verskillende lettergrepe geplaas indien hulle verkeerdelik as 'n tweeklank uitgespreek sou kan word.
- Die **afkappingsteken** word soms gebruik by die meervoud of verkleining van woorde wat eindig op 'n beklemtoonde **a** of op 'n **i**, **o** of **u**, of op letters wat nie uitgespreek word nie, bv. pa – pa's; impi – impi's; balju – balju's; hobo- hobo's, Roux – Roux's.
- **Aanhalingstekens** word gebruik om direkte spraak aan te dui, bv. Piet sê: "Ek hou van jou." Onthou aanhalingsteken sluit na die laaste leesteken.
- Die **aksentteken** word op klinkers geplaas. Dit word gebruik om iets te beklemtoon, bv. ongelóóflik.



is jy reg vir jou onderhoud met die beroemde sanger vanmiddag vra my kollega toe ek by die ateljee instap.

ja ek dink so maar 'n mens bly maar 'n bietjie senuweeagtig antwoord ek haar.

danie se die volgende ek het lank voorberei en my onderhoudsvrae goed deurdink dit is vir my belangrik dat die vrae aan die verwagtinge van die tieners moet voldoen. ek poog egter ook om die mas en pas se aandag vas te vang. sal jy asseblief die vrae vir my deurgaan en aanbevelings doen voordat ek met die onderhoud moet begin.

# Die sewe kontinente






Kyk na die kaart agter in die werkboek, en vul die name van die sewe kontinente en die groot oseane hier in.




Die lengte- en breedtegrade wat op die kaart aangedui word, is denkbeeldige lyne wat ons gebruik om plekke op die aarde te kry. Die breedtegrade loop van oos na wes (of van links na regs), en die lengtegrade loop van die noordpool na die suidpool (van bo na onder). Hulle kruis mekaar dus.




Datum:

Ons doen

Voorsien die kaart van byskrifte. Gebruik die volgende inligting:

Die **ewenaar** is 'n denkbeeldige lyn wat om die aarde se middellyn loop.
Die **Kreefskeerkring** lê 23° noord van die ewenaar.
Die **Steenbokskeerkring** loop 23° suid van die ewenaar.
Die **Noordpoolsirkel** is ongeveer 66° noord van die ewenaar.
Die **Suidpoolsirkel** loop 66° suid van die ewenaar.




ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Vasvra oor die wêreldkaart



17 Waar is suid op die kaart?

18 Watter oseaan moet jy oorkruis om Suid-Amerika te bereik?

19 Waar is noord op die kaart?

20 Waar is oos op die kaart?

21 Waarvan word ’n igloe in Groenland gemaak?

22 Waarom verkluim ysbere en pikkewyne nie?

23 Watter geldeenheid word in Europa gebruik?

24 Waar kom die Atlantiese en Indiese Oseaan in die suide bymekaar?

25 Hoeveel lande is daar in Afrika?

26 Hoeveel lande is daar in Suid-Amerika?

27 Wat dink jy – woon pikkewyne net by die Suidpool (Antarktika)?

28 Waar woon “Mickey Mouse”?

29 Noem ’n land in die suidelike deel van Afrika.

30 Watter olifant se ore is die kleinste – die Indiese of die Afrika-olifant?

31 Watter oseaan moet jy oorkruis om van Suid-Afrika tot by Australië te kom?

EINDE

32 Hoekom word Somalië die “horing van Afrika” genoem?



Datum:

Speel hierdie speletjie saam met 'n maat. Skiet 'n muntstuk op. Indien jy kop kry, skuif jy twee plekke vorentoe. Indien jy munt kry, skuif jy net een plek vorentoe. Beantwoord elke vraag waarop jy land. Kyk na die kaart om antwoorde te kry.

BEGIN


1. In watter land woon jy?
2. Noem een land in Afrika.
3. Watter taal word in China gepraat?
4. Noem twee Australiese diere.
5. Watter taal word in Australië gepraat?
6. Waar is die Eiffeltoring?
7. Noem een van die Groot Vyf-diere in Afrika.
8. Waar kom die piramides voor?
9. Wat is die geldeenheid van die VSA?
10. Wat is Suid-Afrika se nasionale voël?
11. Wat is die hoofstad van die VSA?
12. Wat is die hoofstad van Brasilië?
13. Wat is die hoofstad van Namibië?
14. Wat is die grootste land in die wêreld?
15. Watter land het die grootste bevolking?
16. Waar is wes op die kaart?



# 108 Soveel kulture




Jy gaan nou op jou eie navorsing doen.





In Suid-Afrika het ons baie verskillende kulture en godsdienste. Voer 'n onderhoud met iemand wie se godsdiens van joune verskil. Gebruik die vrae in die tabel hieronder en vul die antwoorde dan in die regterkantse kolom in.



| | |
|---|---|
| Wie word in hierdie godsdiens aanbid? | |
| Waar vind die aanbidding plaas? | |
| Hoe dikwels aanbid julle? | |
| Watter godsdienstige seremonies, feeste of dienste het julle? | |
| Hoe trek die mense vir hierdie geleenthede aan? | |
| Aanbid die mans en vroue saam? | |




Kies 'n land en raadpleeg verskillende bronne om antwoorde op die volgende vrae te kry.

| | |
|---|---|
| Waar is die land – op watter kontinent?<br>Merk die land op die kaart. | |
| Wat is party van hulle gewoontes? | |
| Watter ander interessante inligting kan jy nog opspoor? | |

Datum: ____________

# Trappe van vergelyking

Ons skryf




Christo | Jabu | Ajay

Voltooi hierdie trappe van vergelyking.

Christo het baie blomme.
Jabu het ____ blomme.
Ajay het die ____ blomme.

Christo se broek is lank.
Jabu se broek is ____.
Ajay se broek is die ____.



Bongi | Annie | Devi

Bongi is lank.
Annie is ____.
Devi is die ____.

Bongi het 'n groot boek.
Annie se boek is ____.
Devi se boek is die ____.

Bongi woon naby.
Annie woon nog ____.
Devi woon die ____.

Die rolprent was goed.
Daardie een was ____.
Die ander een was nog die ____.

Daar is 'n paar trappe van vergelyking wat jy sal moet onthou.

| | | |
|---|---|---|
| goed | beter | beste |
| vroeg | vroeër | vroegste |
| naby | nader | naaste |
| hoog | hoër | hoogste |

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 109 Ons behoort aan een familie



Ons lees



## Ons woon almal op die planeet Aarde

Ons is almal aardbewoners. Ons woon orals, in oorbevolkte stede en op klein dorpies. Ons woon op wit ysvelde en in groen, warm woude. Ons lewe in woestyne, teen berghange en op eilande in die see.

Ons het vele verskillende kleure. Party van ons het warm, ligbruin velle soos sonlig op sand. Party van ons het donkerbruin velle soos ryk sjokolade. Ander het rosige pienk velle soos die lug teen dagbreek. En party van ons se velle wys 'n tikkie rooi. Ons oë en hare het ook verskillende kleure. Ons het blou oë, bruin oë, grou oë of groen oë. Ons hare is blond of bruin of rooi of swart. Dit kan reguit wees of krullerig.

Ons het allerhande vorms en groottes. Party van ons is lank en ander is kort. Daar is dié wat maer is en ander wat mollig is. Ons het verskillende lewenswyses en baie uiteenlopende oortuigings en gewoontes. Ons hou van verskillende soorte kos. Ons bou ons huise op verskillende maniere. Ons behoort aan baie verskillende families, groepe, stamme en nasies.


Maar ons is ook eners in baie belangrike opsigte. Ons het almal kos nodig om te lewe.

Ons wil almal veilig, gemaklik en gelukkig wees. Ons het almal liefde en vriendskap nodig. Ons hou almal van mooi goed.



En ons behoort almal aan een groot familie – die menslike familie van meer as 7 biljoen mense. Ons het almal dieselfde voorouers. Ja, ons is almal inwoners van die planeet Aarde, en ons het ons oorsprong hier, in Suid-Afrika, gehad.

(Bron: *World book: Childcraft*, vol. 8:7, verwerk)



Ons skryf

Die outeur noem sewe verskillende soorte plekke waar mense woon. Maak 'n lys daarvan.

Noem die vier opsigte waarin mense volgens die skrywer verskil.

In watter opsigte is ons almal dieselfde?

Omkring 5 meervoudswoorde in die leesstuk. Skryf hulle in jou klaswerkboek en skryf langs elke meervoud die verkleinwoord neer. Gebruik die verkleinwoorde nou om goeie, beskrywende sinne in jou klaswerkboek te skryf.

Datum:

Ons lees

Alle mense het kos, klere en skuiling nodig om aan die lewe te bly. Ons eet egter nie dieselfde soorte kos nie. Ons dra nie dieselfde klere nie, en ons woon ook nie in dieselfde soorte huise nie. Ons gesinne en families verskil ook.

Chloe behoort aan die Inuïetstam. (Tevore is hulle die Eskimo's genoem.) Sy is 12 jaar oud. Sy woon in die noorde van Kanada. Sy en haar gesin woon in die koudste deel van die wêreld, en hulle dra klere wat van dierevelle gemaak is om warm te bly. Hulle eet walvisvet en die vleis van bere en robbe. Die ryk vet in hierdie kosse help hulle om hul liggaamshitte te behou. In die verlede het die Inuïet in sneeu-igloes of tente van dierevelle gewoon. Vandag woon hulle in verhitte huise.






John woon in Engeland. Hy is nou 13, en hy gaan al skool vandat hy 3 jaar oud was. Hy hou van vis en skyfies. Hy dra skooldrag en ry in die somer per fiets skool toe. Hy is mal oor sokker.

Rut woon in Israel, op 'n kibboets, 'n soort gemeenskaplike plaas. Sy is 11 jaar oud. Op 'n kibboets woon die ouers en kinders nie saam nie. Die ouers woon in 'n huis vir volwassenes en die kinders bly in 'n kinderhuis. Rut gaan op die plaas skool en eet middagete by die skool.





Adel is 13 en woon op 'n dorp in Maleisië. Die dorp het net een huis. Hulle noem dit 'n "lang huis", en dit kan tot 50 gesinne huisves. Die gesinne kies 'n hoof vir hulle lang huis.

Kwi is 7 jaar oud. Hy woon in die woestyn in Botswana. Hy is 'n lid van die Sanmense. Sy pa jag wilde diere vir voedsel. Wanneer Kwi ouer is, sal hy na 'n koshuis toe gaan. Op die oomblik leer hy sy geskiedenis deur die liedjies en stories wat sy familielede hom vertel.





Kofi is 11 jaar oud en kom van 'n dorpie in Ghana. Hy woon saam met sy ma en sy ma se ma in 'n Asjanti-huis. In hierdie huis noem Kofi al die vroue "ma", en is al die kinders sy broers en susters.

Ons skryf

Vul die tabel in. Gebruik die inligting uit die beskrywings hierbo.

| Naam en ouderdom | Land | Iets oor sy of haar kultuur |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

ONDERWYSER: Teken Datum

# Mevrou Ples en Little Foot



Ons woon op 'n planeet wat gedurig besig is om te verander. Partykeer word die veranderinge deur natuurkragte soos aardbewings en die beweging van die oseane veroorsaak. Soms word die skade egter deur mense aangerig deurdat ons riviere en oseane besoedel en reënwoude verwoes. Al hierdie veranderinge veroorsaak dat ons iets verloor wat jou kinders dalk nooit sal sien nie, soos die reënwoude of koninklike diere soos die Bengaalse tier, wat byna uitgesterf het.

Ons moet ons erfenis vir toekomstige generasies bewaar – vir jou kinders en kleinkinders.

http://en.werkboekpedia.org.work.sterkfontein

Yahoo! | Google-kaarte | YouTube | Wikipedia | Nuus (585) | Populêr

Telefoon: +1-615-668-5422 E-pos ons

werkboekpedia

Snelskakels | Wat is 'n erfenisterrein? | Ander erfenisterreine | Die mensdom het sy oorsprong in Suid-Afrika gehad | Robbeneiland-erfenisterrein



## Wat is 'n erfenisterrein?

**Die Verenigde Nasies se Organisasie vir Wetenskap en Kultuur (UNESCO) vra dat regerings hulle moet laat weet watter terreine in hulle lande belangrik is, sodat die terreine bewaar kan word. UNESCO evalueer die terreine, en indien hulle belangrik genoeg is, word hulle tot Wêrelderfenisterreine verklaar.**

**Suid-Afrika het agt Wêrelderfenisterreine, waarvan Robbeneiland een is. Nog 'n belangrike terrein is die Wieg van die Mensdom, wat wetenskaplikes as die oorsprong van die mens beskou.**



## Waarom is hierdie terrein belangrik?

**In 'n grot wat aan Gauteng en Noordwes grens, naby Krugersdorp, is daar fossiele ontdek. Daar word geglo dat hierdie geraamtes behoort het aan party van die vroegste ampermense wat op die aarde geleef het.**

## Hoe is die fossiele ontdek?

**Wetenskaplikes het in 1890 begin om die oorblyfsels van prehistoriese liggame op te grawe toe goudmynwerkers**

Datum:




- Omkring die afkortings in die leesstukke (bl. 94 en 95) met blou en die akroniem met rooi.
- Onderstreep 5 samestellings in die leesstukke (bl. 94 en 95) met groen en 5 afleidings met oranje.




google

Wat is ’n erfenisterrein? Soek

**berig het dat hulle baie fossiele ondergronds kry.**




**Die wetenskaplikes het fossiele gekry van die skelette van ampermense wat die aarde miljoene jare gelede bewandel het.**

**In 1947 het dr Robert Broom die skedel van ’n volwasse vrou, ’n prehistoriese ampermens wat *Plesianthropus transvaalensis* genoem is, in die Sterkfonteingrot gevind. Hierdie naam was moeilik om te onthou, daarom het die skedel ’n bynaam gekry, naamlik Mev. Ples.**


### Wanneer het sy geleef?

**Mev. Ples het miljoene jare gelede gelewe, voordat vuur ontdek of die eerste ystergereedskap gemaak is. Wetenskaplikes glo dat die eerste hominiede die voorsate van die modern mens was, en dat die menslike ras in hierdie omgewing ontstaan het.**

**Dit is waarom dit die Wieg van die Mensdom genoem word.**

### Watter ander bewyse het ons dat die eerste mense uit Afrika gekom het?

**In 1995 het ’n ander wetenskaplike, Ronald Clarke, die oorblyfsels van nog ’n hominied in dieselfde gebied ontdek. Hierdie skelet is Little Foot genoem, omdat voetbeentjies die eerste dele van die skelet was wat die navorsers ontdek het.**



**Weens die belangrikheid van hierdie ontdekkings het UNESCO die gebied rondom die grotte in 2000 tot Wêrelderfenisterrein verklaar.**

ONDERWYSER: Teken Datum

# 111 Ons erfenis




Bespreek hierdie vrae met jou maat, en skryf die antwoorde dan hier neer.

| Wat is 'n erfenisterrein? |
|---|
| |
| Waarom is die **Wieg van die Mensdom** vir ons as Suid-Afrikaners so belangrik? |
| |
| |




Lees weer die internetverslag oor die Wieg van die Mensdom, en maak dan 'n plakkaat om die Wieg van die Mensdom as Wêrelderfenisterrein te adverteer. Jy kan ook weer die koerantberig op bl. 10 lees om jou te help.

Jou plakkaat moet probeer om mense te oorreed om die Wieg van die Mensdom te besoek. Gebruik dus oorredende woorde en prentjies.

Datum:

# Nog 'n kyk na taal





Bespreek hierdie bywoorde van tyd met 'n maat. Hulle vertel ons wanneer of hoe dikwels ons dinge doen. Maak 'n sin met elkeen van die woorde om presies te wys wat elkeen beteken. Skryf jou sinne dan in die tabel hieronder neer.

| nooit | selde | soms | gewoonlik | dikwels | altyd |
|---|---|---|---|---|---|

0 — 2 — 4 — 6 — 8 — 10

| Frekwensie | Wat ek doen |
|---|---|
| altyd | |
| dikwels | |
| gewoonlik | |
| soms | |
| selde | |
| nooit | |




Omkring die werkwoorde in die volgende paragraaf met blou en onderstreep die hulpwerkwoorde met rooi.

**Werkwoorde** is die aksie- of doenwoorde wat in 'n sin voorkom.
**Hulpwerkwoorde** help ons om meer omtrent die werkwoorde te sê, bv. het, sal, moet, kan, mag, sou, moes, wou, kon.

Mev. Ples het miljoene jare gelede gelewe, voordat vuur ontdek of die eerste ystergereedskap gemaak is. Wetenskaplikes glo dat die eerste hominiede die voorsate van die modern mens was, en dat die menslike ras in hierdie omgewing ontstaan het.

Dit is waarom dit die Wieg van die Mensdom genoem word.




## Dubbelsinnigheid

Hierdie twee sinne het elkeen twee betekenisse. Werk saam met 'n maat uit wat hulle beteken. Teken 'n prentjie om elke betekenis uit te beeld.

| Die leeus het gewen. (dier/rugbyspan) | |
|---|---|
| | |

| Johan het vir Marié katkos gegee. (gevoer/oorhandig) | |
|---|---|
| | |

# 112 Beplan 'n pamflet




Skeur die teenoorstaande bladsy uit en vou dit om 'n toerismebrosjure te maak. Ontwerp die brosjure om die Wieg van die Mensdom of enige ander Wêrelderfenisterrein te adverteer. Onthou om beskrywende woorde in jou paragrawe te gebruik.

**Beplan** jou toerismebrosjure op die onderstaande grafiese organiseerder. • Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. • Laat 'n maat jou werk **hersien**. • **Korrigeer** spelfoute en punktuasie. • Skryf jou finale weergawe op die toerismebrosjure wat jy uitgeskeur het.

Jy sal die webblad moet besoek om inligting te gaan soek. Jou voorblad behoort die ligging van die terrein te wys en 'n leuse of slagspreuk te bevat. Teken op elk van die ander bladsye 'n prent en skryf 'n beskrywing van wat die besoeker sal sien.

Onthou om die adres van die terrein asook inligting oor toegangsgeld en openings- en sluitingstye in te sluit.

**1**

Wat gaan jy op jou voorblad plaas?

Wat gaan jou leuse/slagspreuk wees?

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

**2**

Skryf relevante inligting.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

**3**

Skryf relevante inligting.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

**4**

Skryf relevante inligting.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

**5**

Skryf relevante inligting.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

**6**

Verstrek jou kontakbesonderhede en adres.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

5

AGTERBLAD: Algemene inligting soos jou telefoonnommer, adres en e-posadres.

6

VOORBLAD: Vou vorentoe.

1

2

3

4

Inhoud

# Tema 8: Vriendskap en omgee




## Week 5 - 6: Storietyd

**113 Die biblioteekmonster** 102
Lees 'n fiktiewe teks.
Identifiseer hoofwerkwoorde en hulpwerkwoorde in die teks.
Bespreek vrae op grond van die teks.

**114 Wie eet ons boeke?** 104
Lees 'n fiktiewe teks.
Identifiseer byvoeglike naamwoorde in die teks.
Bedink 'n einde vir die storie en voer 'n rolspel daaroor op.
Skryf die beste einde vir die storie neer.

**115 Boekeweek** 106
Soeklees die teks en beantwoord 'n vraag op grond van die teks.
Teken 'n prentjie van 'n dinosourus.
Skryf 'n dagboekstukkie oor die storie.
Identifiseer basiswoorde, afleidings en samestellings.
Verbind idiome met hul betekenisse.

**116 Skryf 'n resensie** 108
Beplan 'n resensie aan die hand van 'n organiseerder.
Skryf die resensie.

**117 Die kinders gaan kampeer** 110
Lees 'n fiktiewe teks.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Identifiseer sinonieme vir bepaalde woorde.

**118 'n Veldavontuur** 112
Beantwoord vrae op grond van die storie in die vorige werkkaart.
Verbind oorsake met hul gevolge.
Skryf vier paragrawe oor 'n kampeerervaring.

**119 Blindheid het my nie gekeer nie** 114
Lees 'n outobiografie.
Stel 'n tydlyn van gebeure op.
Skryf sy of haar naam in Braille.

**120 Nog 'n kykie na taal** 116
Verbind die werkwoorde met die korrekte prente.
Identifiseer bywoorde en dui die soorte aan.
Identifiseer die intensiewe vorme van byvoeglike naamwoorde.

## Week 7 - 8: Gedigte vir kinders

**121 Maandag-malligheid** 118
Lees 'n gedig.
Dramatiseer die gedig.
Identifiseer die rymwoorde in die gedig.
Beantwoord vrae op grond van die gedig.
Voorsien voorbeelde van verskillende vorme van beeldspraak.

**122 My eie gedig** 120
Gebruik 'n geheuekaart om haar of sy eie gedig te beplan.
Skryf sy of haar eie gedig volgens die skryfproses.

**123 Rooikappie en die wolf** 122
Lees 'n gedig.
Beantwoord vrae op grond van die gedig.
Voer 'n rolspel oor die gedig op.

**124 Limerieke** 124
Lees 'n paar limerieke.
Beantwoord vrae op grond van die limerieke.
Skryf sy of haar eie limerieke.


**125 Pret met poësie** 126
Lees 'n gedig.
Verbind woorde met hul betekenisse.
Beantwoord vrae op grond van die gedig.

**126 Nuwejaar!** 128
Lees 'n gedig.
Beantwoord vrae op grond van die gedig.
Beskryf wat hy en sy gedurende die jaar gedoen en geleer het.
Beskryf planne vir volgende jaar.

Kontrolelys 130









# Die biblioteekmonster



**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks handel.
- Vluglees die bladsy om vinnig meer te wete te kom.

**Terwyl jy lees**
- Kyk of jou voorspellings korrek was.
- As daar 'n deel is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.



Ons lees



"Dis Boekeweek, kinders!" sê mevrou Roos. Tumi en die res van die klas sit regop, in hulle skik. Boekeweek beteken kompetisies en **uitstappies** na die biblioteek op die dorp – en baie stories.

"Hierdie jaar se Boekeweektema is wilde diere," sê mevrou Roos. "Ons gaan dus plakkate maak en stories skryf oor **bedreigde** spesies wat in gevaar verkeer **om uit te sterf**. Onthou julle dat ons verlede week hieroor gepraat het?" Sy wys na prente wat teen die muur opgesit is.

"Sommige diere verkeer in gevaar omdat mense hulle jag vir hulle pels, ivoor of horings," sê Tumi, wat altyd alles weet. "En soms sterf hulle uit omdat hulle nie die regte kos kan kry om te eet nie."


"Jy's reg, Tumi," sê mevrou Roos.

"Dus, kinders," gaan sy voort, "begin solank aan plakkate en stories oor hierdie soorte diere dink."

Sommige kinders in die klas teken luiperds en pelsdiere soos jakkalse. Party teken renosters en olifante, en ander teken die dodo en die kwagga. Maar die meeste van hulle – Tumi ook – teken die dinosourus. Nie enige dinosourus nie, maar 'n baie spesiale een – die iguanodon, waarvan hulle die vorige week geleer het.

Tumi onthou die prentjie van die monster baie goed. Hy het twee kort voorbene en 'n kort, baie dik stert. Aan sy pote is vyf **stomp** tone. Hy het vyf vingers aan elke hand en 'n kort, horingagtige duim. Die iguanodon eet plante – en enigiets wat van plante gemaak is.

Al die skole van die omgewing neem aan die dorpsbiblioteek se Boekeweek deel. Die afgelope weke het die kinders reeds plakkate geteken en geverf, en dit sal na die biblioteek gestuur word.



Datum:




Nuwe woorde

Toe die dag aanbreek waarop die plakkate en stories by die biblioteek uitgestal gaan word, klim Tumi se klas in die bus en ry biblioteek toe.

Dis 'n koue wintersdag en die wind waai.

Toe hulle daar aankom, gaan hulle heel eerste hulle plakkate soek.

"Hier's myne!" sê Tumi. Op die plakkaat is 'n glimlaggende dinosourus met 'n blom in sy bek, om te wys dat hy plante eet.

"Hier's my storie oor die ysbeer!" sê Bongi.

"En hier's myne oor die renoster!" sê Christo trots.

Toe al die kinders daar is, sê mevrou Botha, die bibliotekaresse, "Ek het vir julle 'n verrassing."

Die kinders gaan op die vloer sit en wonder wat die verrassing kan wees. Toe gaan die deur oop en 'n ysbeer met 'n pragtige laslaponderbaadjie kom ingestap, gevolg deur 'n leeu en 'n pandabeer.

"Dis regte diere!" skree een kind.

"Nee, nee," sê 'n ander een. "Dis mense wat soos diere aangetrek is."

Die ysbeer doen 'n klein dansie en huppel heen en weer. Toe doen sy 'n rondte en groet al die kinders met die hand.






Onderstreep al die **hoofwerkwoorde** in die bostaande leesstuk met groen en die **hulpwerkwoorde** met oranje.




❖ Het julle 'n Boekeweek by julle skool of op julle dorp? Hoe werk dit?

❖ Tumi het twee redes gegee waarom diere uitsterf. Noem hulle.

❖ Het die dodo en die kwagga reeds uitgesterf, of is hulle nog bedreigde spesies? Weet jy hoe hulle lyk?

❖ Van watter aspek van Boekeweek hou Tumi die meeste?

❖ Watter soort dinosourus het die kinders reeds geken?

❖ Is die leeu 'n bedreigde spesie? Motiveer jou antwoord.

❖ Wat beteken die vetgedrukte woorde?



ONDERWYSER: Teken Datum

# Wie eet ons boeke?





Ons lees



Mevrou Botha maak haar net gereed om te begin lees toe die deur weer oopgaan en nog 'n figuur met 'n skubberige kop wat heen en weer swaai, ingestap kom.

"Is dit nie wonderlik nie!" sê een van die onderwysers. "Dis die heel beste kostuum van almal!"

"O, kyk," sê die kinders, "dis 'n iguanodon!"

"Wel!" sê mevrou Botha, "'n dinosourus!" Sy is 'n bietjie verbaas, want sy kan nie onthou dat sy 'n dinosouruskostuum bestel het nie.

Die dinosourus hop na die kinders toe asof hy na iemand soek. Toe merk hy vir Tumi heel agter op. Hy hop na Tumi toe en skud haar hand. "Hallo!" sê Tumi.

Al die kinders wil nou die dinosourus se hand skud, en hy stap rond en gee sy skubberige poot vir almal om te skud. Toe gaan hy langs Tumi sit. Hy gaap, sit sy kop op sy pote neer en raak aan die slaap. Tumi probeer om mevrou Botha van die dinosourus te vertel, maar sy wil hê dat Tumi moet wag totdat sy die storie van die ysbeer klaar gelees het.

Die iguanodon het ongeveer 130 miljoen jaar gelede geleef, het plante geëet, en het ongeveer 2 000 kg geweeg. Hy was byna 3 meter breed by sy heupe en 6 tot 10 meter hoog. Hy het sy naam gekry omdat sy tande soos dié van die iguana-akkedis gelyk het.

Tumi kan nie met aandag na die storie luister nie, want die eienaardigste geluide kom van die kreatuur langs haar. Die dinosourus snork! Die klanke word harder en harder. Almal kyk om om te sien wat aangaan.

"Ignoreer hom net," sê mevrou Botha.

Die storie is klaar en steeds slaap die dinosourus voort. Al die kinders staan op en begin na die boeke kyk. Mevrou Botha is besig om vir die kinders 'n boek oor voëls te wys, toe sy 'n stem agter haar hoor. Dis die skoolhoof.



"Jammer," sê die skoolhoof. "Ek het gemeen om vroeër in te loer. Het alles goed gegaan? Ek sien die kostuums het opgedaag."

"Maar ek dag dis jy wat die dinosouruskostuum aanhet, Meneer," sê mevrou Botha verward. "As dit nie jy is nie, wie is dit?"



Ons doen

Omkring die byvoeglike naamwoorde in bostaande leesstuk met blou.

Datum:




Nuwe woorde

"Ek het probeer om julle te sê," sê Tumi. "Ek het geweet dis nie iemand wat soos 'n dinosourus aangetrek is nie."

"O aarde!" sê iemand anders en wys na die boekrakke.

Die dinosourus is besig om 'n boek, *Groot oseane en riviere van die wêreld,* op te vreet.

Tumi probeer verduidelik. "Dis 'n iguanodon," sê sy aan mevrou Botha. "Hulle eet plante, en papier kom natuurlik van hout en hout van bome en bome is plante. Dis waarom hy van papier hou."

Die kinders kyk hoe die dinosourus hoofstuk ses van die boek oor oseane vreet.

"O genade," sê mevrou Botha, "dis glad nie goed nie."

Die dinosourus sien 'n nuwe stapel boeke. Die helderkleurige buiteblaaie is blink en hard.

"Kraak!" hap die dinosourus. "Kraak!" en die eerste storieboek verdwyn tussen sy reusekake.

Almal probeer dink aan 'n manier om die honger dinosourus van die boeke weg te lok.








Niemand wil hê dat hulle biblioteek deur 'n dinosourus opgevreet moet word nie. Wat kan die kinders in hierdie storie doen om die dinosourus van hulle biblioteek af weg te lok? Bespreek dit in groepverband en voer julle idees voor die klas op.





Nadat julle almal se idees gesien het, besluit wie s'n die beste is en skryf die oplossing neer. Nou het julle 'n slot vir die storie "Die Biblioteekmonster".

ONDERWYSER: Teken Datum

# 115 Boekeweek

**Ons skryf** Pas soekleesvaardighede toe en beantwoord hierdie vraag.



Watter gebeure is vir Boekeweek beplan?

**Ons doen** Hoe lyk die iguanodon? Lees die beskrywing in die storie en teken die dinosourus dan hier.



**Ons skryf** Verbeel jou dat jy een van die kinders in die storie is. Skryf 'n opsomming in die vorm van 'n dagboekinskrywing oor wat vandag in die biblioteek gebeur het. Skryf dit in die eerste persoon (gebruik "ek") en in die verlede tyd.



Liewe Dagboek,

Vandag het 'n monster in die biblioteek ingekom ...

Datum:



Ons skryf Hierdie woorde kom uit "Die Biblioteekmonster".

> Onthou jy nog hoe woorde gevorm word?
> Ons kry:
> - **Basiswoorde**
> - **Afleidings** (basis + voorvoegsel en/of agtervoegsel)
> - **Samestellings** (basis + basis)


1. Onderstreep die basisvorm van elke woord. Omkring die voorvoegsels dan met rooi en die agtervoegsels met blou.
2. Dui aan (□) of die woord 'n afleiding of 'n samestelling is.

| Woord | Afleiding □ | Samestelling □ |
|---|---|---|
| geweet | | |
| boekrak | | |
| reusekake | | |
| ontslae | | |
| storieboek | | |

Verbind elke idioom links met sy betekenis regs.

| Idioom | Betekenis |
|---|---|
| As die kat weg is, is die muis baas. | Agterdogtig raak. |
| Hond se gedagtes kry. | Jou met iets bemoei wat groot probleme kan veroorsaak. |
| Iemand laat bokspring. | Oor alledaagse dinge praat. |
| Oor koeitjies en kalfies gesels. | Wanneer die baas weg is, doen die onderhoriges wat hulle wil. |
| Jou kop in 'n bynes steek. | Iemand afransel. |

> **Letterlike taalgebruik** verwys na die letterlike betekenis van woorde of uitdrukkings.
> **Figuurlike taalgebruik** beteken om woorde te gebruik wat beelde (in konteks/sinsverband) in die gedagtes oproep.
> **Beeldspraak** is die gebruik van vergelykings, metafore, personifikasie, idiomatiese uitdrukkings, ens.





ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Skryf 'n resensie






Skryf 'n boekresensie oor 'n storie wat jy gelees het. Jy kan enige van die stories in jou werkboek ook gebruik.
Voltooi hierdie grafiese organiseerder om jou te help om jou resensie te **beplan**.

| | |
|---|---|
| Titel van die storie | |
| Skrywer | |
| **Agtergrond**<br>Waar en wanneer speel die strorie hom af? | |
| **Karakters**<br>Wie is die mense in die storie? | |
| **Intrige**<br>Wat gebeur in die storie? | |
| Is die storie feit of fiksie? | |
| **Tema**<br>Waaroor handel die storie? Wat is sy boodskap? | |
| Waarvan het jy gehou? | |
| **Aanbeveling**<br>Waarom sal jy die storie vir 'n maat aanbeveel? | |






Datum: ____________________

**Ons skryf**

Skryf die **eerste weergawe** van jou resensie in paragraafvorm in jou klaswerkboek. Laat 'n maat jou resensie **hersien**. **Korrigeer** waar nodig. Skryf die **finale weergawe** van jou resensie hier neer.



ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Die kinders gaan kampeer



Ons praat

- ❖ Wat is die groot verskil tussen soogdiere en reptiele?
- ❖ Hoeveel reptiele kan jy opnoem?
- ❖ Indien jy 'n onverwagte ontmoeting met 'n reptiel gehad het, vertel die klas daarvan.

Ons lees



Vusi loop net agter sy maat Kallie, wat besig is om die tent se ritssluiter oop te maak. Vusi wip soos hy skrik toe sy maat 'n bloedstollende gil uiter, en hy bots met Bongi, wat agter hom staan.

"S ... s ... slang!" skree Kallie terwyl hy vinnig retireer.

Vusi se pa, mnr. Mosoma, kom van die kampvuur af aangehardloop. "Hoe seker is jy dis 'n slang?" vra hy met 'n onderdrukte glimlag terwyl hy na die drie bewende kinders kyk.

"Sy tong flits in en uit, Pa, en hy lyk soos 'n yslike akkedis!" hyg Vusi.

"Wag julle almal asseblief net hier terwyl ek die flits gaan haal. Dalk is dit nie 'n slang nie."

Bongi raak aan Kallie se skouer. "Hoe kan dit nie 'n slang wees nie? Weet julle van enige ander dier wie se tong uit sy mond uitskiet?" vra sy.

Kallie en Vusi skud hul koppe. Hulle het nie 'n verduideliking nie. Mnr. Mosoma keer terug met 'n flits in die hand en 'n graaf in die ander. Hy roep vir Vusi na hom toe.

"Vusi, ek het die graaf gebring net om hom van ons weg te hou, nie om hom seer te maak nie," sê hy. "Hou jy net asseblief vir my die flits vas."

"Hoekom ek, Pa?" vra Vusi met 'n klein stemmetjie.

"Moenie bekommerd wees nie," sê sy pa, "ek sal voor stap."

Datum:

Mnr. Mosoma lig die tentflap met een hand op, en Vusi lig met die flits in die tent in. Die ander twee kinders kom ook 'n bietjie nader, maar hulle sorg dat hulle op 'n veilige afstand van die tent af bly.



"'n Veldlikkewaan. Maar hoe het hy hier ingekom? Het ek nie gesê julle moet die tentvloer aan die sykante vasmaak nie?"

Vusi kyk na sy tekkies en die ander twee kyk met 'n skouerophaling na mekaar. Soos gewoonlik was hulle die oggend te haastig. Vusi besluit dit is tyd om die onderwerp te verander.

"Wat is 'n veldlikkewaan, Pa? Kan hy byt of spoeg?"

Bongi is gefassineer deur die voorkoms van die reuseakkedis. In die flits se lig word 'n patroon van wit blokkies op sy skubberige swart vel duidelik. Hy het lang, swart naels aan al vier beplooide pote. Sy wip toe die dier 'n harde sisgeluid maak.

"Pasop, kinders, moenie met hom skoorsoek nie. As hy jou byt, laat hy nie sommer weer los nie," sê mnr. Mosoma.

"Jek!" brom Kallie terwyl hy verder uit die ligkring retireer.




Lees die storie weer en kry woorde of frases wat **sinonieme** vir die volgende woorde of frases is. (Onthou, sinonieme is woorde met min of meer dieselfde betekenis, soos **praat** en **gesels**.)

| | |
|---|---|
| skree | |
| agteruit beweeg | |
| enorme | |
| mompel | |
| moeilikheid soek | |

# ’n Veldavontuur






Lees weer die storie oor die veldlikkewaan en bespreek hierdie vrae met jou maat. Vul die antwoorde dan in die ruimtes hieronder in.

| In watter volgorde loop die kinders na die tent toe? | | |
|---|---|---|
| 1ste | 2de | 3de |
| Dink jy Vusi het al ooit ’n veldlikkewaan gesien? Waarom sê jy so? | | |
| | | |
| Waarom bots Vusi met Bongi? | | |
| | | |
| Is mnr. Mosoma bang vir reptiele? Gee redes vir jou antwoord. | | |
| | | |
| Hoe weet ons die kinders is bang vir reptiele? | | |
| | | |
| Hoe het die likkewaan in die tent ingekom? | | |
| | | |




Baiekeer wil ons oor die oorsaak en gevolg van iets praat. Om dit te kan doen, gebruik ons woorde soos **omdat**, **daarom**, **want** of **dus**. Verbind die sinne in die groen raam links met die oorsake of gevolge in die blou raam regs.

| | |
|---|---|
| Die likkewaan het in die tent ingekom. | Hy wou ’n flitslig gaan haal. |
| Die likkewaan het vasgekeer gevoel. | Hy het teen Vusi gebots. |
| Mnr. Mosoma het na die motor toe gegaan. | Hy het gedink hy sien ’n slang. |
| Kallie het ’n groot tree agteruit gegee. | Die kinders het nie die tentvloer vasgemaak nie. |
| Vusi het nog nooit ’n likkewaan gesien nie. | Hy het sisgeluide gemaak en sy tong in en uit beweeg. |

Skryf die saamgestelde sinne nou op die volgende bladsy oor. Gebruik voegwoorde soos **omdat**, **daarom**, **want** of **dus**.

Datum:




- Skryf vier paragrawe oor 'n keer toe jy gaan kamp het. (As jy nog nooit gaan kamp het nie, skryf hoe jy jou dit voorstel.)
- Gebruik die volgende woorde om jou te help.
- Gebruik die grafiese beplanner om jou paragrawe te **beplan**.
- Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek.
- Laat 'n maat jou werk **hersien** en **korrigeer** waar nodig.
- Skryf die **finale weergawe** netjies in jou klaswerkboek oor.

## My kampervaring

**tent graaf emmer water hout vuur driebeenpot muskiete boom rooibok reptiel hiëna alleen bang krieke grondpaaie wildpark plaas band vars lug voëls kwetter**

**Paragraaf 1:**
Waar is die kampeerplek en hoe lyk dit?

**Paragraaf 2:**
'n Onverwagte gebeurtenis

**Paragraaf 3:**
Hoe die gebeurtenis hanteer is

**Paragraaf 4:**
Die oplossing van die gebeurtenis

# 119 Blindheid het my nie gekeer nie




- Het jy al ooit gevoel dat jy moed wil opgee – dat dinge net eenvoudig te moeilik raak?
- Het jy probleme wat jou aandag van jou skoolwerk aftrek?




Kom ons lees 'n verhaal oor 'n kind wat nie tou opgegooi het nie.



Ek is in 1967 op 'n plattelandse dorpie in Venda, in die Limpopoprovinsie, gebore. Op die ouderdom van ses het ek masels gekry – 'n alledaagse kindersiekte. Ek was ongelukkig – daar was komplikasies en ek het blind geword. Ek het hopeloos, magteloos en verlore gevoel. Hoe kon ek ooit met my lewe voortgaan?

In 1973 het my ouers my by die Boseleskool vir Blindes ingeskryf. Daar het ek geleer om Braille te lees. Ek het die gehalte-onderrig wat ek daar ontvang het, ten volle benut. Ek het besef ek moet goed vaar in matriek. Skoolkinders besef nie altyd hoe belangrik dit is om hard te werk op skool nie, en dan kry hulle later in hulle lewens baie spyt.

Na skool, in 1987, het ek aan die Universiteit van die Noorde in Limpopo gaan studeer, en in 1991 het ek nagraadse studie aan die Universiteit van die Witwatersrand in Johannesburg aangepak. Ek wou aanvanklik 'n prokureur word. My ouma wou egter hê dat ek 'n onderwyser moes word. Sy was reg, want dit is eintlik my voorliefde.

In 1997 het ek 'n Fullbright-beurs ontvang. Dit het beteken dat ek Amerika toe kon gaan om 'n meestersgraad aan die Bostonse Kollege te verwerf. Ek was in die wolke. Ek, Obert Maguvhe, op 'n vliegtuig op pad na 'n plek wat baie ver weg was van my huis op 'n plattelandse dorpie in Venda! Die volgende stop sou Amerika wees! Ek kon my dit nie indink nie. Maar ek het op die vliegtuig geklim en die reis aangepak. In die VSA het ek alleen gewoon, en die tweejaarprogram binne slegs twaalf maande afgehandel. My professore het gedink ek is 'n uitsonderlike student en ek kon 'n hele jaar vroeër huis toe kom as wat ons almal verwag het.

Sewe jaar nadat ek van die VSA teruggekeer het, het ek my doktorsgraad aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Enigiets is moontlik as jy in jouself glo en bereid is om hard te werk.

Niks is onmoontlik nie! Iets wat my gehelp het om van jongs af in myself te glo, was die feit dat my pa van my verwag het om alles te doen wat siende kinders kon doen, soos om die beeste en bokke op te pas en onkruid in ons mielieland uit te trek. Snaaks genoeg, my beste vriend by Vhufuli was 'n dowe seun. Alhoewel ons nie vingertaal kon gebruik om te kommunikeer nie, het ons mekaar verstaan en het ons saam gespeel soos alle ander kinders.

Ons het diere en voëls gemaak van klei, ons het geswem, ons het die bokke gemelk en boom geklim. Al kon ek nie sien nie en kon my maat nie hoor nie, het dit nooit by my opgekom dat hierdie dinge ons enigsins minderwaardig maak nie.

In 2008 het ek by die Department van Basiese Onderwys aangesluit om 'n afdeling van die Kha Ri Gude-geletterdheidsveldtog te lei. Die veldtog is daarop gemik om 3,5 miljoen Suid-Afrikaanse volwassenes te leer lees en skryf, en my afdeling is in beheer daarvan om blindes in Braille te leer lees. Ons kan nie ons oë gebruik om te lees nie, ons gebruik ons vingers!

Ek was baie opgewonde toe ek in 2013 as Medeprofessor aan die Universiteit van Suid-Afrika aangestel is. In my nuwe pos word daar van my verwag om onderwysers op te lei om kinders met gestremdhede te onderrig. Dit is vir my wonderlik om ander mense te kan help.

My boodskap aan elke jongmens is om alles te leer wat jy kan terwyl jy op skool is. Moenie toelaat dat moeilike tye of hartseer jou onderkry nie. Almal van ons verdien ons drome, en al wat dit verg om hulle te verwesenlik, is harde werk!

Datum:




Voltooi hierdie tabel deur aan te dui wat in hierdie jare in Dr. Obert Maguvhe se lewe gebeur het. As jy nie al die besonderhede kan onthou nie, gaan lees weer die outobiografie. Werk self die jaartalle uit indien hulle nie spesifiek in die storie voorsien word nie.

| Jaar | Wat gebeur het |
|---|---|
| 1973 | |
| 1987 | |
| 1991 | |
| 1997 | |
| 2004 | |
| 2008 | |
| 2013 | |
| Watter spesiale boodskap het Obert vir alle jongmense? | |
| | |
| | |

'n Outobiografie is 'n storie wat iemand oor sy of haar eie lewe skryf. 'n Biografie word deur iemand anders geskryf. Obert het hierdie outobiografie spesiaal vir jou geskryf.






Wat is Braille?
Braille is 'n stelsel wat deur blinde mense gebruik word om met hulle vingers te lees en skryf. Elke letter van die alfabet word verteenwoordig deur 'n patroon van opgehewe kolletjies wat hulle met hul vingerpunte kan voel en herken. Die tabel hieronder wys jou hoe die Braille-alfabet lyk.



| ⠁ | ⠃ | ⠉ | ⠙ | ⠑ | ⠋ | ⠛ | ⠓ | ⠊ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | B | C | D | E | F | G | H | I |
| ⠚ | ⠅ | ⠇ | ⠍ | ⠝ | ⠕ | ⠏ | ⠟ | ⠗ |
| J | K | L | M | N | O | P | Q | R |
| ⠎ | ⠞ | ⠥ | ⠧ | ⠺ | ⠭ | ⠽ | ⠵ | |
| S | T | U | V | W | X | Y | Z | |

Skryf nou jou naam in Braille. Plaas die letters van jou naam in die onderste ry en die kolletjies vir elke letter in die boonste ry.

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Nog 'n kykie na taal








## Werkwoorde



Ons skryf

Vul die nommer van elke prentjie in langs 'n werkwoord wat daarby pas. Elke werkwoord mag net een keer gebruik word.

- ☐ kook
- ☐ doen
- ☐ drink
- ☐ bestuur
- ☐ eet
- ☐ gaan
- ☐ bou
- ☐ hou
- ☐ luister
- ☐ woon
- ☐ speel
- ☐ lees
- ☐ praat
- ☐ bak
- ☐ kyk
- ☐ dra
- ☐ ry
- ☐ blaas

| | | |
|---|---|---|
| 1 in 'n woonstel  | 2 'n fiets  | 3 van my hond  |
| 4 'n koek  | 5 Duits   | 6 'n Volkswagen  |
| 7 'n koerant  | 8 na die radio  | 9 na 'n teater  |
| 10 televisie  | 11 die kersies uit  | 12 tennis  |
| 13 blokkies  | 14 koffie  | 15 kitskos  |
| 16 aandete  | 17 huiswerk  | 18 brille  |

## Bywoorde

Bywoorde vertel ons meer van ander woorde. Daar word 4 tipes onderskei:

Bywoorde van **tyd** sê vir ons wanneer en hoe dikwels iets gedoen word, bv. nou, vandag, nooit.

Bywoorde van **wyse** sê vir ons hoe iets gedoen word, bv. pragtig, grasieus, swak, duidelik.

Bywoorde van **plek** sê vir ons waar iets gedoen word, bv. bokant, onderkant, hier, daar, binnenshuis.

Bywoorde van **graad** sê vir ons hoeveel of hoe min iets gedoen word, bv. baie, genoeg, byna.

Onderstreep die bywoorde in hierdie sinne en dui aan watter tipe bywoord elkeen is.

| Sin | Tipe |
|---|---|
| Jy moet daagliks jou huiswerk doen. | |
| Ek voel baie tevrede met die gedig wat ek geskryf het. | |
| Sit jou boek daar op die tafel neer. | |
| Skryf jou gedig netjies in jou boek. | |
| Jy moet soggens vroeg genoeg opstaan vir skool. | |




Verbind elke byvoeglike naamwoord met sy intensiewe vorm. Gebruik die intensiewe vorme dan in sinne.


| | | | |
|---|---|---|---|
| geel | blou | groen | wit |

| | | | |
|---|---|---|---|
| potblou | grasgroen | spierwit | goudgeel |

## Intensiewe vorme

**Intensiewe vorme** is byvoeglike naamwoorde waarmee ons meer gevoel as gewoonlik wil oordra, bv. **bloedrooi**.


# 121 Maandag-malligheid



Ons lees

Lees die gedig "Maandag-malligheid". Dramatiseer die gedig deur die klanke na te boots om die malligheid waarmee die Maandag begin, voor te stel.

Omkring die woorde wat rym met dieselfde kleure.





**Beeldspraak** beteken om 'n figuurlike betekenis oor te dra d.m.v vergelykings, metafore, personifikasie, idiomatiese uitdrukkings, ens.

'n **Vergelyking** vergelyk twee enerse goed met behulp van die woord "soos". Ons gebruik in vergelykings dikwels dierebeelde.

'n **Metafoor** vergelyk twee dinge deur te sê dat die een ding die ander ding is sonder om die woord "soos" te gebruik.

**Alliterasie** is wanneer opeenvolgende woorde met dieselfde letter begin om die aandag te trek.

**Assonansie** is die herhaling van vokale (klinkers) om 'n bepaalde stemming te skep.

**Personifikasie** is wanneer ons menslike/persoonlike eienskappe aan dooie dinge gee, bv. "Die wind huil om die hoeke".


## Maandag-malligheid

Ek word wakker van my wekker
dis nog vroeg, ek voel nie lekker.
Die hond se woef-woef
maak in my kop: doef-doef
Ek is laat en die kar toet al
die oggend begin sirkus-mal!

Die skoolklok lui skril
soos meisies wat gil.
Juffrou hou nie op raas
in haar klas is sy mos baas.
Pouse roep en soek die kinders mekaar
nie eers die interkom laat hul bedaar.

Uiteindelik is die dag verby
my ore steeds nie geraas-vry.
Tuis wil niemand die TV afsit,
nie eers as ons voor ete bid.
Net as ek slaap is dit doodstil
tot die wekker my weer wakker gil.

(Bron: Die *Platinum*-handboek vir Graad 6)





Datum:



Kyk weer na die gedig "Maandag-malligheid" en beantwoord die volgende vrae:

Uit hoeveel strofes bestaan die gedig?

Hoeveel versreëls is daar in elke strofe?

Dui die rymskema van die gedig aan.

Gee voorbeelde vir elk van die volgende soorte beeldspraak uit die gedig.

Alliterasie: ____________________


Assonansie: ____________________

Metafoor: ____________________

Vergelyking: ____________________

Wie is die spreker in die gedig?

Beskryf die emosies/gevoelens wat die spreker in die gedig beleef in jou eie woorde.






ONDERWYSER: Teken ________ Datum ________

# My eie gedig





Ons lees

Skryf nou jou eie gedig. Skryf dit oor ’n slim dier. Jou gedig moet uit 4 strofes of verse van 4 reëls elk bestaan.
Beskryf hoe die dier lyk en watter karaktertrekke hy het. Wat is uniek aan hom? Wat doen hy wat hom slim maak?
Bespreek die dier in groepverband. Gebruik hierdie geheuekaart om jou gedig te **beplan**. Skryf woorde neer wat hom beskryf. Voeg dan woorde by wat rym met die beskrywende woorde wat jy reeds het. Gebruik die woorde om jou te help om jou gedig te skryf. Gebruik die rymwoorde aan die einde van elke twee reëls.

Strofe 1: Fisiese voorkoms

Strofe 2: Karaktertrekke

Titel van gedig: ____________________

Strofe 3: Uniekheid

Strofe 4: Wat hom slim maak

Strofe 1:

Strofe 2:

Rymwoorde

Strofe 3:

Strofe 4:


Onthou om in jou gedig van beeldspraak gebruik te maak.
Skryf die **eerste weergawe** van jou gedig in jou klaswerkboek. Laat ’n maat dit **hersien**.
**Korrigeer** waar nodig.

Datum:



Ons skryf

Skryf die finale weergawe van jou gedig hier neer.



Teken ook 'n bypassende prent

ONDERWYSER: Teken Datum

# Rooikappie en die wolf





Ons lees

Almal ken die storie van Rooikappie en die wolf.

Lees hierdie gedig hardop in groepverband. Jy sal opmerk dat die gedig baie met die sprokiesverhaal ooreenstem, behalwe dat die digter 'n kinkel in die gedig invoeg deurdat Rooikappie haarself teen die wolf verdedig.

Gedigte bestaan uit strofes of verse. Elke strofe bestaan weer uit 'n aantal versreëls. Sommige gedigte het net een strofe terwyl ander uit meer strofes bestaan. Uit hoeveel strofes bestaan hierdie gedig?



Wolf beleef 'n gevoel
Sy maag is aan die woel.
Hy besluit om aan Ouma se deur te klop.
Ouma maak dadelik oop, hy't haar gefop.
Sy sien die skerp tande, die aaklige gryns.
"Mag ek inkom?" vra Wolfie geveins.
Arme Ouma skrik haar boeglam,
"Hy gaan my opeet!" roep sy bang.
En sy slaan die bal glad nie mis –
Hy maak van haar 'n smaaklike dis.

Maar Ouma was maar tingerig en klein,
En Wolfie kla, "Dit help nie my hongerpyn!
Ek het nog glad nie genoeg gehad,
Ek het byna niks daarby gebaat!"
Op en af stap hy in die huis,
En hy deursoek die hele kombuis.

Toe gee hy 'n harde, lelike lag.
"Ek gaan net hier wag
Tot Rooikappie kom,
en my intussen vermom!"

Kort daarna kom die meisie huis toe.
Sy stop. Sy staar. En sy sê toe:

"Ouma, waarom is jou ore so groot?"
"Sodat ek beter kan luister, soos dit hoort!"

Hy sit vir haar en kyk en dink
Hoe lekker sy tande weg gaan sink.
Vergeleke met die ou vrou
Gaan sy smaak soos kabeljou.
Rooikappie begin nader staan.
"Maar ouma, jy't dan 'n pelsjas aan!"

Datum:

"Nee," roep Wolf, dis verkeerd!
Jy't vergeet om te vra oor my tande so
wreed!
Maar ag nou ja, ongeag wat jy sê,
Ek gaan jou nou vir aandete hê."
Die dogtertjie glimlag en trek haar swart
belt styf.

Sy laat reën karatehoue oor die wolf se lyf.
Toe mik sy na die dier se kop,
En baie gou is hy diep in die sop.

'n Paar weke later, daar in die woud,
Kom ek Rooikappie teë, en dis lekker koud.
Sy lyk heel anders! Geen baadjie van rooi,
En met geen kappie opgetooi.
Sy sê: "Hallo, hoe gaan dit met jou?
Ek hoop jy sal van my wolfbaadjie hou."

(Roald Dahl, verwerk)





Ons skryf

Watter dele van hierdie gedig is soortgelyk aan die sprokie van Rooikappie?

Hoe verskil die slot van die gedig van dié van die sprokie? (Hoe verdedig Rooikappie haarself?)

Hoe weet ons dat die digter Rooikappie raakgeloop het? (Kyk na die laaste strofe van die gedig.)



Ons rolspeel

Beplan en berei 'n rolspel van die gedig in groepverband voor. Julle sal die volgende karakters nodig hê: Rooikappie, haar ouma, die wolf en die digter.

# Limerieke





## Ons lees


Lees hierdie limerieke en beantwoord dan die vrae.

**Vergelyking**

'n **Vergelyking** gebruik die woord **soos** om twee dinge wat eners is, met mekaar te vergelyk.

Voorbeeld: Hy is so trots soos 'n pou.






**Metafoor**

'n Metafoor vergelyk twee dinge deur te sê dat die een ding 'n ander ding **is.** Die woord "soos" word nie gebruik nie.


Voorbeeld: Sy het 'n hart van goud.



Daar was eens 'n knaap genaamd Klaas,
Hy dog hy weet baie maar ai tog helaas.
Hy glo dat 'n haai
Sou vlug as jy paai.
Toe swem hy die see in … arme dwaas!

'n Werker woonagtig in Koffiefontein,
Kom af op twee pragtige meisies so klein.
Hy sê met 'n sug,
Terwyl hy vryf aan sy rug
"Die bank waarop julle sit is pas gelym."





Daar was 'n jong vrou van die Kaap,
Sy kon net glad nie ophou gaap.
Sy't alles probeer,
Al maak dit ook seer.
En nou voel sy natuurlik 'n regte swaap.

Datum:

**Ons skryf**

Hoeveel reëls het 'n limeriek?

Watter reëls rym met mekaar?

'n Limeriek het die volgende eienskappe:


- Dit bestaan uit 5 reëls.
- Die rym is aabba.
- Dit is humoristies.

**Ons skryf**

Skryf nou jou eie limeriek wat so begin:

Daar was 'n jong vrou genaamd San,

Maak nou 'n lys van al die woorde wat met die laaste woord van die eerste reël rym – in hierdie geval **San**. Jou lys kan dalk woorde soos **Jan**, **kan** of **dan** insluit.



**Ons skryf**

Of probeer hierdie een, en gebruik woorde wat rym met **Ben**. Jy kan woorde soos **hen**, **pen** of **ken** gebruik.




Daar was 'n jong man genaamd Ben,

ONDERWYSER: Teken Datum

# Pret met poësie






Het jy al ooit 'n iguana gesien?

Hoe lyk hulle?

Hoe voel dit om aan een te vat?






Ek gaan stap
Met my iguana

Wanneer die temperatuur begin
Styg bo tagtig en nog vyf,
Kry my iguana lewe
In sy skubbelyf.

Dan gaan ek gou-gou see toe,
My iguana aan die band,
Daar klim hy op my skouer
Terwyl ons wandel langs die strand…

As iemand op ons afkom
gee hulle ons meer as een kyk,
ek en my iguana wat
oor die sand aanstryk,

Tot mense die polisie bel
Om 'n klag te lê
want mag mens 'n alligator
aan 'n leiband hê?

Dis oor die stekels op sy rug
dat mense dink hy's kwaai,
maar kielie hom onder die ken
dan lag hy dat hy kraai.

En ek weet my ou iguana
wil beslis gaan slaap
as hy sy nagklere aantrek
En begin te gaap.

En ek gaan stap
Met my iguana…

Met my iguana…
En my piranha…
En my chihuahua
En my chinchilla,
Met my gorilla,
My skoenlapperlarwe…
En ek gaan stap
Met my iguana…

*(Brian Moses, verwerk)*




Verbind die woorde links met die korrekte betekenisse regs. Spreek die dierename uit en luister na die klanke.

| | |
|---|---|
| piranha | klein knaagdier met 'n welige stert |
| chinchilla | groot aap |
| chihuahua | vis met skerp tande |
| gorilla | soos 'n krokodil maar met 'n korter snoet |
| skoenlapperlarwe | klein hondsoort |
| alligator | lyk soos 'n wurm en kan helderkleurig wees |

**Die VN voeg 'n paar iguanas by sy lys van bedreigde spesies**

22 Maart 2010 – Die Verenigde Nasies se Omgewingsprogram (UNEP) het verskeie reptiele by sy lys van bedreigde spesies gevoeg. Die doel van hierdie lys is om mense oor die hele wêreld te verbied om handel te dryf met diere wat deur uitwissing bedreig word.

Vier iguanaspesies is by die lys gevoeg. Beskermde iguanas word gevang en veral in Europa en die Verenigde State aan mense verkoop wat hulle as ongewone, eksotiese troeteldiere wil aanhou. Omdat hierdie iguanaspesies nou op die lys verskyn, kan regerings handel in die reptiele reguleer.




Lees die gedig weer aandagtig deur en beantwoord dan hierdie vrae.

| |
|---|
| Dink jy die skrywer gaan regtig met sy iguana stap, of is dit net 'n prettige gedig? Waarom sê jy so? |
| |
| |
| Die skrywer noem dat die temperatuur bo 85 °F styg. Hoeveel is dit in grade Celsius? |
| |
| Waarom dink jy sou mense dalk dink die iguana is 'n alligator? |
| |
| Sou jy verbaas wees as jy iemand met 'n troetel-iguana sien stap? |
| |
| |
| Sou jy die polisie bel as jy so iets sien? Waarom? |
| |

| Watter woorde rym ook in hierdie gedig? Noem vier pare rymwoorde. | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |

# Nuwejaar!





Ons lees

Lees hierdie gedig.

## Hoera! Hoera! Dis Nuwejaar!

Hoera! Hoera! Dis Nuwejaar!
'n Dag om te begin opnuut.
Daarom het ek klaar besluit
Om alles soos 'n kangaroe te geniet.

Of miskien sal ek leer vlieg,
Probeer om deur mure te loop.
Miskien om onsigbaar te word,
Of my onder 'n waterval te laat doop.

Ek sal myself elasties maak
En leer hoe om baie klein te word.
Of myself in water verander,
En in die wasbak se drein afstort.



Ek sal ander planete besoek,
Die vreemdste wesens ontmoet
Of na die verre verlede toe reis
Op 'n groot dinosourus se snoet.



Ek sal sommer dadelik begin.
Ja, dis die beste jaar ooit.
Hoera, want dis Nuwejaar!
En lekkerder was daar nooit!

*(Kenn Nesbitt, verwerk)*

Datum:

| Ek kan | | |
|---|---|---|
| 'n verhalende teks lees. | | |
| vrae op grond van 'n teks beantwoord. | | |
| 'n toepaslike slot vir 'n storie bespreek. | | |
| 'n einde vir 'n storie rolspeel en dit vir die klas aanbied. | | |
| 'n alternatiewe slot vir 'n storie bedink. | | |
| 'n dagboekinskrywing in die eerste persoon skryf. | | |
| die negatiewe vorm en kontraksies gebruik. | | |
| 'n storie of sprokie skryf en op die karakters, intrige, agtergrond en gebeure konsentreer. | | |
| sinne wat oorsaak en gevolg uitdruk, verbind. | | |
| voegwoorde gebruik. | | |
| 'n beskrywende paragraaf gebruik. | | |
| 'n biografie lees. | | |
| werkwoorde, bywoorde en voorsetsels identifiseer. | | |
| gedigte lees. | | |
| 'n gedig dramatiseer. | | |
| rymwoorde in 'n gedig identifiseer. | | |
| 'n gedig hardop lees. | | |
| 'n karakterbeskrywing bespreek. | | |
| vrae wat op 'n gedig gebaseer is, beantwoord. | | |
| 'n gedig skryf. | | |
| 'n rolspel oor 'n gedig opmaak. | | |
| limerieke lees. | | |
| vrae wat op limerieke gebaseer is, beantwoord. | | |
| 'n limeriek skryf. | | |
| voorbeelde van vergelykings voorsien. | | |
| voorbeelde van die onderskeie digmiddele (soos metafore) voorsien. | | |
| 'n formele brief skryf. | | |

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Jy is spesiaal.
# Jou hele liggaam is spesiaal.
# Jou liggaam behoort aan jou!



**NIEMAND behoort aan jou privaat liggaamsdele te raak nie.**

**As iemand aan jou privaat liggaamsdele raak, moet jy iemand daarvan vertel.**

**As iemand jou dinge laat doen wat jy nie wil doen nie, moet jy iemand daarvan vertel.**



**Jy kan hierdie nommers bel:**

**Kinderlyn: 0800 05 55 55**


**Life Line: 0861 322 322**

**SAPD se noodnommer: 10111**

**SAPD se misdaadstopnommer: 086 00 10111**


**Kinderbeskermingseenheid: 012 393 2359/2362/2363**

2. Cut out the planets. Attach a thin piece of string to each and hang them according to the correct number on the blue circle.





Planet Mobile:

1. Cut out the blue circle and paste this on to a paper plate or a stiff piece of cardboard.




3. Hang your planet mobile from the roof.


Sun
Pluto
Jupiter
Saturn
Venus
Mercury
Uranus
Neptune
Earth
Mars

Step 1: Cut all around on the black line

DEF

Step 2: Fold on the dotted line

OPQR

Step 3: Fold on the dotted line

Step 5: Cut off on the yellow line

ABC

Step 4: staple your book in the middle

STUV

KLMN

GHIJ

WXYZ

# My Telephone and Address Book



This book belongs to: